# 'N EVALUERING VAN TUGMAATREËLS IN DIE TRANSVAALSE PRIMÊRE SKOLE

**WILLIAM HENRY BAYLISS, T.O.D., VDO, BA, B.ED.**

**Skripsie voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad**
**Magister Educationis in Onderwysbestuur**
**in die Departement Vergelykende Opvoedkunde en Onderwysbestuur**
**aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**

Studieleier: Prof. I.J. Oosthuizen
Medeleier: Prof. P.C. van der Westhuizen
Hulpleier: Prof. G.T.S. Eiselen

Potchefstroom
November 1991

// DANKBETUIGING

Besondere dank en waardering word aan die volgende persone en instansies betuig:

- My studieleier, prof. I.J. Oosthuizen, vir sy positiewe gesindheid, aanmoediging en goeie studieleiding.
- My medeleier, prof. P.C. van der Westhuizen, vir sy sinvolle raad en bereidwilligheid om altyd behulpsaam te wees.
- My hulpleier, prof. G.T.S. Eiselen, vir sy behulpsaamheid ten opsigte van die juridiese aspek van die werk.
- Die Transvaalse Onderwysdepartement vir toestemming om 'n empiriese ondersoek (deur middel van vraelyste) in Transvaalse primêre skole te kan doen.
- Die skoolhoofde van die Transvaalse primêre skole wat die vraelyste sinvol en met positiewe gesindheid beantwoord het.
- Prof. D.P. Wissing vir die keurige taalversorging.
- Mev. Elsa Mentz vir statistiese hulp.
- Mev. Du Preez vir die tikwerk.
- My moeder en skoonouers vir hulle ononderbroke belangstelling en aanmoediging die afgelope twee jaar.
- My eggenote en twee kinders vir hulle volgehoue ondersteuning en bereidwilligheid om talle opofferinge te maak tydens die afgelope jare se studies.
- Laastens alle dank aan my Skepper vir die geleentheid om die talente wat ek van Hom ontvang het te kon ontwikkel. Sonder sy krag en genade sou hierdie werk nie moontlik gewees het nie.

*Met waardering en liefde*
*opgedra aan my eggenote, Rina,*
*my seun Ferdi en my dogter Janine.*

# OPSOMMING


## 'N EVALUERING VAN TUGMAATREËLS IN DIE TRANSVAALSE PRIMÊRE SKOLE

In hierdie skripsie word die evaluering van tugmaatreëls in die Transvaalse primêre skole ondersoek.

Die doel van hierdie navorsing is om te konstateer watter opvoedkundig-juridiese riglyne in ag geneem moet word by die uitoefening van tugmaatreëls, om te bepaal watter tugmaatreëls aangewend moet word by primêre skole, en om hierdie tugmaatreëls te evalueer.

Om hierdie doelwitte te bereik is 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek uitgevoer.

In die literatuurstudie is aandag gegee aan die evaluering van tugmaatreëls met verwysing na wette, regulasies en departementele handleidings. 'n Oorsig is oor die juridies-pedagogiese aard en wese van tugmaatreëls verkry veral ten opsigte van gesag, orde, dissipline en tug, die onderwysregtelike grondslag, die wesensaard van opvoedende tug, riglyne by tugmaatreëls, redes vir ongedissiplineerdheid en vorme van tuguitoefening.

'n Empiriese ondersoek het die probleme wat skoolhoofde in die primêre skool ervaar aan die lig gebring. Verder is vasgestel waar die leemtes in evaluering ten opsigte van tugmaatreëls voorgekom het en waar indiensopleiding toegepas kan word.

Ten slotte is die afleiding gemaak dat sekere hoofde nie in besit is van 'n onderwysbestuurskwalifikasie nie, dat hoofde versigtig moet wees met watter voorwerpe lyfstraf toegedien word, en wie leerlinge mag straf met toestemming van die hoof en waar, dat die dissiplinêre klimaat van skool en ouerhuis iets gemeen het, dat lyfstraf nie afgeskaf kan word nie, wat die oorsake van ongedissiplineerdheid in die skole is, en hoe die verbale en nie- verbale tugmaatreëls verfyn moet word in die skool.

Sekere aanbevelings is gedoen en riglyne is neergelê vir die evaluering van tugmaatreëls deur skoolhoofde in die Transvaalse primêre skole.

# ABSTRACT

## AN EVALUATION OF DISCIPLINARY MEASURES IN PRIMARY SCHOOLS IN THE TRANSVAAL

The purpose of this thesis is to look into and to investigate the evaluation of disciplinary measures.

Research has been done in order to:

- establish which pedagogical and juridical guidelines are to be considered when implementing disciplinary measures,
- to establish which of these measures are to be used in primary schools, and
- to evaluate such disciplinary measures.

To achieve these goals a literary study and an empirical investigation have been completed.

In the literary study specific attention has been paid to the evaluation of disciplinary measures with reference to laws, regulations and departmental guidelines.

A synopsis in connection with the juridical and pedagogical character of disciplinary measures has been completed especially as far as the following aspects are concerned: authority, order, discipline, the principles of judiciary education, the disposition of educative discipline, directives for disciplinary measures, reasons for pupils being undisciplined and forms of disciplinary measures.

An empirical investigation has clearly indicated problems experienced by principals of primary schools.

Limitations concerning the evaluation of disciplinary measures and ways of implementing in-service training, have been established.

It has been concluded that some principals do not possess of any qualifications in connection with educational management. Principals should establish which instruments are suitable

for corporal punishment, which teachers are allowed to inflict such punishment with the principal's consent and where such punishment should be administered.

The disciplinary climate in the school and that at home has much in common. Corporal punishment can not be done away with.

Principals should also try to ascertain the reasons for undisciplined conduct in schools and how verbal and non-verbal disciplinary measures can be sophisticated.

Guidelines have been laid down and recommendations have been made for the evaluation of disciplinary measures by principals in the primary schools in the Transvaal.

# INHOUDSOPGAWE

Dankbetuiging ..... i

Opsomming ..... iii

Summary ..... iv

Lys van tabelle ..... xiv

**HOOFSTUK 1 : ORIËNTERING** ..... 1

1.1 INLEIDING ..... 1

1.2 PROBLEEMSTELLING ..... 1

1.3 DOEL MET DIE NAVORSING ..... 3

1.4 NAVORSINGSMETODES ..... 3

1.4.1 Literatuurstudie ..... 3

1.4.2 Empiriese ondersoek ..... 3

1.4.2.1 Vraelys ..... 3

1.4.2.2 Populasie en steekproef ..... 4

1.4.2.3 Statistiese tegniek ..... 4

1.5 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING ..... 4

**HOOFSTUK 2 : DIE JURIDIES-PEDAGOGIESE AARD VAN TUGMAATREËLS** ..... 5

2.1 INLEIDING ..... 5

2.2 BEGRIPSVERHELDERING: PERSPEKTIEWE ..... 5

2.2.1 Gesag ........ 5

2.2.2 Orde ........ 6

2.2.3 Dissipline ........ 7

2.2.3.1 Despotiese dissipline ........ 7

2.2.3.2 Vrye dissipline ........ 8

2.2.3.3 Ware dissipline ........ 8

2.2.4 Tug ........ 8

2.3 DIE ONDERWYSREGTELIKE GRONDSLAE VIR TUGUITOEFENING ..... 9

2.3.1 Perspektief ........ 9

2.3.2 Skriftuurlike mandaat ........ 9

2.3.3 Statutêre mandaat ........ 9

2.3.4 Gemeenregtelike mandaat ........ 10

2.3.4.1 *In loco parentis* (in die plek van die ouer) ........ 10

2.3.4.2 Kwasie-judisiële bevoegdheid ........ 11

2.3.5 Gemeenskapsvolmag ........ 12

2.4 DIE WESENSAARD VAN OPVOEDENDE TUG ........ 12

2.4.1 Algemene gerigtheid (ten opsigte van gesagshandhawing en tug) ...... 12

2.4.1.1 Liefdevolle onderhoudvoering ........ 14

2.4.1.2 Liefdevolle saamwaag (vertroue in mekaar) ........ 14

2.4.1.3 'n Liefdevolle opname ........ 14

2.4.1.4 Die liefdevolle waardigheidsinoefening ........ 14

2.4.1.5 Liefdevolle ingryping ........ 15

2.5 RIGLYNE BY TUGMAATREËLS ........ 15
2.5.1 Juridiese riglyne ........ 15
2.5.2 Skoolreëls as gedragsdeterminant ........ 16
2.5.3 Balans ........ 17
2.5.4 Redelikheid ........ 17
2.5.5 Eenvormigheid ........ 18
2.5.6 Konsekwente toepassing ........ 18
2.5.7 Individualiteit ........ 18
2.5.8 Motief ........ 18
2.5.9 Empatie ........ 19
2.5.10 Die professionele gedrag van die onderwyser as determinant ........ 19
2.6 DIE ONGEOORLOOFDE TUGTIGINGSHANDELING ........ 20
2.6.1 Aanranding ........ 20
2.6.1.1 S v Meeuwis 1970 4 SA 532 (T) ........ 20
2.6.1.2 R v Scheepers 1915 AD 338 ........ 21
2.7 REDES VAN ONGEDISSIPLINEERDHEID ........ 21
2.8 RASIONAAL VIR TUGUITOEFENING ........ 22
2.8.1 Die skoolklimaat ........ 22
2.8.2 Die leerklimaat ........ 23
2.8.3 Die werkklimaat ........ 23
2.8.4 Die tol van onordelikheid ........ 24
2.8.5 Klimaat vir gesagshandhawing ........ 24
2.9 VORME VAN TUGUITOEFENING ........ 25
2.9.1 Verbale gesagshandhawing ........ 25

2.9.1.1 Sjuut-geluide ........................................ 25

2.9.1.2 Stemvolume, stemtoon en spraaktempo .................... 25

2.9.1.3 Sarkasme ........................................ 25

2.9.1.4 Humor as vermaning ........................................ 26

2.9.1.5 Algemene verbale bestraffing ........................................ 26

2.9.1.6 Berisping ........................................ 26

2.9.1.7 Blote dreigemente en waarskuwing sonder optrede .......... 26

2.9.1.8 Onbeheerste woede ........................................ 26

2.9.1.9 Histeriese uitbarsting/skreeu ........................................ 27

2.9.1.10 Rapportering van 'n leerling ........................................ 27

2.9.1.11 Telefoniese gesprek met ouer terwyl leerling teenwoordig is ..... 27

2.9.2 Isolering ........................................ 27

2.9.3 Nie-verbale seine ........................................ 28

2.9.4 Ontneming van voorregte ........................................ 28

2.9.5 Skoolsit ........................................ 28

2.9.6 Strafwerk ........................................ 28

2.9.7 Lyfstraf ........................................ 29

2.9.7.1 Juridiese begronding ........................................ 29

2.9.7.2 Reg van die onderwysbestuurder ........................................ 29

2.9.7.3 Doel van lyfstraf ........................................ 29

2.9.7.4 Massatugmiddel ........................................ 30

2.9.7.5 Die juridiese vereistes vir die toepassing van lyfstraf ......... 30

2.9.7.5.1 Reëls van natuurlike geregtigheid ................ 30

2.9.7.5.2 Bepalings van die kind se persoon ................ 31

2.9.7.5.3 Die liggaamsdeel waar lyfstraf toegedien mag word ... 31

2.9.7.5.4 Ontoelaatbare vorme van lyfstraf ................ 31

2.9.7.5.5 Instrument waarmee lyfstraf toegedien moet word .... 31

2.9.7.5.6 Verslagdoening ................ 31

2.9.7.5.7 Die strafboek ................ 31

2.9.7.5.8 Samevatting ................ 32

2.9.8 Skorsing van leerlinge ................ 32

2.9.8.1 Juridiese vereistes van skorsing ................ 32

2.9.8.2 Wetteregtelike oortredings ................ 33

2.9.8.3 Oorweging van skorsing ................ 33

2.9.9 Uitsetting en uitsluiting ................ 34

2.10 SAMEVATTING ................ 34

**HOOFSTUK 3 : EMPIRIESE ONDERSOEK ................ 36**

3.1 INLEIDING ................ 36

3.2 NAVORSINGSONTWERP ................ 36

3.2.1 Die vraelys as meetinstrument ................ 36

3.2.1.1 Voordele van die posvraelys ................ 36

3.2.1.2 Nadele van die posvraelys ................ 37

3.2.2 Loodsondersoek en finalisering van vraelys ................ 37

3.2.3 Konstruksie van vraelyste ................ 37

3.2.4 Indeling van skole in strata ..... 38

3.2.5 Administratiewe prosedure (Transvaalse Onderwysdepartement) ..... 38

3.2.6 Populasie en steekproef ..... 38

3.2.7 Vraelyste uitgestuur en terugontvang ..... 40

3.2.8 Statistiese tegnieke ..... 40

3.3 INTERPRETERING VAN DATA ..... 40

3.3.1 Biografiese besonderhede ..... 41

3.3.1.1 Ouderdom van respondente ..... 42

3.3.1.2 Jare ondervinding as hoof ..... 42

3.3.1.3 Aanstelling as hoof ..... 43

3.3.1.4 Indeling van hoofde in kategorieë ..... 43

3.3.1.5 Onderwysbestuurskwalifikasie ..... 43

3.3.1.6 Geslag van respondente ..... 43

3.3.1.7 Profiel van respondente ..... 44

3.3.2 Demografiese besonderhede ..... 44

3.3.2.1 Aantal leerlinge in die skool ..... 45

3.3.2.2 Ligging van skool ..... 45

3.3.2.3 Gevolgtrekking ..... 45

3.3.3 Dissipline ..... 45

3.3.3.1 Dissiplinêre klimaat in skool ..... 45

3.3.3.2 Dissiplinêre klimaat by ouerhuis ..... 46

3.3.4 Juridiese determinante oor skoolreëls, lyfstraf, skorsing en uitsetting ..... 47

3.3.4.1 Juridiese determinante ..... 47

3.3.4.2 Skoolreëls ........................................ 49

3.3.4.3 Lyfstraf ........................................ 49

3.3.4.4 Skorsing en uitsetting ........................................ 49

3.3.4.5 Gevolgtrekking ........................................ 49

3.3.5 Tugmaatreëls ........................................ 50

3.3.5.1 Die motiewe vir straf ........................................ 50

3.3.5.2 Oorwegings vir die toediening van straf ........................................ 51

3.3.5.3 Oorsake van ongedissiplineerdheid in die skool ........................................ 52

3.3.6 Die toepassing van tugmaatreëls ........................................ 55

3.3.6.1 Liefdevolle teregwysing ........................................ 55

3.3.6.2 Verbale tugmaatreëls ........................................ 56

3.3.6.3 Nie-verbale tugmaatreëlsvorme ........................................ 58

3.3.6.4 Oorwegings by die toedien van lyfstraf ........................................ 59

3.3.6.5 Voorwerpe waarmee lyfstraf toegedien word ........................................ 60

3.3.6.6 Toediening van lyfstraf ........................................ 61

3.3.6.7 Straf van 'n onordelike klas ........................................ 62

3.3.6.8 Rekordhouding van lyfstraf ........................................ 63

3.3.6.9 Leerlinggesindheid by uitoefening van tugmaatreëls ........................................ 64

3.3.6.10 Leerlinggesindheid by die toediening van lyfstraf ........................................ 65

3.3.6.11 Sintese van die toepassing van tugmaatreëls ........................................ 66

3.3.6.12 Probleme wat skoolhoofde ervaar met die toepassing van tugmaatreëls ........................................ 66

3.4 SAMEVATTING .......... 67

**HOOFSTUK 4 : SAMEVATTING, BEVINDINGS, AANBEVELINGS EN EVALUERING VAN TUGMAATREËLS IN DIE PRIMÊRE SKOOL .......... 68**

4.1 SAMEVATTING .......... 68

4.2 BEVINDINGS .......... 68

4.2.1 Die bevindings op grond van die literatuurstudie .......... 68

4.2.2 Bevindings van die empiriese ondersoek .......... 69

4.3 'N EVALUERING VAN TUGMAATREËLS IN DIE SKOOL .......... 71

4.4 AANBEVELINGS .......... 73

4.4.1 Aanbevelings ten opsigte van die navorsing .......... 73

4.4.2 Aanbevelings vir verdere navorsing .......... 76

4.5 SLOTOPMERKING .......... 76

**BIBLIOGRAFIE .......... 77**

**BYLAE A**
Die vraelys .......... 83

**BYLAE B**
Brief aan die Departement van Onderwys en Kultuur .......... 96

**BYLAE C**
Brief van die Departement van Onderwys en Kultuur .......... 98

**BYLAE D**
Brief aan die hoofde van primêre skole .......... 100

# LYS VAN TABELLE

TABEL 3.1
Aantal vraelyste uitgestuur .......... 40

TABEL 3.2
Biografiese gegewens van hoofde .......... 41

TABEL 3.3
Demografiese besonderhede van skole .......... 44

TABEL 3.4
Dissiplinêre klimaat .......... 46

TABEL 3.5
Dissiplinêre klimaat .......... 46

TABEL 3.6
Juridiese determinante oor skoolreëls, lyfstraf, skorsing en uitsetting .......... 47

TABEL 3.7
Motiewe by straf .......... 50

TABEL 3.8
Die oorwegings in gedagte met oortredings .......... 51

TABEL 3.9
Faktore wat moontlike oorsake van ongedissiplineerdheid is .......... 53

TABEL 3.10
Liefdevolle teregwysing .......... 55

TABEL 3.11
Verbale tugmaatreëls ........................................................ 56

TABEL 3.12
Nie-verbale tugmaatreëlsvorme ........................................... 58

TABEL 3.13
Oorwegings by die toedien van lyfstraf ................................ 59

TABEL 3.14
Instrumente om lyfstraf toe te dien ..................................... 60

TABEL 3.15
Toediening van lyfstraf ...................................................... 61

TABEL 3.16
Straf van 'n onordelike klas ................................................ 62

TABEL 3.17
Rekordhouding van lyfstraf ................................................ 63

TABEL 3.18
Leerlinggesindheid by uitoefening van algemene tugmaatreëls ........... 64

TABEL 3.19
Leerlinggesindheid by die toediening van lyfstraf ............................ 65

# HOOFSTUK 1

## ORIËNTERING

### 1.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die probleemstelling en die belangrikheid van die navorsing uiteengesit. Die doel met die navorsing word aangetoon en die navorsingsmetode en die uitvoerbaarheid daarvan word verduidelik. Laastens word die verloop van die navorsing aangedui en 'n kort samevatting word gegee.

### 1.2 PROBLEEMSTELLING

Die taak van die hedendaagse onderwysleier is kompleks (Oosthuizen en Bondesio, 1988:66). Benewens sy taak as die professionele leier van sy onderwyspersoneel is daar ook besondere verantwoordelike take met betrekking tot die ouergemeenskap en spesifieke groepleiding gedurende die opvoedingsgebeure.

Tugmaatreëls by die skool is gegrondves op 'n hele aantal juridies-pedagogiese beginsels wat op 'n verweefde wyse rigtinggewend vir korrekte onderwyseroptrede is (Oosthuizen *et al.*, 1988:72). Dit is veral vir die onderwysbestuurder as personeelleier van groot belang om hiervan kennis te dra.

In hierdie taak van die opvoeder om die kind na volwassenheid te help begelei is sy rol as "in loco parentis" (letterlik: "in die plek van die ouer", die onderwyser staan dus as voog in die plek van ouers wanneer die kind vanuit sy ouerhuis beweeg om onder die beheer van die skool in te beweeg) van wesentlike betekenis (Oosthuizen *et al.*, 1988:66). Die roepingsbewuste onderwyser neem die ouerlike verantwoordelikheid op hom om die kind in 'n veilige ruimte na volwassenheid te begelei. Dit stel hom naamlik onder andere in staat om as sekondêre opvoeder orde te handhaaf deur die gebruikmaking van opvoedkundige tugmaatreëls.

Bester (1978:1-2) meld dat die meeste onderwysers byna daagliks op een of ander wyse met tugmaatreëls te make het.

Leerlinge is onvolwasse en beskik nog nie oor die nodige kennis oor wat reg of verkeerd is nie. Die leerling het daarom behoefte aan 'n leier en steunpunt om hom deur voorbeeld, woord en daad tot volwassenheid, dit wil sê innerlike gedissiplineerdheid, te bring (Cawood, Strydom en Van Loggerenberg, 1981:110).

God het die mens geroep om oor sy skepping te heers (beheer), dit te bewerk en te bewaar (Gen. 1:28). Daarom regeer (beheer) die mens alles wat in sy hand gegee word om oor te heers. Die mens kan iets reël omdat God dit reëlbaar geskape het (Van der Westhuizen, 1984:10). Daarom is dit nodig dat alle aktiwiteite van 'n skool gereël of bestuur word deur onder andere van spesifieke tugmaatreëls gebruik te maak. Volgens Van der Westhuizen (1984:10) is 'n besondere kenmerk van alle samelewingsverbande (i.e. die skool) dat hulle 'n gesagstruktuur (wat onder andere 'n struktuur van tug insluit) besit wat bevoeg en geroepe is om die lewe binne die betrokke verband sinvol te reël (bestuur). Daarom beskik die Christelike skool as samelewingsverband 'n eie karakter, ook wat gesagstruktuur betref. Die skoolhoof met sy adjunkhoof en departementshoofde behoort hierdie gesagstruktuur wat verfyn word in 'n tugstruktuur daagliks effektief te implementeer.

Die opvoeder moet daarna streef om ferm en beslis op te tree en sagmoedig en simpatiek te staan teenoor die steunbehoewende jeugdige presteerder en oortreder (Kruger en Krause, 1968:247). Berisping, isolasie, skoolsit, strafwerk by die huis, die ontneming van voorregte, tydelike of permanente skorsing en lyfstraf is enkele tugmaatreëls wat aangewend kan/mag word. Afgesien van die voorgaande liefdevolle ingryping is daar ook noodwendige tugkategorieë soos byvoorbeeld liefdevolle onderhoudvoering, saamwaag en opname in die klaskamer, en ook liefdevolle vaardigheidsinoefening. Tug is nie afbrekend nie, maar opbouend.

Benewens die opvoedende riglyne wat aan die wortel van tugmaatreëls lê, is daar ook die *juridiese riglyne*. Die probleem is egter dat die onderwysbestuurder meestal nie onderlê is in hierdie juridiese riglyne nie (Oosthuizen en Bondesio, 1988:28).

Die onlosmaakbare probleem wat hieruit voortvloei, is die gevolglike onkunde wat sodanige hoof het van die riglyne wat hy in ag moet neem by die uitoefening van tugmaatreëls. Dit gee aanleiding tot allerlei konfliksituasies tussen onderwyser, ouer en kind. Voordat hierdie probleem aangepak word, behoort daar eers besin te word oor die juridies-pedagogiese riglyne vir die uitoefening van tug op skool.

Uit die voorafgaande blyk die probleme van die navorsing te wentel rondom die volgende twee vrae:

- Wat is die juridies-pedagogiese aard van tugmaatreëls?
- Watter tugmaatreëls kom in primêre skole voor?

## 1.3 DOEL MET DIE NAVORSING

Die doel van die navorsing is:

- om te konstateer watter opvoedkundig-juridiese riglyne in ag geneem moet word by die uitoefening van tugmaatreëls;
- om te bepaal watter tugmaatreëls aangewend word by primêre skole;
- om hierdie tugmaatreëls en hulle toepassing te evalueer.

## 1.4 NAVORSINGSMETODES

### 1.4.1 Literatuurstudie

Daar word van primêre en sekondêre bronne gebruik gemaak om die nodige juridiese en pedagogiese inligting te verkry. Gegewens wat versamel word, sal geweeg en geëvalueer word, waarna daar tot enkele gevolgtrekkings gekom sal word. 'n Dialog-soektog is onderneem. Die volgende trefwoorde is gebruik: "principal, head, principalship, leader, staff development, school management, corporal punishment, punishment, discipline, punish, chastisement, penalty, authority". Primêre bronne soos wette, regulasies en departementele handleidings sal bestudeer word.

### 1.4.2 Empiriese ondersoek

#### 1.4.2.1 Vraelys

'n Loodsvraelys is ontwerp en aan drie hoofde van primêre skole voorgelê. Nadat hulle dit voltooi het, is die finale vraelys opgestel en aan die hoofde van primêre skole in Transvaal gestuur.

Die doel van die vraelys is eerstens om inligting in verband met opvoeders se kennis betreffende juridiese aangeleenthede in skole vas te stel, en tweedens om die implementering van tugmaatreëls in die skool te evalueer.

#### 1.4.2.2 Populasie en steekproef

Al die hoofde van primêre skole onder beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement vorm die populasie (n = 472). Uit die populasie is 'n ewekansige steekproef getrek (n = 317). Stedelike, semi-stedelike en plattelandse skole is eweredig versprei.

#### 1.4.2.3 Statistiese tegniek

Deur middel van 'n SAS-rekenaarprogram is die data verwerk om frekwensies van die respondente se response te bepaal.

Met die gegewens wat uit hierdie vraelys verkry is, is afleidings gemaak betreffende die aard van tugmaatreëls by die betrokke skole. Op grond van hierdie inligting kan sekere aanbevelings gemaak word.

## 1.5 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING

In Hoofstuk 1 is die probleemstelling vasgestel. Tweedens is die doel van die navorsing uiteengesit en derdens is die navorsingsmetodes geskets.

In Hoofstuk 2 word die juridies-pedagogiese aard van tugmaatreëls in die primêre skool bespreek.

# HOOFSTUK 2

## DIE JURIDIES-PEDAGOGIESE AARD VAN TUGMAATREËLS

### 2.1 INLEIDING

Dit het in die vorige hoofstuk duidelik geword dat die sinvolle aanwending van tug ter wille van die reëlbaarheid van die skool as samelewingsverband onwegdenkbaar is. Die nodigheid vir juridies-pedagogiese riglyne vir die sinvolle toepassing van hierdie tugmaatreëls is ook aangeraak.

In hierdie hoofstuk word die fundamentele kategorieë en strukture van tug gedefinieer, geformuleer, beredeneer en geëvalueer. Verder gaan ook gekyk word na die algemene gerigtheid van tug. Die grondslag van opvoedende gesagshandhawing (wat ook tug inhou) sluit in die mandaat van die skriftuurlike, die statutêre en die gemeenregtelike (Oosthuizen en Bondesio, 1988:68; Bray, 1988:8).

In die hoofstuk sal ook aangetoon word dat die onderwyser as voog in die plek van die ouers optree wanneer die kind uit sy ouerhuis onder die beheer van die skool inbeweeg.

Vervolgens word die norme van tug en die vereistes vir gesagshandhawing (tug) bespreek.

Laastens word daar ook verwys na lyfstraf, skorsing (tydelik en permanent), uitsetting en uitsluiting van leerlinge en die gevolge daarvan.

### 2.2 BEGRIPSVERHELDERING: PERSPEKTIEWE

#### 2.2.1 Gesag

Die begrip *gesag* het 'n tweeledige betekenis:

- Dit is die reg om te beveel - vaderlike of ouerlike gesag.
- Dit is die reg om te regeer en gesagsgehoorsaamheid te verkry (HAT, 1979:273).

Smit en Kilian (1973:138) meen dat die gesagsverhouding nie afkomstig is van die persoon wat die gesag uitoefen nie, maar dat dit geleë is in die onderlinge verhouding tussen die gesagstoepasser en gesagsgehoorsame.

'n Bybelse verklaring van gesag moet gesien word in die lig van onder andere 1 Pet. 2:13-14 en Deut. 1:17. In 2 Kron. 19:6, word daar bepaal dat die gesagsdraer 'n dienaar van God is en dat die gesag 'n saak is wat van God is. Dit is God wat die gesagsdraer met gesag beklee het, want daar is geen gesag behalwe dié van God nie (Rom. 13:1). Daar kan dus met alle reg gesê word dat God die oorsprong van alle gesag is, en dus die gewer van alle gesag is wat deur die gesagsdraer gedra word (Van der Walt en Dekker, 1982:280). God beskik oor die "absolute gesag" en die menslike gesagsdraer oor die "gedelegeerde gesag" of "afgeleide gesag" wat deur God aan hom toegeken is (Van der Walt en Dekker, 1982:28).

Hieruit kan afgelei word dat gesag afkomstig is van God en dat God die oorsprong van alle gesag is. Gesag kan dus beskryf word as 'n onderlinge godgegewe/godsbepaalde verhouding wat bestaan tussen gesagsdraer en gesagsgehoorsame (Borst, 1980:21-22).

Samevattend is gesag dus die godgegewe reg waardeur die gesagsdraer se verhouding met die gesagsvraer tot gesagsgehoorsaamheid gereël word.

### 2.2.2 Orde

Die semantiese inhoud van *orde* is onder andere:

- Die verloop van dinge volgens vaste reëls.
- Volgorde van werk.
- Reëlmaat, netheid; rangskikking volgens 'n bepaalde stelsel (HAT, 1979:806).

Orde kan dus in die onderwys die reëlmatige verloop van dissipline, reëls, klasonderrig en eksaminering wees.

Hieruit kan afgelei word dat orde bepaal word deur ander invloede soos die volgorde van werk waardeur 'n atmosfeer geskep word waarin die onderrig doeltreffend kan plaasvind. Dit beteken dat orde bepland, gesistematiseerd en sonder enige haakplekke moet verloop.

Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, is dat orde die toestand van reëlmaat is wat geskep word waarin die leerling met belangstelling, selfwerksaamheid en gehoorsaamheid in die klaskamer kan werk.

In die didakties-pedagogiese situasie is die uitgangspunt dat dissipline net so noodsaaklik soos orde is, omdat geen individu kan maak soos hy wil nie.

### 2.2.3 Dissipline

Die woord *dissipline* het onder andere die volgende betekenisse:

- gehoorsaamheid aan gesag,
- ordelike gedrag (HAT, 1979:159).

Gunter (1979:130) sien dit as die hele proses van "hulpverlening, leiding, beïnvloeding ten goede, wegwysing, onderrig en oefening" in wat goed en reg is.

Volgens Oosthuizen en Bondesio (1988:70) is dissipline afgelei van die Latynse woord *discere*, wat beteken "om te leer", "kennis", "filosofiese skool", "opvoeding" en "tug".

Hiermee saam verwys Cawood *et al.*, (1981:168) dat dissipline uit die volgende kategorieë bestaan: Die skepping en bewaring van bepaalde toestande van werk, selfbeheersing, intelligente en gedwonge gehoorsaamheid, beoefening en aanleer van aanvaarbare gedragspatrone, voorbereiding vir volwasse burgerskap en die mate van beheer wat 'n onderwyser oor sy klas het.

Samevattend kan dissipline dus omskryf word as die atmosfeer van orde wat die leerling tot gehoorsaamheid roep aan die gesag wat oor hom gestel is sodat hy dan geleer en opgevoed kan word in sy begeleiding na volwassenheid.

Skooldissipline het betrekking op 'n lerende werkende groep leerlinge wat hulle besig hou met doelgerigte en gesistematiseerde leeraktiwiteite.

Die verskillende vorme van dissipline wat bestaan is despotiese (militaristiese) dissipline, vrye dissipline (vrygemaak van uiterlike gesag) en ware dissipline (innerlike gedissiplineerdheid).

#### 2.2.3.1 Despotiese dissipline

Dit impliseer 'n militaristiese dissipline wat meganiese gehoorsaamheid sonder enige weerstand vereis. Die kind verkeer altyd onder dwang vanweë sy vrees om in die moeilikheid te beland. Omdat die uitgangspunt hier vrees vir straf is, is daar geen geleentheid tot innerlike dissipline nie maar net vrees omdat hy bang is vir enige vorm van straf (Landman, 1978:346).

#### 2.2.3.2 Vrye dissipline

Teenoor despotiese dissipline lê vrye dissipline waarin die algehele emansipasie van die kind sy beslag kry. Die kind word heeltemal vrygemaak van uiterlike gesag en hy is vry om te handel soos hy wil (Cawood *et al.*, 1981:109). 'n Gerigtheid tot selfdissipline kom ook nie noodwendig hier voor nie. Skoolreëls is taboe en aspekte soos skooldrag word beskou as 'n inbreuk op die vryheid van die indiwidu.

#### 2.2.3.3 Ware dissipline

Ons vind dat leerlinge onvolwasse is in hulle emosionele, godsdienstige en willenslewens en hulle beskik nog nie oor daardie nodige kennis van, en seleksie vir wat reg of verkeerd is nie (Landman, 1978:346). Die kind het daarom 'n behoefte aan 'n leier en steunpunt om hom deur voorbeeld, woord en daad tot volwassenheid van (innerlike dissipline) te lei. Die innerlike dissipline lei ook tot selfdissipline (Du Toit, 1952:388; Landman, 1978:346; Wayson en Lasley, 1984:419-420).

### 2.2.4 Tug

Die woord *tug* het volgens die HAT (1979:1172) die volgende betekenisse:

- toestand van onderworpe te wees aan gesag of dissipline,
- bestraf, slae te gee.

Tug is afgelei van die Hollandse woord wat "trek", "nadertrek", "dring" en "nie dwing nie" beteken (Van der Walt en Dekker, 1982:291). Tug in opvoedingsverband beteken dus dat die kind nadergetrek moet word. Volgens Van der Walt en Dekker (1982:291) moet tug altyd gekenmerk word deur liefde, warmte, koestering en nie deur vergelding nie.

Tug het die bedoeling om die kind op die regte pad te bring (Spreuke 1:8). Tug het 'n edele en ruimer betekenis soos spreek uit die onderwysing van die spreukdigter: "My seun, luister na die tug van jou vader" (Spreuke 1:8). Tug is dus bou. Tug is ook noodsaaklik vir die sedelike en die godsdienstige ontwikkeling van die kind (Kruger en Krause, 1968:237).

Sodanige opvoeding gaan gepaard met korrekte tugbehandeling wat verskillende vorme kan aanneem (Oosthuizen, 1989).

Samevattend kan daar in die lig van die betekenisomskrywings afgelei word dat tug woorde van teregwysing, bestraffing, vermaning en berisping, sowel as vorme van straf (byvoorbeeld lyfstraf), insluit wat die onderwyser tot die kind rig om hom sodoende aan dissipline te onderwerp (Du Toit, 1945).

## 2.3 DIE ONDERWYSREGTELIKE GRONDSLAE VIR TUGUITOEFENING

### 2.3.1 Perspektief

Die grondslag van opvoedende gesagshandhawing is gebou op drie pilare. Dié drie pilare wat aan die onderwyser 'n mandaat of volmag gee, is die skriftuurlike, statutêre en die gemeenregtelike mandate.

### 2.3.2 Skriftuurlike mandaat

Die woord *skriftuurlik* beteken volgens HAT (1979:992), "ontleen aan, ooreenkomstig die Heilige Skrif, Bybels". Alle gesag het sy oorsprong by God wat die houer van finale en absolute gesag is (Van der Walt en Dekker, 1982:280).

Spreuke 20:30 wys daarop dat "'n pakslae 'n mens laat ophou kwaaddoen, dit laat jou selfs ophou dink aan kwaad."

Vergelyk Ef. 6:4: "En vaders moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil."

Hieruit kom ons tot die slotsom dat die skriftuurlike mandaat in die Bybel uiteengesit word, naamlik wat die "gesag" van God is en hoe dit beoefen moet word deur die "gesagdraer" en die "gesagsgehoorsame".

### 2.3.3 Statutêre mandaat

Die woord *statute*, soos verklaar deur die HAT (1979:1066), is die statute of wet van die betrokke wetgewende liggaam. Wetgewing is verordeninge wat deur 'n gemagtigde gesagsliggaam soos byvoorbeeld die parlement gemaak en saamgestel is. Onder statutêre middel/ maatreëls kry ons wette, regulasies, ordonnansies, bywette en ander voorgeskrewe reëls wat geld en nagekom moet word (Bray, 1988:8).

Die statutêre kernmomente waaruit die onderwyser se gesagsposisie na vore kom, bestaan uit drie vlakke soos uiteengesit in (Bray, 1988:8; Hosten, Edwards, Nathan en Bosman, 1979:231):

- Op die eerste of parlementêre vlak word ten opsigte van die onderwys in Artikel 112 (saamgelees met Artikel 64 van die Wet op Onderwysaangeleenthede, no. 70 van

1988) vermeld dat die wet die gesagsposisie van die onderwyser erken, en ook sy reg om leerlinge te hanteer, te dissiplineer en te skors.

- Op die tweede vlak word die Minister van Onderwys en die verskillende Direkteure van Onderwys genoem wat gesag tuisbring by die personeel deur middel van regulasies, omsendbriewe, omsendminute en beleidstukke soos die Handleidings van Algemene Skoolorganisasie (Bray, 1988:8).
- Op die derde vlak, dit is die skoolvlak en die skoolbeleid in besonder, neem die hoof die leiding om saam met die dagbestuur die skoolbeleid op te stel wat van toepassing is op die onderwyspersoneel, die leerlinge en die algemene skoolorganisasie van die skool (Oosthuizen, 1990:104; Bray, 1988:14).

### 2.3.4 Gemeenregtelike mandaat

Die gemenereg van Suid-Afrika is gebou op die Romeins-Hollandse reg en beïnvloed deur die Engelse reg.

Hieruit kan afgelei word dat die gemene reg 'n erflating van ons voorvaders is, wat statutêr nie vasgelê is in die wetboeke nie maar ongekodifiseer is; daarom word dit soms bestempel as die ongeskrewe deel van ons reg (Van Wyk en De Witt, 1982:173; Hosten *et al.*, 1979:184-194).

Een van die regsbeginsels wat binne die Suid-Afrikaanse onderwys geld en wat 'n gesagsposisie vir die onderwyser fundeer is die *in loco parentis*-beginsel.

#### 2.3.4.1 *In loco parentis* (in die plek van die ouer)

*In loco parentis* is 'n Latynse uitdrukking en beteken (letterlik vertaal) "in die plek van die ouer". Dit impliseer dat die onderwyser as voog (in die skool of koshuis) "in die plek van die ouers staan wanneer die kind vanuit sy ouerhuis beweeg om onder die beheer van die skool in te beweeg" (Oosthuizen en Bondesio, 1988:66).

In die Verenigde State van Amerika word die betekenis "In the place of the parent; instead of a parent; charged, factitiously with a parents rights, duties and responsibilities" hieraan geheg (Black, 1979:708).

Oosthuizen (1990:106) stem nie saam met Black (1979:708) dat 'n onderwyser die ouer vervang nie, want die onderwyser tree slegs in fisiese afwesigheid van die ouer op, en die ouer fungeer tuis as primêre opvoeder.

Die volgende kenmerke van die *in loco parentis*-beginsel word deur Oosthuizen (1990:105) genoem:

- Die persone wat *in loco parentis* staan, is die onderwyspersoneel en het die reg om tug uit te oefen.
- Onderwysers is verantwoordelik vir sorgsame toesig oor die leerlinge gedurende die tyd wat die leerlinge aan hulle sorg toevertrou is, en aanvaar juridiese aanspreeklikheid vir beserings van leerlinge.
- Die skool staan as 'n selfstandige samelewingsverband naas die huis wat 'n soewereine gesagsfeer binne sy eie kring handhaaf en die skool kan gevolglik op 'n selfstandige wyse tug uitoefen.

Hieruit kan afgelei word dat die tugreg van die onderwyser as 'n *in loco parentis*-persoon nie net in die klaskamer en op die skoolterrein gedurende skoolure van toepassing is nie, dit strek veel verder. Die onderwyser tree ook *in loco parentis* op teenoor die kind wanneer hy na skoolure aan *georganiseerde buitekurrikulêre aktiwiteite* op of weg van die skoolterrein deelneem.

### 2.3.4.2 Kwasie-judisiële bevoegdheid

Kwasie-judisiële bevoegdheid is onder andere die bevoegdheid wat 'n onderwyser het om binne perke van die reg sy diskresie uit te oefen om besluite by die uitoefening van tug te neem (Oosthuizen, 1990:109). Enkele voorbeeld is soos volg:

- Wanneer 'n leerling oënskynlik skuldig is aan 'n oortreding, kan die onderwyser - met inagneming van al die feite en omstandighede - besluit of die leerling wel skuldig is of nie.
- Indien die leerling dus 'n verskoning aanbied, kan hy (met inagneming van billikheidsoorwegings) besluit of die verskoning aanvaarbaar is.
- As gevolg van en in die lig van voorafgaande kan die onderwyser besluit of die leerling net vermaan of gestraf moet word, en watter vorm die straf moet aanneem.

Hieruit kan afgelei word dat kwasie-judisiële handeling nie in die hof plaasvind nie en ook nie deur 'n regsprekende amptenaar (byvoorbeeld 'n landdros) uitgevoer word nie. Daarom moet die handeling met groot omsigtigheid en deernis toegepas word en voldoen aan die reëls van natuurlike regverdigheid. Die reëls van natuurlike regverdigheid is die volgende (Wiechers, 1984:237; Bray, 1988):

- Wanneer die leerling se regte, voorregte of vryheid in gedrang kom, moet die leerling die geleentheid kry om sy kant van die saak te stel.
- Die onderwyser moet altyd redes gee vir die besluit wat hy neem.
- Die feite of oorwegings vir so 'n saak wat die leerling kan benadeel, moet aan hom meegedeel en verduidelik word sodat hy homself daarteen kan verdedig of verweer.
- Die onderwyser moet objektief staan teenoor enige saak en moet onbevooroordeeld in die uitoefening van sy diskresie wees.

### 2.3.5 Gemeenskapsvolmag

Die ouerhuis word as die primêre samelewingsverband gesien. Die skool word weer as 'n sekondêre opvoedingsinstansie gesien (Bondesio *et al.*, 1989:116).

Hieruit kan afgelei word dat tug in die huisgesin in gesinsverband plaasvind en in die skool in skoolverband. Tug vind in die skool volgens departementele voorskrifte plaas. Vervolgens word aandag gegee aan die wesensaard van opvoedende tug.

## 2.4 DIE WESENSAARD VAN OPVOEDENDE TUG

Die wesensaard van opvoedende tug word veral gekleur deur die gerigtheid of ingesteldheid van die besondere opvoeder wat tug uitoefen.

### 2.4.1 Algemene gerigtheid (ten opsigte van gesagshandhawing en tug)

Opvoedkundige tug fokus natuurlik primêr op die opvoedeling as individu en op die verskillende metodes wat met die toediening van straf gepaard gaan. Die gerigtheid by die persoon wat tug uitoefen, kan een van vergelding, voorkoming en verbetering wees (Snyman en Morkel, 1988:416).

Wanneer straftoediening vanuit 'n vergeldingsperspektief toegedien word (Oosthuizen, 1990:136) is die volgende kenmerke waarneembaar:

- Dit gee aan die oortreder die geleentheid om 'n nuwe blaadjie om te slaan (die "morele blaadjie uit te vee").
- Dit gee aan die oortreder die geleentheid om by die skoolgemeenskap sy skuld uit te wis.
- Dit help om die *wraaklus* wat by die skoolgemeenskap heers te versadig.

- Die toediening van straf dien ook om eieberegtiging te voorkom: Dit is om te voorkom dat 'n leerling 'n medeleerling self straf.
- Toediening van straf onder gepaste omstandighede word deur die gemeenskap as billik en reg beskou.

As die straftoediening vanuit 'n voorkomingsperspektief beskou word, staan verbetering veel nader aan die kern daarvan.

Hiermee word straf/tug aan 'n oortreder opgelê met die oog om in die toekoms die afwering of beperking van sulke oortredings te bewerkstellig.

Volgens Snyman en Morkel (1988:417) en Hosten *et al.* (1979:768) is die mees drastiese vorm van voorkoming om die oortreder "buite aksie te stel" deur hom van die skoolgemeenskap te verwyder - dit sluit skorsing of permanente verwydering in.

Wanneer toekomstige verbetering te midde van straftoediening staan, word opvoedkundige gesagshandhawing mettertyd verwesenlik. Die volgende belangrike kenmerke is waarneembaar (Oosthuizen, 1990:138):

- Dit is toekomsgerig, want die leerling kry geleentheid om rondom sy probleem te groei en te bou.
- Dit poog om primêr die verbetering van die individuele leerling ten doel te stel.
- Verder het dit ten doel om die herstel van die leerling as 'n goeie en voorbeeldige lid van die skoolgemeenskap daar te stel.
- Die toekomstige verbetering gaan nie primêr gepaard met vergelding nie, maar die straftoediening staan in die lig van verbetering.

Wanneer 'n leerling vir 'n oortreding gestraf word, dien die straf as middel om hom te leer om die bepaalde oortreding nie te herhaal nie en ook as afskrikmiddel vir die ander leerlinge.

Daar kan dus uit bostaande afgelei word dat gebalanseerde en billike opvoedkundige straftoediening, na gelang van elke besondere situasie, die vertrekpunt van die toekomstige verbetering van die individuele opvoedeling moet wees. Toekomstige verbetering is die vertrekpunt na liefdevolle hantering en teregwysing. Die volgende verfyningsvorme van liefdevolle teregwysing kan as 'n gerigtheid by tug onderskei word (Cawood *et al.*, 1981:115).

#### 2.4.1.1 Liefdevolle onderhoudvoering

Wanneer die leerling getug word, word daar eers 'n onderhoud met hom gevoer om vas te stel wat die oorsaak van sy oortreding was en om hom dan daarop te wys waar hy gefouteer het en hom dan te tug na gelang van sy oortreding.

#### 2.4.1.2 Liefdevolle saamwaag (vertroue in mekaar)

Wanneer 'n onderwyser sy leerlinge ken, behoort hy presies te weet wat die oorsake van hulle tekortkominge is. Die probleem word met die leerling bespreek en kan dus met liefdevolle vertroue reggestel word.

Die onderwyser neem die leerling aan die hand en probeer dus saam met hom om sy swakhede te oorbrug (byvoorbeeld om 'n leerling te help om verantwoordelikheid te ontwikkel).

#### 2.4.1.3 'n Liefdevolle opname

Die onderwyser in die primêre skool ken elke leerling in die klas van binne en van buite. Hy kan in werklikheid 'n opname van elke leerling in die klas se probleme en tekortkominge maak. Hy beskik oor kennis van die fisiologiese en ekonomiese faktore (swak gesondheid, sintuiglike gebreke, ongunstige ekonomiese toestande, geen ouerlike belangstelling nie, prestasie-bewuste ouers, gebrek aan dissipline en ouers met onstabiele persoonlikhede) waarmee die leerlinge moet saamleef.

In dié geval kan hy die leerling help om selfs met die ouers te reël om die Departementshoof van Opvoedkundige Leiding by die skool te kom spreek en om die probleem dan met liefde op te los (Cawood *et al.*, 1981:115; Oosthuizen *et al.*, 1988:70).

#### 2.4.1.4 Die liefdevolle waardigheidsinoefening

Om die leerling met eerbied en verdienste te behandel, is om dit met waardigheid te doen. Die leerkragte ontwikkel met jare se ondervinding sekere vaardighede en 'n slag om leerlinge se probleme op 'n heel liefdevolle wyse te hanteer sonder dat hy sy waardigheid moet inboet. Die leerling word dan bewus van spesifieke tugmaatreëls by die skool en hy besef dan dat hy vryheid binne sekere grense geniet.

#### 2.4.1.5 Liefdevolle ingryping

Liefdevolle ingryping vind plaas wanneer 'n leerling hom skuldig maak aan meer ernstige vorme van oortredings soos pligsversuim, die gebruik van vuil taal of diefstal en meer drastiese strafmaatreëls soos lyfstraf, skorsing en uitsetting. Die ingryping geskied op grond van inagneming van die omstandighede waaronder die oortreding begaan is.

Wanneer 'n leerling oortree het, en hy word liefdevol aangespreek of gestraf, sal hy tot die besef kom dat die ingryping of bestraffing deur woord of daad slegs uit liefde was.

Die opvoedkundige waarde van liefdevolle ingryping is om die leerling op 'n liefdevolle wyse op sy foute te wys, sy vertroue te wen en om hom vir die toekoms en volwassewording te vorm.

## 2.5 RIGLYNE BY TUGMAATREËLS

Wanneer die onderwyser oorgaan tot toediening van straf, is daar enkele riglyne waarby gehou moet word.

### 2.5.1 Juridiese riglyne

Eerstens is hier statutêre riglyne wat voorskriftelik is en vergestalt word in die betrokke onderwyswette en regulasies. Die vernaamste statutêre riglyne wat hier geldend is, is die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad, No. 70 van 1988), die Regulasies ingevolge hierdie Wet en die Handleiding op Algemene Skoolorganisasie.

Tweedens bestaan daar die riglyne wat uit die regspraak voortspruit (Oosthuizen, 1990:139). Volgens die HAT (1979:889) beteken die woord *regsprekend* "om die reg toe te pas". Volgens die Nasionale Woordeboek (1988:415) beteken *regspreek* "om 'n regterlike uitspraak te doen". Dit beteken gevolglik onder meer deur die reg te spreek en iemand tot verantwoording te roep.

Statutêre bepalings (departementele regulasies en handleidings) moet met die toediening van lyfstraf en skorsing stiptelik nagekom word. Enkele van die regsprekende riglyne vir lyfstraf en skorsing is onder andere (Oosthuizen en Bondesio, 1988:75-87; Bondesio *et al.*, 1989:91-93):

- Lyfstraf moet in alle situasies redelik hanteer word.
- 'n Onderwyser moet deeglik van alle tersaaklike feite bewus wees voordat lyfstraf toegedien word.
- Massastraf moet met groot omsigtigheid geskied en eers uitgeoefen word nadat deeglik ondersoek ingestel en vasgestel is wie die oortreders werklik was.
- Skorsing word as 'n drastiese maatreël neergelê wat met sorgvuldige nadenke uitgeoefen moet word.
- Om skorsing te gebruik om 'n leerling "tot sy sinne te skok" is nie in ons howe aanvaarbaar nie.

Hieruit word afgelei dat wanneer straf, skorsing of uitsetting ter sprake is, daar in diepte gelet moet word op die oortreding van die oortreder, die gevolge van die oortreding en die omstandighede waaronder die oortreding plaasgevind het.

### 2.5.2 Skoolreëls as gedragsdeterminant

*Reëls*, volgens HAT (1979:884) se verklaring, is die voorskrif of bepaling waarvolgens gewerk behoort te word.

Rich (1988:261) omskryf skoolreëls as algemene gebruike wat toegepas word, aangewend en gebruik word om die organisasie van die skool glad te laat verloop en sekere prioriteite daar te stel.

Van Wyk en De Witt (1982:91) wys daarop dat 'n primêre skool se reëls op die volgende sake betrekking het:

- die pligte en verantwoordelikhede van die personeel, prefekte, klasleiers, biblioteekprefekte en leerlinge,
- orde, dissipline en tugmaatreëls van die skool,
- didaktiese aangeleenthede (aanbieding van onderwys en onderrig).

Bondesio *et al.*, (1989:83) stem hiermee saam en voeg by dat die reëls van die skool ook geklassifiseer kan word op grond van die volgende kriteria:

- Die objek van die reëls (wat betrekking het op die reëls, tugmaatreëls, dissipline, orde en bestraffing ten opsigte van leerling, personeel en ouers).
- Die doel en inhoud van die reëls (reëls oor skooldissipline, skoolterrein en welsyn van leerlinge).

- Die aard van die reëls (sekere reëls is voorskriftelik, ander net riglyne; sekere reëls word dikwels gewysig, ander bly tradisie; sekere reëls geld vir een jaar, ander is tydelik of geld selfs per geleentheid).
- Die vorm van die reëls (sekere reëls is op skrif - T.O.D. bepaling van lyfstraf, terwyl ander nie op skrif is nie).
- Die uniekheid van sekere reëls (sekere reëls geld net by primêre skole alleen).
- Die uitwerking van reëls (sekere reëls het 'n groot uitwerking op die regte en voorregte van leerlinge ten opsigte van lyfstraf).

Skoolreëls kan dus so opgestel word dat dit plooibaar is, en, indien dit nie uitvoerbaar is nie, verander kan word totdat dit prakties en toepaslik is.

Hieruit kan afgelei word dat regulasies, wette en reëls vanuit 'n juridiese oogpunt beskou, die belangrike funksie het dat dit deur ordening die regte en belange van persone en groepe regverdig probeer reël.

Opsommend kan gestel word dat die doel van goed geordende reëls is om 'n veilige en 'n gesonde gedissiplineerde klimaat in die skool en in die klaskamer te skep en om oortreders van skoolreëls bloot te stel aan tugmaatreëls (Barth, 1980:399).

### 2.5.3 Balans

Volgens Snyman en Morkel (1988:419) sal daar 'n balans wees indien die faktore en feite wat met die omstandighede van die oortreding te make het aan die onderwyser bekend is en deur hom in ag geneem word. Hier volg enkele voorbeelde van goeie balans:

- Die aard en die omvang van die spesifieke oortreding van die oortreder moet aan die onderwyser bekend wees.
- Die besondere omstandighede waarin die oortreder verkeer het ten tye van die oortreding, behoort deur die onderwyser ondersoek te word.
- Die onderwyser behoort te weet wat die houding van die oortreder was jeens die skoolgemeenskap toe die oortreding begaan is.

### 2.5.4 Redelikheid

Redelikheid is volgens Bray, Van Wyk en Oosthuizen (1989:56) 'n maatstaf waaraan alle vorme van straftoediening gemeet word. Ten opsigte van byvoorbeeld lyfstraf moet seker

gemaak word dat dit redelik toegedien word na gelang van die aard van die oortreding. Die maatstawwe waaraan straftoediening gemeet word, is die volgende:

- die aard van die oortreding,
- die omvang van die lyfstraf,
- die instrument waarmee straf toegedien word, en
- die doel van en motief vir die lyfstraf.

### 2.5.5 Eenvormigheid

Gelyke oortredings behoort op eenvormige wyse gestraf te word (Snyman en Morkel, 1988:419). 'n Onderwyser het definitiewe riglyne, vorme van voorskrifte en reëls wat vasgelê en gehandhaaf moet word vir eenvormige straftoediening. Hierdie eenvormige en bestendige straftoediening lei tot vertroue en sekerheid by leerlinge (Oosthuizen, 1990:146).

### 2.5.6 Konsekwente toepassing

*Konsekwent* beteken (HAT, 1979:598) "wat vashou aan 'n beginsel". Hieruit kan afgelei word dat gedrag wat vandag onaanvaarbaar is môre ook onaanvaarbaar moet wees. In die reëlsisteem van die skool moet konsekwentheid vir sowel die leerling as die onderwyser beklemtoon word. Die leerling wil presies weet waar hy staan, en wat die omvang van die grense is waarbinne hy mag beweeg.

Van Wyk en De Witt (1982:95-96) wys daarop dat konsekwentheid 'n juridiese geldigheidsvereiste aan enige onderwyser stel ten opsigte van dissipline, tug, orde en straf (bestraffing).

### 2.5.7 Individualiteit

Volgens Oosthuizen (1990:146) is die uniekheid wat opgesluit lê in elke individuele situasie en elke individuele leerling die grondtrek van die werklikheid en 'n grondslag is vir regverdigheid en billikheid. Daarom moet tug geskied met inagneming van die individuele omstandighede en die betrokke individu.

### 2.5.8 Motief

Die straftoediener se motief moet nie toegeskryf word aan vergelding nie (dit is nie opvoedkundig regverdigbaar nie) maar op verbetering wat die deurslaggewende onderwyseroptrede moet wees (Oosthuizen, 1990:146, vergelyk ook 2.4.1).

### 2.5.9 Empatie

Empatie is die vermoë wat die onderwyser behoort te hê om hom in die plek van die oortreder te stel om sy reaksies en houding te begryp (Oosthuizen, 1990:147).

Die toediening van straf behoort dus "met die volle inagneming van menslike swakhede en gebreke" (Snyman en Morkel, 1988:420) te geskied om sodoende verbetering te bewerkstellig.

### 2.5.10 Die professionele gedrag van die onderwyser as determinant

Dit is belangrik dat die onderwyser daagliks 'n voorbeeld vir elke leerling in die skool moet wees en dat leerlinge self daarna moet streef om ook so te wees.

Hiermee sê Bondesio *et al.*, (1989:63) dat daar sekere vereistes is wat aan 'n professionele opvoeder gestel word:

- Die onderwyser moet kundig en vaardig wees ten opsigte van die eise van sy beroep. Hy moet oor die nodige kennis en kwalifikasies beskik en moet indien moontlik sy kwalifikasies verbeter en homself gedurig evalueer.
- Die onderwyser moet die kind in wese ken (volgens sy kennis van opvoedkundige en sielkundige agtergrond).
- Die onderwyser is bewus van die gevare waaraan die kind daagliks blootgestel word. Die onderwyser moet die kind gedurig lei en beskerm teen alle moontlike gevare.
- Die opvoeder is daar om die gesag waarmee hy beklee is tot voordeel van alle leerlinge aan te wend.

Die volgende vrae tydens die toepassing van die gesagsbeginsel word deur Cawood *et al.*, (1981:111) genoem:

- Wat is die belangrikste vir die spesifieke leerling?
- Wat is die verantwoordelikheid teenoor die spesifieke kind op grond van die gesag en dissipline waarmee die opvoeder beklee is?
- Watter vryheid besit die opvoeder en watter mag het God aan hom gegee om gesag uit te oefen?

Opsommend is dit dat die leerling God se skepsel is waarmee die onderwyser werk en dat dit ook Sy gesag is wat daagliks uitgeoefen moet word.

Nieteenstaande die geoorloofde toepassing van tug wat gehandhaaf word, vind daar tog soms ongeoorloofde tughandelinge plaas.

## 2.6 DIE ONGEOORLOOFDE TUGTIGINGSHANDELING

Ongeoorloofde tugtigingshandeling is die tughandeling wat verbode is en wat nie in 'n tugsituasie toegedien of toegelaat kan word nie. Hieronder word misbruike van gesagshandhawing (aanranding) en die reg bespreek.

### 2.6.1 Aanranding

Snyman (1986:404) omskryf aanranding as 'n misdryf wat die wederregtelike en opsetlike toevoeging van geweld aan die liggaam van 'n ander persoon is. (Wederregtelikheid is 'n handeling wat in stryd is met 'n regsverbod of 'n regsgebod).

Wanneer 'n onderwyser hom buite die raamwerk van die voorgeskrewe juridiese riglyne aan toediening van lyfstraf skuldig maak, maak hy hom skuldig aan aanranding.

Enkele voorbeelde van hofsake wat in dié verband voorgekom het, word vervolgens bespreek.

#### 2.6.1.1 S v Meeuwis 1970 4 SA 532 (T)

In die hofsaak is 'n onderwyseres skuldig bevind aan aanranding op 'n skoolseun. Die tienjarige skoolseun moes somme op die skryfbord doen. Toe hy dit nie kon regkry nie, het sy hom met 'n lat op sy bobene en kuite geslaan terwyl hy voor die bord gestaan het. Sy is aangekla van aanranding op die seun op grond van die volgende:

- Die onderwysregulasie bepaal ten opsigte van lyfstraf dat hy op die "sitvlak met 'n rottang of gladde ligte lat" geslaan moet word. Sy het hom egter op die bobene en kuite geslaan.
- Verder het dit ook nie in die teenwoordigheid van die hoof geskied nie in weerwil van die feit dat die regulasies dit vereis het.

As gevolg van die feit dat sy dié regulasies oortree het, is sy skuldig bevind aan aanranding.

### 2.6.1.2 R v Scheepers 1915 AD 338

In die hofsaak is 'n elfjarige dogtertjie deur die skoolhoof met 'n platriem (strap) op die sitvlak en kaal bene geslaan. Die dogtertjie was klein van liggaamsbou en baie delikaat. Die hoof is aangekla van aanranding.

By die skuldigbevinding van die skoolhoof het die regter die lyfstraf as wreed (onder die besondere omstandighede) getipeer. Hy het in sy redenasie rondom die begrip *wreedheid* teenoor die besondere dogtertjie, na die volgende aspekte verwys:

- dit was 'n klein dogtertjie wat klein en "ietwat fyn" gebou was,
- die houe was oor die bene en nie op die "sitvlak" nie,
- dit was 'n dogtertjie en sy kon haarself nie verweer teen die optrede van die onderwyseres nie.
- die tien houe wat toegedien is, was te veel vir 'n dogtertjie wat fisiek so delikaat was.

## 2.7 REDES VAN ONGEDISSIPLINEERDHEID

Ongedissiplineerde gedrag wissel van dekade tot dekade en ook van geslag tot geslag (Bekker, 1963; Cronje, 1976; Hyman en D'Alessandro, 1984). Hyman *et al.*, (1984:42) se navorsing in die V.S.A. het die volgende faktore as die kernmomente vir die ongedissiplineerdheid van leerlinge uitgewys:

- 'n Gebrek aan ouerlike dissipline, beheer, liefde en belangstelling by die ouerhuis.
- Enkel-ouergesinne wat bestaan uit byvoorbeeld of 'n vader of 'n moeder of soms geen ouers nie.
- Omgewingsfaktore wat die volgende insluit: woongebied, leefwyse, opvoeding, kwalifikasies en finansiële vermoë van die ouers.
- Waardeverskille - dit wil sê die norme en waardes van ouers.
- Blootstelling aan misdaad, rebelsheid en geweld wat onder andere op televisie en video's gesien word en wat vrylik beskikbaar is.
- Die onpersoonlikheid op skool. Hier word veral gedink aan die groot klasse in die primêre skole waar werklike persoonlike kontak met die leerlinge ontbreek.
- Onbuigsame, onsimpatieke en onsensitiewe gesindhede van onderwysers. In die primêre skool is daar nog 'n mate van belangstelling en simpatieke houding, maar in die sekondêre skole is daar beslis 'n leemte hieraan.

- Onderwysers wat negatief ingestel is teenoor die leerlinge bèvorder negatiewe gedrag by die leerlinge.
- Ondoeltreffende skoolorganisasie benadeel die flinke en gladde verloop van sake.
- Waardeverskille tussen die onderwyser en leerlinge lei tot wangedrag.
- 'n Swak selfbeeld by die leerling as gevolg van 'n minderwaardigheidsgevoel.
- 'n Skoolfobie by leerlinge weens hulle onvermoë om die skoolwerk baas te raak.
- 'n Gebrek aan studeerplek of werkgeleentheid (geen tafel, kamer of tyd om te studeer nie).
- Prestasiedruk in sy ouderdomsgroep (kompetisie in sy eie groep asook tussen die ouers van leerlinge).
- Oorbevolking in sekere huise (byvoorbeeld families wat noodgedwonge saamwoon).
- Vervelige onderrig en lesse wat die onderwyser onvoorbereid aanbied.
- Die egoïstiese kind wat verwaand en eiesinnig is en geen respek vir sy meerderes het nie, kan dissipline in die klas omverwerp.
- 'n Swak dissiplinêre klimaat in die skool self.

Ongedissiplineerdheid van leerlinge in die skool kan meebring dat tuguitoefening gehandhaaf moet word.

## 2.8 RASIONAAL VIR TUGUITOEFENING

Om gesagshandhawing te laat funksioneer moet 'n ordelike milieu geskep word waarbinne die opvoeding kalm en rustig kan plaasvind. Enkele redes vir die uitoefening van tug is geleë in die volgende vyf hoofkomponente: skoolklimaat, leerklimaat, werkklimaat, die tol van onordelikheid, en die klimaat vir gesagshandhawing (Oosthuizen *et al.*, 1988:71).

### 2.8.1 Die skoolklimaat

Die skoolklimaat is die klimaat wat in die skool geskep word om gesonde verhoudinge op te bou. Die klimaatskepping is 'n weerspieëling van die somtotaal gesindhede, houdings en gedragswyses wat in die spesifieke skool bestaan ten opsigte van waardes, beginsels en handelswyses en wat aan die betrokke skool sy eie unieke karakter gee. Die effek van die bestuurstyl van die skoolhoof word sterk in die skoolgees weerspieël (Cook en Dunhill, 1963:36).

Die inhoud van die klimaatskepping kan die volgende behels (Cook en Dunhill, 1963:36):

- beskaafde maniere binne en buite die skool,
- konsiderasie en die regte gesindheid teenoor ander mense, medeskoliere,
- lojaliteit en agting vir die tradisies van die skool,
- goeie skolastiese vordering, netjiese voorkoms en die ontwikkeling van talente op verskillende terreine,
- 'n gesonde religieuse lewe en 'n gees van gemeenskapsdiens,
- 'n eenvormige skooldrag wat met trots gedra word,
- 'n gebalanseerde volwassewording met betrekking tot liggaamlike ontspanningsaktiwiteite.

### 2.8.2 Die leerklimaat

Die leerklimaat is die klimaat waarin die kind hom daagliks bevind, soos die wangedrag van ander kinders in die klas waarin die leerling hom bevind. Hiermee moet die onderwyser rekening hou en so toestande skep vir die leerlinge se positiewe bevorderlikheid en om andersyds nie vir die leerlinge die geleentheid te skep om hulle in die versoeking te bring om hulle skuldig te maak aan wangedrag nie (Oosthuizen, 1990:111).

Baker (1985:486) beweer dat die onderwyser wat telkens die ordelose leerling moet aanspreek, die onderrig van die klas daarmee tot stilstand bring. Die leerling besef dat die gesagsfiguur nie gesag en orde kan handhaaf nie en wanorde word so geskep. Leerlinge merk ook op wanneer sekere leerlinge nie hulle huiswerk doen nie en ordeloos is en nie daaroor gestraf word nie.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die leerklimaat soms nie na wense is nie. En dit is 'n bewys dat 'n goeie leerklimaat slegs sal plaasvind as orde, dissipline en gesag gehandhaaf word.

### 2.8.3 Die werkklimaat

Die werkklimaat van die onderwyser in die klaskamer moet positief wees. Die onderwyser moet in 'n klaskamer werk waar hy veilig en kalm voel en geen bedreiging van kinders aanvoel nie. Die werkklimaat moet die onderwyser op sy gemak stel en dit moet vir hom 'n uitdaging wees om sy voorgeskrewe taak met genot en trots te voltooi (Oosthuizen, 1990:112).

In 'n statistiese opname wat in Washington D.C. van 'n aantal onderwysers gedoen is wat getoon het dat hulle nie met hul taak in die onderwys wil voortgaan nie as gevolg van dissiplinêre probleme, was die bevindings die volgende (Oosthuizen, 1990:112):

- gedragsprobleme wat in die onderwys ervaar is,
- die skool se dissiplinêre beleid was nie streng genoeg nie en ook nie duidelik opgestel nie,
- persoonlike besittings is beskadig en onderwysers is aangerand.

### 2.8.4 Die tol van onordelikheid

In skole met ongedissiplineerde leerlingoptredes vind daar baie skade aan eiendom plaas, byvoorbeeld aan geboue, ruite en plante.

Navorsing volgens Baker (1985:485) wys uit dat daar maandeliks 2400 gevalle van brandstigting in Amerikaanse skole, 1300 gevalle van skooleiendomdiefstal, 24000 gevalle van vandalisme en 42000 gevalle van beskadiging van skooleiendom is (Oosthuizen, 1990:115). Vandalisme alleen kos die V.S.A. jaarliks 600 miljoen dollar - die bedrag is meer as die besteding aan skoolhandboeke (Oosthuizen, 1990:115). Die staat en skool ly elke jaar groot verliese in hierdie verband.

Daar is daagliks gevind dat leerlinge selfs medeskoliere se eiendom soos tasse en boeke beskadig (Baker, 1985:485). Onordelikheid kom dus voor waar sommige leerlinge nie meer iets kan waardeer nie en geen ontsag vir ander se persoonlike eiendom het nie (Bauer, 1985:490).

Die kind is weens sy sondige natuur, sy gebrekkige kennis van wat reg of verkeerd is geneig tot die kwade en verkeerde handeling (Cawood *et al.*, 1981:111).

### 2.8.5 Klimaat vir gesagshandhawing

Die onderwyser wie se leierseienskappe aangevul word met wysheid, vakkennis, mensekennis en lewenswysheid asook 'n aanvoeling om te onderskei tussen reg en verkeerd, het geen moeite om dissipline te handhaaf nie (Oosthuizen, 1990:129; McDaniel, 1986:63-66).

Die skoolorganisasie en die klaskamerorganisasie in die besonder moet deur orde en 'n goeie sisteem gekenmerk word sodat die opvoeding ordelik bereik kan word. Onderwysers wat goed beplande werksprogramme en lesaanbiedings het, ondervind selde dissiplinêre probleme. Skool- en klaskamerreëls moet tot die minimum beperk word. Te veel reëls veroorsaak onnodige oortredings. Dit is belangrik om te onthou dat werkende leerlinge 'n ordelike klas is.

Onderwysers moet stiptelik by hulle klasse wees en moet nie vir lang tydperke hulle klasse alleen laat nie. Die onderwyser moet konsekwent wees in sy optrede.

Die onderwyser wat 'n klimaat vir gesagshandhawing bevorder, maak gebruik van sekere vorme van tuguitoefening in die skool.

## 2.9 VORME VAN TUGUITOEFENING

### 2.9.1 Verbale gesagshandhawing

Verbale tuguitoefening geskied slegs verbaal en daarom word die volgende bespreek: woordelike bestraffing, berisping, rapportering by ouers of skoolhoof, onbeheerste woede, sjuut-geluide, histeriese uitbarsting, waarskuwing sonder optrede, dreigemente sonder optrede, stemvolume, stemtoon en spraaktempo en humor wat as vermaning dien (Oosthuizen, 1990:131).

#### 2.9.1.1 Sjuut-geluide

Wanneer 'n onderwyser met werk by die tafel besig is, maak hy die leerlinge wat begin gesels stil deur "sjuut" te sê. Wanneer die sjuut-geluid meer as een maal in 'n periode gebruik word om gesag te handhaaf, verloor dit sy krag (NASSP, 1982:6). Die sjuut-geluid moet slegs een of twee keer per periode gebruik word en daarna moet die onderwyser op 'n sterker manier optree.

#### 2.9.1.2 Stemvolume, stemtoon en spraaktempo

Die onderwyser se stemvolume, stemtoon en spraaktempo verskil by dreigemente en bevele. Wanneer 'n klein klemverskuiwing gepaard gaan met 'n bevel wat dikwels soos 'n dreigement klink - word die oortreder dadelik aangespreek en die bevel word duidelik uitgespel. Die verbale dissiplineringstegniek met stemvolume, stemtoon en spraaktempo is van groot belang by die handhawing van dissipline (Oosthuizen, 1990:131).

#### 2.9.1.3 Sarkasme

Sarkasme is die speelse spothouding wat 'n onderwyser teenoor 'n leerling kan inneem. Die klem val nie op 'n dreigement of 'n sarkastiese houding nie, maar die onderwyser gee 'n kalm, eenvoudige en rustige uiteensetting van die gevolge van 'n misstap. ("Die tong in die kies") is die speelse sarkasme met 'n sekere persoon (Oosthuizen, 1990:131).

#### 2.9.1.4 Humor as vermaning

Humor moet gesien word as oppervlakkige grappigheid; selfs komieklikheid (HAT, 1979:423). Dit is 'n lagwekkende geskerts met die leerlinge. Deur die gepaste humoristiese opmerking te gebruik, kan dit vir die leerling na 'n vermaning klink en die onderwyser kan so die doel met gesaghandhawing bereik.

#### 2.9.1.5 Algemene verbale bestraffing

Die algemene verbale bestraffing bestaan uit 'n algemene woord of 'n gebaar wat afkeuring te kenne gee. Die strafdaad kan verwydering, berou of vergiffenis veroorsaak. Wanneer 'n leerling met die woord bespot word, kan dit hom skaam maak en sodoende op sy eergevoel speel sodat hy skuldig voel oor wat hy gedoen het (Kruger en Krause, 1968:247).

#### 2.9.1.6 Berisping

Berisping kan geskied deur 'n blik van teleurstelling of 'n skerp teregwysing. Wanneer ons van berisping gebruik maak, kan dit ook geskied deur die kind skaam te maak, die spot te dryf (onderskei tussen gemoedelike spot en krenkende sarkasme of ironie) en om hom onder vier oë te spreek. Die erns en eerlikheid van die opvoeder bepaal die trefkrag van sy bestraffing (Kruger en Krause, 1968:247).

#### 2.9.1.7 Blote dreigemente en waarskuwing sonder optrede

Wanneer 'n onderwyser vassteek by blote dreigemente, verander opvoedende onderwys in 'n voortdurende reeks dreigemente. Die leerling weet dat die onderwyser slegs gaan optree na 'n sekere aantal dreigemente (Oosthuizen, 1990:131). In sekere gevalle weet leerlinge dat hulle by sekere onderwysers twee kanse het, terwyl hulle by ander net een kans gegun word.

Hierdie beginsel geld ook vir 'n onderwyser wat voortdurend waarsku sonder om tot werklike dissiplinêre optrede oor te gaan (Oosthuizen, 1990 :131).

#### 2.9.1.8 Onbeheerste woede

Onbeheerste woede is die uitbarsting wat 'n onderwyser ervaar waarin hy sy selfbeheersing verloor. Die onderwyser wat onbeheerste woedeuitbarsting toon, het meestal 'n ongewenste effek op die leerlinge (Oosthuizen, 1990:131). Onderwysers wat so 'n onbeheerste woede-

uitbarsting toon, moet dit maar op so manier hanteer dat die leerlinge nie geaffekteer voel nie (Oosthuizen, 1990:131).

#### 2.9.1.9 Histeriese uitbarsting/skreeu

Dit is 'n verkeerde gewoonte van baie onderwysers om vir die leerlinge in die klas te skreeu of om oor te gaan in 'n histeriese uitbarsting. Dit is ongewens en word deur die leerlinge as vernederend ervaar. By 'n onbeheerste opvoeder se optrede heers daar dikwels 'n vyandige gesindheid tussen leerlinge en die onderwyser (Oosthuizen, 1990:131).

Onderwysers moet in alle opsigte 'n professionele leerkrag wees wat sy waardigheid behou in sowel die skool as in die samelewing.

#### 2.9.1.10 Rapportering van 'n leerling

'n Leerling word by skoolowerhede of ouers of by polisie gerapporteer weens swak gedrag. Wanneer 'n leerling herhaaldelik ernstige oortredings begaan, word hy by sy ouers gerapporteer sodat hulle betrek kan word om 'n oplossing te vind. As 'n leerling 'n ernstige oortreding begaan het, soos diefstal, die gebruik van vuil taal of ernstige vorme van openbare swak gedrag word dit aan die hoof gerapporteer, omdat dit deur die skoolregulasie vereis word, en omdat diefstal en swak gedrag nie in 'n skool geduld word nie (Kruger en Krause, 1968:047).

#### 2.9.1.11 Telefoniese gesprek met ouer terwyl leerling teenwoordig is

'n Telefoniese gesprek vind plaas wanneer 'n leerling homself aan 'n ontoelaatbare oortreding skuldig gemaak het en die ouer in kennis gestel word van die gebeure. Hierdie metode is dikwels suksesvol, want die leerling besef dat die ouer nou van die oortreding weet.

### 2.9.2 Isolering

'n Leerling word geïsoleer wanneer hy in sy klas alleen in die hoek afgesonder en van sy klasmaats verwyder word of wanneer die leerling buitentoe gestuur word en die klaswerk sonder hom voortgaan (Oosthuizen, 1990:129). As 'n kind vir 'n lang tydperk geïgnoreer word, kan dit vir hom 'n vernedering wees. Afsondering moet egter nie te dikwels toegepas word nie. Gebruik die afsondering om vas te stel waarom die leerling so lastig is en probeer dan om die probleem op te los.

### 2.9.3 Nie-verbale seine

Nie-verbale seine word onopsigtelik uitgestuur. Slegs die leerling wat oortree, sal bewus wees van hierdie seine. Hierdie optrede kan die volgende vorme insluit (Oosthuizen, 1990:130; Shrigley, 1985:27):

- direkte oogkontak met die oortreder,
- 'n afkeurende skud van die kop,
- lig van die wenkbroue, en
- die waarskuwende oplig van die handpalm of wysvinger.

Die leerling bepaal ook later self hoeveel kyke hy moet kry voordat daar opgetree word teenoor hom.

### 2.9.4 Ontneming van voorregte

In die geval van die ontneming van voorregte moet die leerling voorregte ontbeer weens 'n oortreding wat hy begaan het. Dit is byvoorbeeld wanneer 'n eerstespan-rugbyspeler die voorreg ontneem word om 'n sekere wedstryd te speel as gevolg van swak gedrag in 'n vorige wedstryd. Voorregte word ook ontneem wanneer die leerlinge pouse moet inbly om onder toesig van die onderwyser sy huiswerk te doen wat hy versuim het om tuis te doen.

### 2.9.5 Skoolsit

Leerlinge moet onder toesig van 'n onderwyser na skool bly en nuttig besig gehou word met ekstra skoolwerk wat bevorderlik vir sy vak is. Skoolsit moet nie gesien word as vergelding nie maar as 'n manier om vir sy oortreding gestraf te word. Dit moet vir die leerling voel hy word nie net gestraf vir sy oortreding nie, maar dat hy in die proses iets geleer het en dat die straf vir hom meer waarde gehad het (Kruger en Krause, 1968:247-248).

### 2.9.6 Strafwerk

Strafwerk vir die leerling kan bestaan uit die afhandeling van ongedane huis- of klaswerk gedurende pouse of na skool (Kruger en Krause, 1968:247).

### 2.9.7 Lyfstraf

#### 2.9.7.1 Juridiese begronding

□ **Gemenereg en regspraak**

Lyfstraf wat deur 'n onderwyser of koshuispersoneellid toegepas word, is gegrondves in die Suid-Afrikaanse gemene reg. Hierdie soort straf is bevestig deur 'n hele reeks hooggeregshof- en àppelhofsake. Die regsbeginsels en regsbevoegdheid word gesteun deur die *in loco parentis*-beginsel (Oosthuizen *et al.*, 1988:73).

□ **Wetgewing**

Die Regulasies ingevolge die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad, 1988) stipuleer die vereistes vir die korrekte toediening van lyfstraf (Snyman, 1986:116; Transvaalse Onderwysregulasie no. 70/1988).

#### 2.9.7.2 Reg van die onderwysbestuurder

Dit is belangrik dat 'n onderwyser *in loco parentis* optree wanneer dit 'n skool- of buitemuurse aangeleentheid is. Die reg van die onderwyser in die skool is nie so wyd soos dié van die ouer nie. Die reg is nie deur die ouer aan die onderwyser gedelegeer nie, maar is 'n oorspronklike bevoegdheid van die onderwyser (Boberg, 1977:456). Die reg van die onderwyser is om gesag uit te oefen, orde te handhaaf, dissiplinêr op te tree, om die leerling te versorg en om hom op te voed.

Die onderwyser moet lyfstraf indien nodig toepas en binne die grense bly van hoe lyfstraf aangewend moet word. Indien die onderwyser anders optree, kan hy van aanranding aangekla word.

#### 2.9.7.3 Doel van lyfstraf

Oosthuizen (1988:77) wys daarop dat die doel waarmee lyfstraf toegedien word vanuit 'n opvoedkundige oogpunt en in die Suid-Afrikaanse reg van groot belang is. Regter Horwitz in Rex v Muller 1948 (4) SA (0) 848 het sterk beklemtoon dat die doel van tug altyd beoog om die leerling op te voed en om sy gedrag te verbeter.

Sowel die opvoeding as die karaktervorming van die kind is belangrik. Die instandhouding en handhawing van welsyn van die skool "waar die kind hom bevind terwyl hy opvoeding geniet" is net so belangrik.

#### 2.9.7.4 Massatugmiddel

In die onderwys kom baie gevalle voor waar leerlinge in massa optree (die klas lawaai), maar in werklikheid is dit net sewe of agt van die byvoorbeeld dertig leerlinge wat geraas het. Wanneer 'n onderwyser in die massa wil straf moet hy baie versigtig wees:

- Eerstens is dit nie opvoedkundig regverdigbaar nie, en
- tweedens is dit nie aanvaarbaar om iemand te straf vir iets wat hy nie gedoen het nie (Oosthuizen en Bondesio, 1988:81).

Wanneer daar met massastraf uit 'n klas van dertig leerlinge slegs die twintig leerlinge wat werklik skuldig was gestraf word, was die straf opvoedkundig, want die onskuldiges is nie gestraf nie, wat beter is as massastraf.

#### 2.9.7.5 Die juridiese vereistes vir die toepassing van lyfstraf

Lyfstraf is 'n vorm van tug en word omskryf in verskeie wette en regulasies wat van toepassing is op verskeie bevolkingsgroepe en bepaalde skole. Onder geen omstandighede mag lyfstraf aan 'n dogter gegee word nie. Seuns van 'n sekere ouderdom mag wel 'n beperkte aantal houe ontvang. Lyfstraf mag nie in die teenwoordigheid van ander leerlinge toegedien word nie (Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie, 1986:33).

Die voorwerp waarmee straf toegedien word is 'n rottang. Lyfstraf mag alleenlik op die sitvlak toegedien word. Die kind se ouderdom moet in ag geneem word wanneer straf toegedien word (Holdstock en Kendall, 1989; Holdstock en Margow, 1989).

##### 2.9.7.5.1 Reëls van natuurlike geregtigheid

Die Onderwysregulasie bepaal dat lyfstraf billik en redelik toegedien moet word. Die oorsaak van die oortreding moet eers ondersoek word. Die hoof vra die onderwyser of sy optrede nie dalk aanleiding tot die leerling se oortreding gegee het nie. Neem alles eers in ag en tugtig dan (Morgan, 1984:54).

#### 2.9.7.5.2 Bepalings van die kind se persoon

Alle kinders kan nie op dieselfde wyse gestraf word nie. Die fisieke toestand van die leerling moet in ag geneem word. Daar moet ook gelet word na die ouderdomme, liggaamsbou en grootte van die kind (Regulasies ingevolge die Wet op Onderwysaangeleenthede, Volksraad, 1988).

#### 2.9.7.5.3 Die liggaamsdeel waar lyfstraf toegedien mag word

Die Transvaalse Regulasies bepaal dat lyfstraf slegs op die kind se sitvlak (boude) toegedien mag word en op geen ander deel van die liggaam nie (Regulasies ingevolge die Wet op Onderwysaangeleenthede, Volksraad, 1988).

#### 2.9.7.5.4 Ontoelaatbare vorme van lyfstraf

Soos in die regulasies gesien is, kan afgelei word dat enige vorm van lyfstraf wat nie in ooreenstemming met die bepalings van die regulasie is nie, as onregmatig beskou moet word (Muller, 1981).

#### 2.9.7.5.5 Instrument waarmee lyfstraf toegedien moet word

Die adjunkhoof of onderwyser wat in die teenwoordigheid van die hoof lyfstraf toedien mag alleenlik van 'n rottang of gladde lat gebruik maak.

#### 2.9.7.5.6 Verslagdoening

Elke skool moet in besit wees van 'n strafboek. In die boek moet alle tuggevalle insluitende lyfstraf noukeurig aangeteken word.

#### 2.9.7.5.7 Die strafboek

Die skoolhoof moet elke keer wanneer lyfstraf toegedien is, die volgende besonderhede in die strafboek aanteken: naam en ouderdom van die leerling, die rede vir die straf, die aantal houe en die onderwyser se naam.

Die Transvaalse Onderwysregulasie bepaal dat die Superintendent van Onderwys alle insae in die strafboek het (Wet op Onderwysaangeleenthede, 70/1988).

#### 2.9.7.5.8 Samevatting

Hieruit kan afgelei word dat, voordat lyfstraf toegedien mag word, sekere bepalings nagekom moet word:

- wat die spesifieke oortreding was (byvoorbeeld pligsversuim of ongehoorsaamheid, opsetlike beskadiging van eiendom en diefstal),
- 'n volledige ondersoek wat die skuld van die kind bewys het, moes uitgevoer wees,
- die leerling moet ook die geleentheid gekry het om sy saak te stel,
- die straf kan deur die hoof self toegedien word of deur 'n onderwyser in die teenwoordigheid van die hoof,
- in die register moet die aard van die straf, die oortreding en die aantal houe aangeteken word. Daar moet ook seker gemaak word dat die leerling nie alreeds gestraf is nie (voorkoming van dubbele pakslae).

### 2.9.8 Skorsing van leerlinge

Skorsing is tydelik. Skorsing is 'n vorm van straf wat toegepas word as 'n leerling 'n ernstige ontoelaatbare oortreding begaan het waarin die hoof van die skool die leerling maan om die skool tydelik te verlaat (na gelang van die erns van die oortreding).

Wanneer leerlinge geskors moet word, moet baie indringend gelet word op die juridiese vereistes van skorsing.

#### 2.9.8.1 Juridiese vereistes van skorsing

In die Regulasies ingevolge die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad, 1988) word die volgende bepaal (Oosthuizen *et al.*, 1988:84):

- Skorsing kan uitgevoer word deur:
  - ¤ die uitvoerende direkteur van onderwys van 'n spesifieke onderwysdepartement,
  - ¤ die hoof van die skool,
  - ¤ die superintendent van onderwys.
- Verbandhoudend met hierdie bevoegdheid van die onderwysbestuurder geld die reëls van natuurlike geregtigheid of natuurlike regverdigheid.
- 'n Skoolhoof se besluit om 'n leerling te skors, moet in samewerking met, en medewete van die superintendent van onderwys gedoen word.

- By die skorsing van 'n leerling is daar 'n hele reeks voorgeskrewe prosedures wat deur die hoof nagevolg moet word (Regulasies ingevolge die Wet op Onderwysaangeleenthede, Volksraad, 1988).

Hieruit kan afgelei word wanneer 'n leerling regtig geskors mag word en deur wie hy geskors kan word wanneer daar 'n ernstige oortreding begaan is waaraan die leerling skuldig is.

### 2.9.8.2 Wetteregtelike oortredings

Volgens die Onderwysdepartement se regulasies, voorskrifte en riglyne is daar 'n paar oortredings waaraan 'n leerling hom skuldig moet maak voordat hy geskors kan word. Hy moet in besit wees van verdowingsmiddels of sterk drank of moes dit gebruik het, hy moes hom skuldig gemaak het aan laakbare gedrag of ernstige inbreuk gemaak het op dissipline en orde. Die volgende het slegs betrekking op die primêre skool (Oosthuizen en Bondesio, 1988:85; Bondesio *et al.*, 1989:91-92):

- Sodanige leerling se taal of gedrag is gewoonlik of gedurig van so aard dat dit na die mening van sodanige hoof die handhawing van 'n behoorlike peil van sedelike gedrag, dissipline of sosiale welsyn in sodanige skool in gevaar stel.
- Sodanige leerling moes na die mening van sodanige hoof een enkele daad of reeks van dade van 'n laakbare aard begaan het.
- Sodanige leerling, behoudens die bepalings van die Regulasie, weier om deel te neem aan die kursusse en onderrig soos beoog in die Regulasie (Wet op Onderwysaangeleenthede, 70/1988).

### 2.9.8.3 Oorweging van skorsing

Wanneer 'n skoolhoof besluit om 'n leerling te skors, moet hy die leerling en sy ouers skriftelik verwittig van sy besluit.

Indien die leerling in die koshuis inwoon, moet daar toegesien word dat hy die koshuis verlaat.

Die hoof moet 'n volledige verslag van die aangeleentheid aan die Uitvoerende Direkteur van Onderwys en Superintendent van Onderwys voorlê. Die ouer en leerling se vertoë teen die skorsing moet hierby ingesluit word (Bondesio *et al.*, 1989:92).

### 2.9.9 Uitsetting en uitsluiting

Uitsetting is 'n vorm van straf wat toegepas word waar die leerling permanent uit die skool gesit word as gevolg van die volgende:

- wanneer die taal of gedrag van so 'n aard is dat dit die welsyn van die skool in gevaar stel,
- wanneer die leerling 'n reeks van dade van laakbare aard begaan het,
- wanneer sodanige leerling weier om deel te neem aan kursusse en onderrig van die skool.

Uitsluiting geskied wanneer die leerling skuldig bevind is aan die herhaalde oortredings en die Uitvoerende Direkteur van Onderwys die leerling geskors het uit die skool en alle voorregte van die leerling ontneem het en ook die ouers in kennis gestel het van die skorsing. Dit is die permanente verwydering van die leerling uit die skool of koshuis (Onderwyswet, Volksraad, 1988).

Uitsetting vind plaas wanneer die Uitvoerende Direkteur van Onderwys die nodige verslae van die hoof ontvang het en dan oorweeg of die leerling wat die hoof geskors het, van die betrokke skool geskors behoort te word, of toegelaat behoort te word by die betrokke skool met sekere voorwaardes soos bepaal deur die Uitvoerende Direkteur van Onderwys.

Indien die Uitvoerende Direkteur van Onderwys besluit dat die leerling geskors word, moet hy (Bondesio *et al.*, 1989:93):

- permanent uit sekere openbare skole, of
- permanent uit alle openbare skole uitgesluit word, soos bepaal deur die Uitvoerende Direkteur van Onderwys.

Indien 'n leerling nie skoolpligtig is nie, kan hy na 'n skriftelike waarskuwing van die hoof met die toestemming van die Uitvoerende Direkteur van Onderwys uit die skool gesit word.

## 2.10 SAMEVATTING

Tug is 'n middel wat as doel het om die totale mens op te voed. Dit wil sê die gees (hart), siel(verstand) en liggaam (fisies). Die meeste tugmaatreëls maak nie seer nie en

is slegs sinvolle begeleidingsnormes wat daagliks toegepas word. Tugmaatreëls is opbouend van aard en nie afbrekend nie.

Onder gesagshandhawing is klem gelê op gesag, tug, dissipline, skoolklimaat, leerklimaat, werkklimaat en orde wat in die daaglikse gemeenskap verhouding gehandhaaf moet word.

Die vereistes vir tugmaatreëls, naamlik voorsorgmaatreëls, die oorsake van negatiewe dissipline, die basiese beginsels van tugmaatreëls, 'n verskeidenheid tugmaatreëls en die vereistes vir 'n gesonde gesagshandhawing verteenwoordig 'n totaliteitsbeginsel wat gehandhaaf kan word. Verder is daar ook ongeoorloofde tug wat toegepas word in een of ander vorm in die tugmaatreëls.

Die hoofdoel is om die leerlinge op 'n metodologiese wyse bewus te maak van tussen watter grense hulle mag beweeg, wat hulle mag doen en wat sal gebeur as hulle nie gehoorsaam is nie.

Wat die aanwending van tug betref, is gehoorsaamheid die inoefening van Christelik-gefundeerde lewensvaardighede en sinvolle herstel nadat daar gefaal is, die basiese doelstelling wat nagestreef en verwesenlik moet word.

# HOOFSTUK 3

## EMPIRIESE ONDERSOEK

### 3.1 INLEIDING

In die hoofstuk word die samestelling van die vraelyste asook die terugvoering van die vraelyste vanaf die hoofde van primêre skole met die nodige aanbevelings en die evaluering van tugmaatreëls kortliks bespreek.

### 3.2 NAVORSINGSONTWERP

#### 3.2.1 Die vraelys as meetinstrument

Volgens Borg en Gall (1979:295) en Teichler (1982:112) kan daar onderskei word tussen twee tipes vraelyste, naamlik:

- die oop vraelys (ongestruktureerde vraelys), waar die respondent die volle vryheid van respons verkry en dus 'n eie mening kan gee oor die vraag, en
- die geslote vraelys (gestruktureerde vraelys), waar die vrae met antwoorde gegee word en waaruit die respondent dan 'n keuse kan maak.

Vir hierdie navorsing is daar op die gestruktureerde vraelys besluit wat dan na die hoofde van primêre skole gestuur sal word.

##### 3.2.1.1 Voordele van die posvraelys

Volgens Borg en Gall (1979:309-312) en Van der Westhuizen (1985:1) bestaan daar die volgende voordele van die posvraelys:

- 'n Groot groep, soos byvoorbeeld hoofde, kan maklik bereik word.
- Die vraelys is meer betroubaar as 'n onderhoud self.
- Die respondent kan anoniem bly.

- Die vraelys neem minder tyd as 'n onderhoud in beslag en is goedkoper as dieselfde aantal onderhoude gevoer moet word.
- Dit vergemaklik die analisering en tabulering van response.
- Die posvraelys is makliker om te voltooi en die respondent kan meer sy aandag by die onderwerp bepaal.

#### 3.2.1.2 Nadele van die posvraelys

Borg en Gall (1979:309-312) en Van der Westhuizen (1985:1) meld die volgende nadele van posvraelyste:

- Die moontlikheid bestaan dat die respondent die vrae verskillend kan hanteer.
- Korrektheid van antwoorde is moeilik bepaalbaar.
- In die geslote vraelys word die respondent beperk deurdat hy slegs 'n keuse kan maak tussen vasgestelde antwoorde.
- Die geldigheid en betroubaarheid is moeilik bepaalbaar.
- Respondente is nie altyd geneë om lang en tydrowende vraelyste te voltooi nie en sodoende word samewerking van die respondente moeilik verkry.

### 3.2.2 Loodsondersoek en finalisering van vraelys

Nadat die vraelys opgestel en volledig beplan is, is die vraelys aan die skoolhoofde van drie primêre skole gestuur, wat nie in die ewekansige steekproef betrek is nie. Die vraelys is voltooi en daar was geen probleme met die invul van die vraelys nie. Geen veranderings is op die vraelys aangebring nie en die vraelys is dus as die finale beskou (Bylae A).

### 3.2.3 Konstruksie van vraelyste

Die vraelys is gekonstrueer om uit drie afdelings te bestaan, naamlik:

- Afdeling A (vrae 1.1 - 1.6) - biografiese besonderhede
- Afdeling B (vrae 2.1 - 2.2) - demografiese besonderhede
- Afdeling C (vrae 3.1 - 3.2)
  - ¤ Opdragvrae (4.1 - 4.12) - Die doel van die afdeling was om slegs een antwoord *ja of nee* op die dissipline-vrae te verkry.
  - ¤ Opdragvrae (5.1 - 5.13) - Die doel van die afdeling was om verskeie (byvoorbeeld altyd, dikwels, selde en nooit) antwoorde op elke vraag te kry.

¤ Opdragvraag (5.14) - Die doel van die afdeling was om antwoorde in terme van gebeurlikheid te verkry sodat hoofde die geleentheid kon kry om enige probleme wat hulle met straf- en tugmaatreëls ondervind verder te motiveer.

### 3.2.4 Indeling van skole in strata

Met die inligting asook gegewens van die Transvaalse Onderwysdepartement kon 'n indeling gemaak word tussen stedelike, semi-stedelike en plattelandse skole. Die gegewens verkry uit die *Jaarboek van Munisipaliteite* het ook baie bygedra tot hierdie verdeling, aangesien die inwonertal en demografiese aspekte van elke dorp en stad in die jaarboek uitgelig word (Suid-Afrikaanse Munisipale Jaarboek, 1990; De Wet *et al.*, 1981).

Die munisipaliteite van Transvaal is dan ook in grade (1-15) verdeel na gelang van populasie. Hieruit is bepaal dat:

- stedelike skole bestaan uit graad 11-15,
- semi-stedelike skole bestaan uit graad 7-10,
- plattelandse skole bestaan uit graad 1-6.

### 3.2.5 Administratiewe prosedure (Transvaalse Onderwysdepartement)

Die toestemmingsbrief wat aan die Uitvoerende Direkteur van Onderwys in Transvaal gerig is, het onder andere toestemming gevra om voort te gaan met navorsing in Afrikaanse primêre skole in Transvaal. Toestemming is van die Buro van Onderwys verkry (vergelyk Bylae B).

Elke skoolhoof, bepaal volgens die ewekansige steekproef (vergelyk 3.2.6), het 'n toestemmingsbrief van die Transvaalse Onderwysdepartement ontvang, asook 'n uiteensetting van die navorser waarin hy die doel en aard van die navorsing uiteensit (Bylae C en Bylae D).

### 3.2.6 Populasie en steekproef

Die populasie is alle hoofde van Afrikaanse primêre skole in Transvaal. Die getalle van die primêre skole is:

- Stedelik - 194
- Semi-stedelik - 239
- Plattelands - 39
- Totaal - 472

Die volgende formule is gebruik om die grootte van die steekproef vir elke strata te bepaal:

$$n > \frac{N}{1 + \frac{N(d^2)}{1000}}$$

- n = grootte van die steekproef
- N = die populasie
- d = 5 vir 5% - betekenisvolheid

□ **Byvoorbeeld:**

Die populasie van die stedelike skole (194) se teikengroep is byvoorbeeld soos volg uitgewerk:

$$n > \frac{194}{1 + \frac{194(5^2)}{1000}}$$

$$n > \frac{194}{1 + 0.485}$$

$$n > \frac{194}{1.485}$$

$$n > 130.639730$$

$$n > 131$$

Uit die verwerking van die formule is die volgende bepaal:

- Stedelike skole - 131 uit 194
- Semi-stedelike skole - 150 uit 239
- Plattelandse skole - 36 uit 39
- Totaal - 317 uit 472

'n Ewekansige steekproef van stedelike, semi-stedelike en plattelandse skole is vervolgens gedoen (vergelyk 3.2.6).

### 3.2.7 Vraelyste uitgestuur en terugontvang

Die volgende hoeveelhede vraelyste wat uitgestuur is, is terugontvang:

*TABEL 3.1 AANTAL VRAELYSTE UITGESTUUR*

| | UITGESTUUR | | ONTVANG | |
|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % |
| Stedelik | 131 | | | |
| Semi-stedelik 150 | 150 | | | |
| Plattelands 36 | 36 | | | |
| TOTAAL | 317 | 100 | 261 | 82.3 |

Daar is 261 van die 317 vraelyste wat uitgestuur is terugontvang (vergelyk Tabel 3.1). Die aantal vraelyste wat terugontvang is, verteenwoordig dus 82,33 persent van dié wat uitgestuur is.

Landman (1980:112) is van mening dat betroubare en geldige afleidings gemaak kan word as daar minstens 70 persent respons is.

### 3.2.8 Statistiese tegnieke

Inligting wat verkry is uit die vraelyste is op die hoofraamrekenaar van die PU vir CHO met behulp van 'n SAS- (Statistical Analysis System) rekenaarprogrampakket (SAS Institute Inc., 1985) verwerk. By elke vraag is die frekwensie en persentasie volgens die PROC FREC (frequency procedure) van SAS verkry.

## 3.3 INTERPRETERING VAN DATA

Alle afleidings wat uit hierdie navorsing gemaak is, geld slegs vir laerskole in die Transvaalse Onderwysdepartement en nie vir alle primêre skole in die res van die RSA nie.

### 3.3.1 Biografiese besonderhede

*TABEL 3.2 BIOGRAFIESE GEGEWENS VAN HOOFDE*

| BIOGRAFIESE GEGEWENS VAN HOOFDE | f | % |
|---|---|---|
| **1.1 Ouderdom** | | |
| Jonger as 25 | 0 | 0 |
| 26 - 30 | 0 | 0 |
| 31 - 35 | 5 | 1,9 |
| 36 - 45 | 87 | 33,6 |
| 46 - 55 | 121 | 46,7 |
| Ouer as 56 | 46 | 17,8 |
| Totaal | *259 | 100 |
| **1.2 Jare ondervinding as hoof** | | |
| 0 - 3 | 58 | 22,4 |
| 4 - 7 | 48 | 18,5 |
| 8 - 11 | 44 | 17,0 |
| Langer as 12 jaar | 109 | 42,1 |
| Totaal | *259 | 100 |
| **1.3 Aanstelling as hoof** | | |
| Permanent | 240 | 92,3 |
| Waarnemend | 20 | 7,7 |
| Totaal | *260 | 100 |
| **1.4 Kategorie-indeling** | | |
| C | 11 | 4,3 |
| D | 75 | 28,8 |
| E | 85 | 32,7 |
| F | 72 | 27,7 |
| G | 17 | 6,5 |
| Totaal | *260 | 100 |

| BIOGRAFIESE GEGEWENS VAN HOOFDE | f | % |
|---|---|---|
| **1.5 Beskik u oor 'n onderwysbestuurskwalifikasie?** | | |
| Ja | 93 | 36 |
| Nee | 165 | 64 |
| Totaal | *258 | 100 |
| **1.6 Geslag** | | |
| Manlik | 254 | 97,7 |
| Vroulik | 6 | 2,3 |
| Totaal | *260 | 100 |

### 3.3.1.1 Ouderdom van respondente

Die doel van die vraag (vergelyk Bylae A, Vraag 1.1) is om vas te stel in watter ouderdomsgroep skoolhoofde val (vergelyk Tabel 3.2).

Die mees verteenwoordigende ouderdomsgroep is die jare 46-55, wat 46,7 persent van die totaal uitmaak. Hierteenoor is daar 33,6 persent wat tussen 35-45 jaar oud is en 17,8 persent wat ouer as 56 jaar is. Oor die algemeen wil dit dus voorkom of meeste van die Transvaalse hoofde van primêre skole oor lewenservaring en rypheid beskik.

### 3.3.1.2 Jare ondervinding as hoof

Die doel van die vraag (vergelyk Bylae A, Vraag 1.2) is om te bepaal hoe ervare die hoofde is (vergelyk Tabel 3.2). Uit die data van Tabel 3.2 blyk die volgende:

- Die skoolhoofde (42,1%) is feitlik deurgaans ervare met 12 jaar en meer ervaring.
- Die groep met die tweede meeste verteenwoordigende ervaring (22,4%) is skoolhoofde wat 0-3 jaar ervaring het.
- Altesaam 40,9 persent van die skoolhoofde het slegs sewe jaar en minder ervaring.

Die grootste groep (59,1%) skoolhoofde is dus redelik ervare skoolhoofde.

#### 3.3.1.3 Aanstelling as hoof

Die doel van die vraag (vergelyk Bylae A, Vraag 1.3) is om te bepaal watter persentasie skoolhoofde in permanente poste aangestel is en watter persentasie waarnemend is.

Uit Tabel 3.2 blyk dit dat 92,3 persent van die 260 respondente 'n permanente aanstelling het, terwyl 7,7 persent waarnemende hoofde is.

#### 3.3.1.4 Indeling van hoofde in kategorieë

Die doel van die vraag (vergelyk Bylae A, Vraag 1.4) is om te bepaal in watter kategorie (onderrigkwalifikasie) hoofde val. Uit Tabel 3.2 blyk dit dat die meeste skoolhoofde (32,7%) Kategorie E verwerf het. Daarteenoor het 28,8 persent die Kategorie D en 27,7 persent die Kategorie F verwerf. Hieruit vind ons ook dat 4,2 persent die Kategorie C en 6,5 persent die Kategorie G verwerf het.

Oor die algemeen is dit duidelik dat die hoofde goed gekwalifiseer is. Altesaam 66,9 persent van die respondente besit Kategorie E of meer.

#### 3.3.1.5 Onderwysbestuurskwalifikasie

Die doel van die vraag (vergelyk Bylae A, Vraag 1.5) is om te bepaal hoeveel van die hoofde 'n onderwysbestuurskwalifikasie besit.

Uit Tabel 3.2 kan die volgende afgelei word: 36% (93) van die hoofde besit 'n onderwysbestuurskwalifikasie, en die res (64% of 165) nie.

Hieruit kan afgelei word dat die meeste van die hoofde in die primêre skool nie in besit is van 'n onderwysbestuurskwalifikasie nie. Hoofde is dus oor die algemeen swak opgelei in onderwysbestuur.

#### 3.3.1.6 Geslag van respondente

Die doel van die vraag (vergelyk Bylae A, Vraag 1.6) is om te bepaal wat die getal vroulike skoolhoofde in verhouding met hulle manlike kollegas is.

Gegewens uit die Tabel 3.2 dui daarop dat 97,7 persent van die skoolhoofde manlik is en slegs 2,3 persent vroulik.

### 3.3.1.7 Profiel van respondente

Dit blyk dus dat die ondersoekgroep oorwegend middeljonk en ouer is, oor die algemeen meer as agt jaar ondervinding het, 'n permanente pos beklee, meesal vier jaar en langer naskoolse opleiding het en manlik is. Min respondente beskik egter oor 'n formele onderwysbestuurskwalifikasie.

## 3.3.2 Demografiese besonderhede

*TABEL 3.3 DEMOGRAFIESE BESONDERHEDE VAN SKOLE*

| DEMOGRAFIESE BESONDERHEDE VAN HOOFDE | | |
|---|---|---|
| **2.1 Aantal leerlinge in die skool** | **f** | **%** |
| Item nie voltooi nie | 3 | 1,1 |
| 50 - 100 | 26 | 10,1 |
| 101 - 200 | 31 | 12,0 |
| 201 - 300 | 27 | 10,5 |
| 301 - 400 | 29 | 11,2 |
| 401 - 500 | 26 | 10,1 |
| 501 - 600 | 29 | 11,2 |
| 601 - 700 | 32 | 12,4 |
| 701 - 800 | 26 | 10,1 |
| Meer as 801 | 32 | 12,4 |
| Totaal | *261 | 100 |
| **2.2 Ligging van skool** | | |
| Stedelik | 106 | 40,6 |
| Semi-stedelik | 107 | 41,0 |
| Plattelands | 48 | 18,4 |
| Totaal | *261 | 100 |

#### 3.3.2.1 Aantal leerlinge in die skool

In hierdie vraag (vergelyk Bylae A, Vraag 2.1) word gepoog om te bepaal wat die grootte van die gemiddelde primêre skool van die studiepopulasie is (vergelyk Tabel 3.3).

Die mees verteenwoordigende groepe in die respons (12,4%) is die 32 skole met getalle tussen 601-700 en die 32 skole met getalle van 801 en meer. 56,2 persent van die skole het dus 'n leerlingtal van 400 en meer leerlinge in die skool.

#### 3.3.2.2 Ligging van skool

Die doel van die vraag (vergelyk Bylae A, Vraag 2.2) is om te bepaal waar die skole geleë is.

Uit die Tabel 3.3 die volgende gegewens:

- Die grootste groep skole (41,0%) is in die semi-stedelike gebiede geleë:
- Die tweede meeste skole (40,6%) is stedelik.
- Plattelandse skole verteenwoordig 18,4 persent.

Hieruit kan afgelei word dat 81,6 persent van die skole in die teikengroep *stedelik* of *semi-stedelik* is. Verder dat 18,4 persent van die skole se respons van plattelandse skole is.

#### 3.3.2.3 Gevolgtrekking

Dit is opmerklik dat 56,2 persent van die skole se leerlingtal 400 en meer is en dat 81,6 persent van die skole stedelik en semi-stedelik is, terwyl 18,4 persent die plattelandse skole verteenwoordig.

### 3.3.3 Dissipline

#### 3.3.3.1 Dissiplinêre klimaat in skool

Met die vraag (vergelyk Bylae A, Vraag 3.1) is bepaal hoe hoofde die dissiplinêre klimaat in sy skool verkies (vergelyk Tabel 3.4).

*TABEL 3.4 DISSIPLINÊRE KLIMAAT*

| DISSIPLINE | f | % |
|---|---|---|
| Baie streng | 10 | 3,9 |
| Streng | 118 | 45,6 |
| Redelik streng | 126 | 48,6 |
| Glad nie streng nie | 5 | 1,9 |
| Totaal | 259 | 100 |

Uit voorafgaande tabel kan afgelei word dat die meeste van die hoofde (94,2%) die dissiplinêre klimaat vir sy skool as streng tot redelik streng verkies. Dit beteken dat die twee uiterste pole van baie streng en glad nie streng nie, oor die algemeen nie in 'n skool verkies word nie.

### 3.3.3.2 Dissiplinêre klimaat by ouerhuis

Met die vraag (vergelyk Bylae A, Vraag 3.2) is bepaal hoe die hoofde die dissiplinêre klimaat in die ouerhuis verkies.

*TABEL 3.5 DISSIPLINÊRE KLIMAAT*

| DISSIPLINE | f | % |
|---|---|---|
| Baie streng | 8 | 3,1 |
| Streng | 118 | 45,7 |
| Redelik streng | 128 | 49,6 |
| Glad nie streng nie | 4 | 1,6 |
| Totaal | 258 | 100 |

Uit Tabel 3.5 kan afgelei word dat baie (95,3%) van die hoofde verkies dat die dissiplinêre klimaat in die ouerhuis van streng tot redelik streng moet wees. Dit beteken dat die twee uiterste pole van baie streng en glad nie streng nie oor die algemeen nie in die ouerhuis verkies word nie.

### 3.3.4 Juridiese determinante oor skoolreëls, lyfstraf, skorsing en uitsetting

#### 3.3.4.1 Juridiese determinante

Die doel met dié vrae (vergelyk Bylae A, Vraag 4.1 - 4.4) is om te bepaal of die skoolhoofde die juridiese riglyne by lyfstraf nakom, en of hulle op hoogte is met Regulasie 4, 5 en 6 betreffende lyfstraf, skorsing en uitsetting.

*TABEL 3.6 JURIDIESE DETERMINANTE OOR SKOOLREËLS, LYFSTRAF, SKORSING EN UITSETTING*

| **4.1 Juridiese riglyne** | f | % |
|---|---|---|
| Ja | 247 | 96,1 |
| Nee | 10 | 3,9 |
| **4.2 Regulasie 4 (No. R704)** | | |
| Ja | 259 | 99,6 |
| Nee | 1 | 0,4 |
| Totaal | 260 | 100 |
| **4.3 Regulasie 5 (No. R704)** | | |
| Ja | 242 | 93,1 |
| Nee | 18 | 6,9 |
| Totaal | 260 | 100 |
| **4.4 Regulasie 6 (No. R704)** | | |
| Ja | 236 | 90,8 |
| Nee | 24 | 9,2 |
| **4.5 Skoolreëls** | | |
| Ja | 257 | 98,5 |
| Nee | 4 | 1,5 |
| Totaal | 261 | 100 |
| **4.6 Skoolreëls en dissipline** | | |
| Ja | 256 | 98,1 |
| Nee | 5 | 1,9 |
| Totaal | 261 | 100 |

| | | |
|---|---|---|
| **4.7 Lyfstraf afskaf** | | |
| Ja | 19 | 7,3 |
| Nee | 242 | 92,7 |
| Totaal | 261 | 100 |
| **4.8 Mondelinge toestemming** | | |
| Ja | 59 | 22,7 |
| Nee | 201 | 77,3 |
| Totaal | 260 | 100 |
| **4.9 Ouers en lyfstraf** | | |
| Ja | 169 | 75,8 |
| Nee | 54 | 24,2 |
| Totaal | 223 | 100 |
| **4.10 Skorsing** | | |
| Ja | 6 | 2,3 |
| Nee | 255 | 97,7 |
| Totaal | 261 | 100 |
| **4.11 Uitsetting** | | |
| Ja | 16 | 6,1 |
| Nee | 245 | 93,9 |
| Totaal | 261 | 100 |
| **4.12 Opvoedkundige waarde van skors** | | |
| Ja | 120 | 48,0 |
| Nee | 130 | 52,0 |
| Totaal | 250 | 100 |

Uit Tabel 3.6 (Vraag 4.1) blyk dit dat die skoolhoofde oorweldigend meen dat die volgende juridiese determinante en regulasies met betrekking tot lyfstraf, skorsing en uitsetting nagekom moet word: juridiese riglyne (96,1%), Regulasie 4 (99,6%), Regulasie 5 (93,1%) en Regulasie 6 (90,8%).

#### 3.3.4.2 Skoolreëls

Die doel van dié vrae (vergelyk Bylae A, Vraag 4.5 - 4.6) is om te bepaal of die skoolhoofde van mening is dat skoolreëls belangrik is en of skoolreëls dissipline en orde in die skool vergemaklik.

Uit Tabel 3.6 blyk dit dat die skoolhoofde oorweldigend (98,5%) meen dat skoolreëls belangrik is en dat dit orde en dissipline (98,1%) in die skool vergemaklik.

#### 3.3.4.3 Lyfstraf

Die doel van die vrae (vergelyk Bylae A, Vraag 4.7 - 4.9) is om te bepaal of lyfstraf afgeskaf moet word, of mondelinge toestemming van ouers benut word by lyfstraf en of sodanige ouers dan sodanige lyfstraf van sy kind aanvaar. (Die sodanige ouers is dié wat mondelinge toestemming gegee het tot lyfstraftoepassing).

Uit Tabel 3.6 blyk dit dat die skoolhoofde oorweldigend meen dat lyfstraf nie afgeskaf moet word nie (92,7%), terwyl hulle ook meen dat mondelinge toestemming nie vooraf van die ouers verkry hoef te word nie (77,3%). Ten opsigte van ouers en lyfstraf blyk dit dat ouers grootliks die lyfstraf vir sy kind aanvaar (75,8%) (indien hulle vooraf toestemming gegee het, vergelyk Tabel 3.6).

#### 3.3.4.4 Skorsing en uitsetting

Die doel van die vrae (vergelyk Bylae A, Vraag 4.10 - 4.12) is om te bepaal of skorsing en uitsetting reeds by hulle skole plaasgevind het en of hoofde van mening is dat skorsing enige opvoedkundige waarde inhou.

Uit Tabel 3.6 blyk dit dat skorsing (2,3%) en uitsetting (6,1%) in 'n mindere mate plaasgevind het en dat 'n klein meerderheid (52%) skoolhoofde van mening is dat skorsing van leerlinge geen opvoedkundige waarde inhou nie.

#### 3.3.4.5 Gevolgtrekking

Dit blyk dus dat die skoolhoofde oorwegend die juridiese determinante en regulasies sowel as skoolreëls stiptelik nakom en ook van mening is dat skoolreëls orde en dissipline vergemaklik. Die skoolhoofde meen ook dat lyfstraf nie afgeskaf moet word nie, en hulle is redelik verdeeld oor die vraag of skorsing opvoedkundige waarde inhou of nie.

### 3.3.5 Tugmaatreëls

#### 3.3.5.1 Die motiewe vir straf

Die doel van die vraag (vergelyk Bylae A, Vraag 5.1) was om te bepaal watter motiewe by skoolhoofde aanwesig is wanneer hulle straf.

*TABEL 3.7 MOTIEWE BY STRAF*

| 5.1 Motiewe by straf | ALTYD | | DIKWELS | | SELDE | | NOOIT | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % |
| **5.1.1 Vergelding** | 7 | 2,8 | 2 | 0,8 | 27 | 11,0 | 210 | 85,4 |
| **5.1.2 Toekomstige verbetering van die leerling** | 135 | 52,1 | 58 | 22,4 | 54 | 20.8 | 12 | 4,6 |
| **5.1.3 Afskrikmiddel vir toekomstige oortredings** | 35 | 14,0 | 77 | 30,8 | 96 | 38,4 | 42 | 16,8 |
| **5.1.4 Ander** | 17 | 18,9 | 13 | 14,4 | 18 | 20,0 | 42 | 46,7 |

Uit Tabel 3.7 blyk die volgende:

- Min skoolhoofde (3,4%) straf met 'n motief gerig op vergelding.
- Die oorwegende persentasie (74,5) van die skoolhoofde straf met die doel om die leerling (vir die toekoms) te verbeter.
- Skoolhoofde straf slegs in 44,8 persent gevalle met die motief van 'n afskrikmiddel vir toekomstige oortredings.

Hieruit kan afgelei word dat skoolhoofde selde of nooit straf met vergelding as motief nie; dat hulle merendeels straf met die motief van 'n toekomstige verbetering van die leerling, en ook dat die meeste (66,7%) skoolhoofde straf nie as 'n afskrikmiddel gebruik nie. Verder is dit duidelik dat 33,3 persent van die skoolhoofde van ander motiewe gebruik maak by die toediening van straf.

### 3.3.5.2 Oorwegings vir die toediening van straf

Die doel van die vraag (vergelyk Bylae A, Vraag 5.2) was om te bepaal hoe dikwels skoolhoofde 'n aantal oorwegings in gedagte hou wanneer die leerling 'n oortreding begaan en tugmaatreëls toegepas moet word.

*TABEL 3.8 DIE OORWEGINGS IN GEDAGTE MET OORTREDINGS*

| 5.2 Die oorwegings in gedagte met oortredings | ALTYD | | DIKWELS | | SELDE | | NOOIT | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 5.2.1 Die aard en omvang van oortreding | 246 | 96,1 | 8 | 3,1 | 2 | 0,8 | 0 | 0 |
| 5.2.2 Die besondere omstandighede waarin die oortreder verkeer | 228 | 88,7 | 28 | 10,9 | 1 | 0,4 | 0 | 0 |
| 5.2.3 Redelikheid | 239 | 92,6 | 18 | 7,0 | 1 | 0,4 | 0 | 0 |
| 5.2.4 Gelyke strawwe vir gelyke oortredings | 181 | 71,0 | 50 | 19,6 | 16 | 6,3 | 8 | 3,1 |
| 5.2.5 Die uniekheid en andersoortigheid wat opgesluit lê in die individu | 183 | 71,5 | 65 | 25,4 | 6 | 2,3 | 2 | 0,8 |
| 5.2.6 'n Gerigtheid op vergelding | 35 | 13,7 | 10 | 3,9 | 25 | 9,8 | 185 | 72,5 |
| 5.2.7 'n Gerigtheid op toekomstige verbetering | 182 | 71,4 | 46 | 18 | 21 | 8,2 | 6 | 2,4 |
| 5.2.8 Die konsekwentheid van gedrag (wat vandag onaanvaarbaar is, is môre ook onaanvaarbaar) | 210 | 82,4 | 33 | 12,9 | 10 | 3,9 | 2 | 0,8 |

Uit Tabel 3.8 blyk die volgende:

- Skoolhoofde oorweeg grootliks (99,2%) die aard en omvang van die oortreding voordat hulle tug.
- Die skoolhoofde oorweeg feitlik deurgaans (99,6%) die besondere omstandighede waarin die oortreder verkeer ten tye van die oortreding.
- Die skoolhoofde oorweeg eweneens (99,6%) redelikheid wanneer 'n leerling 'n oortreding begaan.
- Gelyke strawwe vir gelyke oortredings word in 'n groot mate deur skoolhoofde (90,6%) in oorweging gehou by toepassing van tugmaatreëls.
- Die uniekheid en andersoortigheid wat opgesluit lê in die individue word in 'n groot mate deur skoolhoofde (96,9%) in oorweging geneem wanneer 'n oortreding begaan is.
- Skoolhoofde oorweeg in 'n mindere mate (17,6%) 'n gerigtheid op vergelding wanneer 'n leerling 'n oortreding begaan en straf toegepas moet word.
- Skoolhoofde oorweeg feitlik deurgaans (89,4%) 'n gerigtheid op toekomstige verbetering wanneer die leerling 'n oortreding begaan en tugmaatreëls toegepas word.
- Die konsekwentheid van gedrag word feitlik deurgaans deur skoolhoofde (95,3%) in oorweging gehou by die oortreding wat deur die leerling begaan is.

Uit die voorafgaande kan afgelei word dat skoolhoofde in 'n groot mate die aard en omvang van die oortreding, omstandighede, redelikheid, gelyke strawwe vir gelyke oortredings, die uniekheid van die individu, gerigtheid op toekomstige verbetering en die konsekwentheid van gedrag in oorweging neem wanneer die leerling 'n oortreding begaan en dat slegs 'n gerigtheid op vergelding baie selde (in 17,6% gevalle) deur skoolhoofde oorweeg word by die oortreding wat deur 'n leerling begaan is.

#### 3.3.5.3 Oorsake van ongedissiplineerdheid in die skool

Die doel van die vraag (vergelyk Bylae A, Vraag 5.3) was om te bepaal watter faktore moontlike oorsake van ongedissiplineerdheid is.

*TABEL 3.9 FAKTORE WAT MOONTLIKE OORSAKE VAN ONGEDISSIPLINEERDHEID IS*

| 5.3 Oorsake van ongedissiplineerdheid | ALTYD | | DIKWELS | | SELDE | | NOOIT | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 5.3.1 'n Gebrek aan ouerlike dissipline, beheer en/of liefde by die ouerhuis | 27 | 10,4 | 215 | 82,7 | 17 | 6,5 | 1 | 0,4 |
| 5.3.2 Enkelgesinne (moeder of vader) | 3 | 1,2 | 203 | 78,7 | 49 | 19,0 | 3 | 1,2 |
| 5.3.3 Onderlinge waardeverskille tussen ouers | 8 | 3,1 | 160 | 62,7 | 83 | 32,5 | 4 | 1,6 |
| 5.3.4 'n Swak selfbeeld by die leerling | 10 | 3,9 | 156 | 60,9 | 87 | 34,0 | 3 | 1,2 |
| 5.3.5 Prestasiedruk van sy ouderdomsgroep | 4 | 1,6 | 109 | 42,4 | 137 | 53,3 | 7 | 2,7 |
| 5.3.6 'n Prestasiedruk van sy ouers | 9 | 3,5 | 122 | 47,5 | 123 | 47,9 | 3 | 1,2 |
| 5.3.7 Oorbevolking in sekere huise (bv. gesinne wat noodgedwonge saamwoon) | 8 | 3,1 | 61 | 23,9 | 140 | 54,9 | 46 | 18,0 |
| 5.3.8 Omgewingsfaktore soos woongebied, leefwyse, opvoeding en kwalifikasies | 12 | 4,7 | 125 | 48,6 | 107 | 41,6 | 13 | 5,1 |
| 5.3.9 Blootstelling aan misdaad en geweld | 13 | 5,1 | 69 | 27,2 | 140 | 55,1 | 32 | 12,6 |
| 5.3.10 'n Gebrek aan studeerplek | 4 | 1,6 | 66 | 25,9 | 162 | 63,5 | 23 | 9,0 |
| 5.3.11 Die onpersoonlikheid op skool (groot klasse, geen persoonlike kontak) | 3 | 1,2 | 42 | 16,4 | 138 | 53,9 | 73 | 28,52 |
| 5.3.12 Onbuigsame, onsimpatieke en onsensitiewe gesindhede van onderwysers | 6 | 2,3 | 37 | 14,5 | 160 | 62,5 | 53 | 20 |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **5.3.13 Onderwysers wat negatief ingestel is teenoor leerlinge bevorder negatiewe gedrag** | 17 | 6,6 | 60 | 23,3 | 134 | 51,9 | 47 | 18,2 |
| **5.3.14 Waarde-verskille tussen die onderwyser en leerlinge** | 7 | 2,7 | 75 | 29,2 | 151 | 58,8 | 24 | 9,3 |
| **5.3.15 'n Skoolfobie by leerlinge weens hulle onvermoë om die skoolwerk baas te raak** | 4 | 1,6 | 86 | 33,3 | 146 | 56,6 | 22 | 8,5 |
| **5.3.16 Vervelige onderrig en onvoorbereide lesse wat deur die opvoeder aange-bied word** | 10 | 3,9 | 57 | 22,1 | 151 | 58,5 | 40 | 15,5 |
| **5.3.17 Sekere gedragsafwykings onder sy leerlinge soos byvoorbeeld diefstal** | 4 | 1,6 | 77 | 30,6 | 159 | 63,1 | 12 | 4,8 |
| **5.3.18 Ander** | 7 | 10,8 | 24 | 36,9 | 21 | 32,3 | 13 | 20,0 |

Uit Tabel 3.9 blyk die volgende:

Die volgende is grootliks oorsake van ongedissiplineerdheid:

- 'n Gebrek aan ouerlike dissipline, beheer en/of liefde by die ouerhuis (93,1%).
- Enkelgesinne (moeder of vader) (79,9%).
- Onderlinge waardeverskille tussen ouers (65,8%).
- 'n Swak selfbeeld by die leerling (64,8%).

Enkele aspekte wat volgens die skoolhoofde nie bydra tot ongedissiplineerdheid nie, is:

- Onderwysers wat negatief ingestel is teenoor leerlinge (29,9%).
- 'n Gebrek aan studeerplek (27,5%).
- Oorbevolking in sekere huise (byvoorbeeld gesinne wat noodgedwonge saamwoon) (27%).
- Vervelige onderrig en onvoorbereide lesse (26%).
- Die onpersoonlikheid op skool (groot klasse, geen persoonlike kontak) (17,6%).
- Onbuigsame, onsimpatieke en onsensitiewe gesindhede van onderwysers (16,8%).

Opsommend kan gestel word dat die skoolhoofde die volgende as oorsake van ongedissiplineerdheid uitgewys het: 'n gebrek aan ouerlike dissipline, beheer en liefde by die ouerhuis, enkel-ouergesinne, onderlinge waardeverskille tussen ouers en 'n swak selfbeeld by die leerling. Dit blyk verder dat (47,7%) van die skoolhoofde nog ander oorsake van ongedissiplineerdheid uitgewys het.

### 3.3.6 Die toepassing van tugmaatreëls

#### 3.3.6.1 Liefdevolle teregwysing

Die doel van dié vraag (vergelyk Bylae A, Vraag 5.4) is om te bepaal watter vorme van liefdevolle teregwysing deur skoolhoofde toegepas word.

*TABEL 3.10 LIEFDEVOLLE TEREGWYSING*

| 5.4 Liefdevolle teregwysing | ALTYD | | DIKWELS | | SELDE | | NOOIT | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % |
| **5.4.1 'n Onderhoudvoering met die leerling om die oorsaak vas te stel** | 168 | 65,1 | 89 | 34,5 | 1 | 0,4 | 0 | 0 |
| **5.4.2 Die stigting van 'n vertrouensverhouding tussen leerling en opvoeder** | 160 | 62,0 | 98 | 38,0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| **5.4.3 Teregwysing in die lig van u kennis van die kind** | 154 | 59,7 | 102 | 39,5 | 2 | 0,8 | 0 | 0 |
| **5.5.4 Die eerbiedwaardige hantering van die kind deur opvoeder** | 187 | 72,5 | 70 | 27,1 | 1 | 0,4 | 0 | 0 |
| **5.5.5 'n Liefdevolle straf vir die oortreding wat hy gedoen het** | 156 | 61,4 | 91 | 35,8 | 5 | 2,0 | 2 | 0,8 |
| **5.5.6 Ander** | 19 | 37,3 | 16 | 31,4 | 6 | 11,8 | 10 | 19,6 |

Uit Tabel 3.10 blyk die volgende gegewens dat:

- skoolhoofde deurgaans (100%) die stigting van 'n vertrouensverhouding tussen leerling en opvoeder in 'n groot mate aanbeveel.
- skoolhoofde feitlik deurgaans (99,6%) 'n onderhoud met die leerling het om die oorsaak vas te stel van sy oortreding wat hy begaan het.
- skoolhoofde feitlik deurgaans (99,6%) die eerbiedwaardige hantering van die kind in aanmerking neem.
- skoolhoofde feitlik deurgaans (99,2%) teregwysing in die lig van sy kennis van die kind toepas.
- skoolhoofde (97,2%) feitlik deurgaans 'n liefdevolle straf toepas vir sy oortreding wat hy gedoen het.

Daar kan dus afgelei word dat die meeste van die respondente feitlik deurgaans liefdevolle teregwysing in ag neem by die toepassing van straf en dat daar skoolhoofde is wat gebruik maak van ander liefdevolle teregwysing as in tabel 3.10 (68,7%).

#### 3.3.6.2 Verbale tugmaatreëls

Die doel van dié vraag (vergelyk Bylae A, Vraag 5.5) is om te bepaal van watter vorme van verbale tugmaatreëls hoofde gebruik maak.

*TABEL 3.11 VERBALE TUGMAATREËLS*

| 5.5 Vorme van verbale tugmaatreëls | ALTYD | | DIKWELS | | SELDE | | NOOIT | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 5.5.1 Sjuut-geluide | 2 | 0,8 | 49 | 20,4 | 93 | 38,8 | 96 | 40,0 |
| 5.5.2 Stemvolume | 14 | 5,5 | 138 | 54,3 | 81 | 31,9 | 21 | 8,3 |
| 5.5.3 Stemtoon | 34 | 13,3 | 194 | 76,1 | 24 | 9,4 | 3 | 1,2 |
| 5.5.4 Spraaktempo | 16 | 6,3 | 150 | 58,8 | 74 | 29,0 | 15 | 5,9 |
| 5.5.5 Sarkasme (tong in die kies) | 1 | 0,4 | 10 | 4,0 | 89 | 35,3 | 152 | 60,3 |
| 5.5.6 Humor wat as vermaning dien | 7 | 2,8 | 175 | 68,9 | 63 | 24,8 | 9 | 3,5 |
| 5.5.7 Woordelike bestraffing | 11 | 4,3 | 221 | 86,7 | 22 | 8,6 | 1 | 0,4 |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **5.5.8 Berisping** | 15 | 5,9 | 222 | 86,7 | 15 | 5,9 | 4 | 1,6 |
| **5.5.9 Blote dreigemente sonder optrede** | 1 | 0,4 | 31 | 12,2 | 128 | 50,4 | 94 | 37,0 |
| **5.5.10 Onbeheerde woede** | 0 | 0 | 1 | 0,4 | 42 | 16,5 | 211 | 83,1 |
| **5.5.11 Histeriese uitbarsting/skreeu** | 0 | 0 | 1 | 0,4 | 27 | 10,7 | 225 | 88,9 |
| **5.5.12 Rapportering van 'n leerling** | 13 | 6,0 | 76 | 34,9 | 81 | 37,2 | 48 | 22,0 |
| **5.5.13 Ander** | 3 | 8,6 | 8 | 22,9 | 13 | 37,1 | 11 | 31,4 |

Uit Tabel 3.11 blyk die volgende:

Die respondente maak grootliks van die onderstaande verbale tugmaatreëls in die klas gebruik:

- Berisping (92,6%)
- Verbale bestraffing (91,0%)
- Stemtoon (89,4%)
- Humor wat as vermaning dien (71,7%)
- Spraaktempo (65,1%)
- Stemvolume (59,8%)

Skoolhoofde maak in 'n mindere mate van die volgende verbale tugmaatreëls in die klas gebruik:

- Onbeheerste woede (0,4%)
- Sarkasme (tong in die kies) (4,4%)
- Blote dreigemente sonder optrede (12,6%)
- Sjuut-geluide (21,2%).

Oor die algemeen blyk dit dat hoofde gebalanseerd en beheersd en volwasse optree by die uitoefening van tugmaatreëls. Slegs een skoolhoof (n = 1) rapporteer dat hy onbeheerste woede uitgewys het.

### 3.3.6.3 Nie-verbale tugmaatreëlsvorme

Die doel van die vraag (vergelyk Bylae A, Vraag 5.6) is om te bepaal watter nie-verbale tugmaatreëls deur die skoolhoofde gebruik word.

*TABEL 3.12 NIE-VERBALE TUGMAATREËLSVORME*

| 5.6 Nie-verbale tugmaatreëlsvorme | ALTYD | | DIKWELS | | SELDE | | NOOIT | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % |
| **5.6.1 Isolering (afsondering)** | 0 | 0 | 8 | 3,1 | 61 | 23,6 | 189 | 73,3 |
| **5.6.2 Ontneem van voorregte (bv. 'n opvoedkundige uitstappie)** | 3 | 1,2 | 20 | 7,8 | 82 | 31,8 | 153 | 59,3 |
| **5.6.3 Skoolsit** | 0 | 0 | 5 | 1,9 | 46 | 17,8 | 207 | 80,2 |
| **5.6.4 Tydelike skorsing van 'n aktiwiteit (bv. rugbywedstryd)** | 1 | 0,4 | 6 | 2,3 | 83 | 32,3 | 167 | 65,0 |
| **5.6.5 Strafwerk** | 1 | 0,4 | 35 | 13,6 | 106 | 41,2 | 115 | 44,7 |
| **5.6.6 Nie-verbale seine (bv. direkte oogkontak)** | 26 | 10,0 | 184 | 70,8 | 37 | 14,2 | 13 | 5,0 |
| **5.6.7 Telefoniese gesprek met ouer van kind** | 17 | 6,5 | 180 | 69,0 | 59 | 22,6 | 5 | 1,9 |
| **5.6.8 Ander** | 4 | 7,8 | 17 | 33,3 | 15 | 29,4 | 15 | 29,4 |

Uit die tabel blyk dit dat die skoolhoofde oorwegend van die volgende nie-verbale tugmaatreëls in die klaskamer gebruik maak:

- Nie-verbale seine (byvoorbeeld direkte oogkontak) (80,8%).
- Telefoniese gesprekke met die kind se ouer om probleme op te los (75,5%).

Dit is duidelik uit die tabel dat skoolhoofde in 'n mindere mate gebruik maak van die volgende nie-verbale tugmaatreëlsvorme:

- Skoolsit (1,9%)
- Tydelike skorsing van 'n aktiwiteit (2,7%)
- Isolering/afsondering (3,1%)
- Ontneming van voorregte (9%)
- Strafwerk (14%).

Afleidings wat gemaak kan word, is dat om 'n leerling te isoleer, voorregte te ontneem, skool te laat sit, tydelik te skors van aktiwiteite en om skriftelike strafwerk te gee geen opvoedkundige waarde inhou nie en daarom beveel hoofde dit ook nie aan nie. Verder beveel hoofde aan die nie-verbale seine (direkte oogkontak) met die leerlinge wat opvoedkundig werklik waarde inhou en die leerling ten volle in beheer hou van sy dissipline en selfkontrolering.

### 3.3.6.4 Oorwegings by die toedien van lyfstraf

Die doel van die vraag (vergelyk Bylae A, Vraag 5.7) is om te bepaal of die skoolhoofde die volgende aspekte in ag neem voordat hy lyfstraf toedien.

*TABEL 3.13 OORWEGINGS BY DIE TOEDIEN VAN LYFSTRAF*

| **5.7 Oorwegings by die toedien van lyfstraf** | **ALTYD** | | **DIKWELS** | | **SELDE** | | **NOOIT** | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **f** | **%** | **f** | **%** | **f** | **%** | **f** | **%** |
| **5.7.1 Die geestestoestand van die kind** | 188 | 73,2 | 65 | 25,3 | 2 | 0,8 | 2 | 0,8 |
| **5.7.2 Die fisieke toestand van die kind** | 221 | 85,0 | 37 | 14,2 | 2 | 0,8 | 0 | 0 |
| **5.7.3 Het die leerling geleentheid gekry om sy saak te stel waarom hy die oortreding begaan het** | 248 | 96,1 | 9 | 3,5 | 1 | 0,4 | 0 | 0 |
| **5.7.4 Ander** | 31 | 63,3 | 6 | 12,2 | 1 | 2,0 | 11 | 22,4 |

Uit die tabel blyk die volgende gegewens:

- Dat skoolhoofde feitlik deurgaans (98,5%) die geestestoestand van die kind in ag neem voordat lyfstraf werklik toegedien word.
- Skoolhoofde neem eweneens (99,2%) die fisieke toestand van die kind in ag voordat lyfstraf werklik toegedien word.
- Skoolhoofde gee ook feitlik deurgaans (99,6%) die leerling geleentheid om sy saak te stel waarom hy die oortreding begaan het.

### 3.3.6.5 Voorwerpe waarmee lyfstraf toegedien word

Die doel van die vraag (vergelyk Bylae A, Vraag 5.8) is om te bepaal watter voorwerpe/ instrumente deur die skoolhoofde gebruik word om lyfstraf toe te dien.

*TABEL 3.14 INSTRUMENTE OM LYFSTRAF TOE TE DIEN*

| 5.8 Instrumente om lyfstraf toe te dien | ALTYD | | DIKWELS | | SELDE | | NOOIT | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 5.8.1 Rottang | 149 | 58,2 | 34 | 13,3 | 47 | 18,4 | 26 | 10,2 |
| 5.8.2 Gladde lat | 8 | 3,2 | 8 | 3,2 | 18 | 7,2 | 217 | 86,5 |
| 5.8.3 Plat plank | 9 | 3,6 | 19 | 7,5 | 20 | 7,9 | 205 | 81,0 |
| 5.8.4 Rubberpyp (laboratorium) | 0 | 0 | 1 | 0,4 | 0 | 0 | 249 | 99,6 |
| 5.8.5 Ander | 5 | 4,8 | 5 | 4,8 | 6 | 5,8 | 88 | 84,6 |

Uit Tabel 3.14 blyk dit oorwegend dat die rottang (steeds) die meeste gebruik word om lyfstraf toe te dien (71,5%), terwyl die respondente ander instrumente in 'n mindere mate gebruik, terwyl slegs een hoof van 'n rubberpyp en enkeles (9,6) van ander voorwerpe gebruik maak.

- Dat skoolhoofde feitlik deurgaans (71,5%) van die rottang gebruik maak om lyfstraf toe te dien.
- Skoolhoofde maak vir in 'n mindere mate (6,4%) van 'n gladde lat gebruik om te straf.

- Skoolhoofde maak in 'n mindere mate (11,1%) van 'n plat plank gebruik om te straf.
- Skoolhoofde maak in 'n mindere mate (0,4%) van 'n rubberpyp gebruik om te straf.

Hieruit lei ons af dat die meeste skoolhoofde van die rottang gebruik maak om lyfstraf mee toe te dien en sodoende in hierdie opsig by die Regulasie bly met die nodige voorskrifte. Dit wek nogtans kommer dat daar wel 9,6 persent van die respondente is wat van ander voorwerpe gebruik maak om lyfstraf toe te dien. Ander voorwerpe wat wel deur skoolhoofde gebruik word, is voorwerpe soos 'n dubbele 30 cm. liniaal, die plathand. Hoewel dit volgens die regulasie uitgespel is, doen hoofde dit nog. Hierbenewens is daar verdere voorwerpe naamlik die plat plank en rubberpyp.

### 3.3.6.6 Toediening van lyfstraf

Die doel van die vraag (vergelyk Bylae A, Vraag 5.9) is om te bepaal wie lyfstraf in die skool toedien.

*TABEL 3.15 TOEDIENING VAN LYFSTRAF*

| 5.9 Wie dien lyfstraf toe | ALTYD | | DIKWELS | | SELDE | | NOOIT | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 5.9.1 Deur die skoolhoof self | 142 | 56,1 | 93 | 36,8 | 14 | 5,5 | 4 | 1,6 |
| 5.9.2 In die klas deur 'n onderwyser, deur u gedelegeer (in teenwoordigheid van ander leerlinge) | 5 | 2,0 | 6 | 2,4 | 20 | 7,9 | 222 | 87,7 |
| 5.9.3 Deur die adjunkhoof (deur u gedelegeer) in die kantoor | 16 | 6,5 | 105 | 42,5 | 88 | 35,6 | 38 | 15,4 |
| 5.9.4 Deur enige ander onderwyser, nie in u teenwoordigheid nie | 2 | 0,8 | 6 | 2,4 | 43 | 17,1 | 201 | 79,8 |
| 5.9.5 Ander | 3 | 4,0 | 13 | 17,3 | 9 | 12,0 | 50 | 66,7 |

Uit die tabel blyk die volgende:

- Skoolhoofde dien feitlik deurgaans (92,9%) lyfstraf toe.
- Skoolhoofde help in 'n groot mate (49%) dat lyfstraf slegs deur die gedelegeerde (adjunkhoof) in die kantoor toegedien word.
- Daar is 4,4 persent van die skoolhoofde wat toelaat dat 'n leerling gestraf mag word sonder die teenwoordigheid van die hoof of adjunkhoof (in die teenwoordigheid van ander leerlinge).
- 'n Klein minderheid van die skoolhoofde (3,2%) laat toe dat slegs onderwysers lyfstraf mag toedien.

Dit blyk dus dat 'n leerling slegs deur die hoof of adjunkhoof (gedelegeerde) gestraf word.

Dit is verder kommerwekkend dat skoolhoofde toelaat dat leerlinge in die teenwoordigheid van ander leerlinge gestraf word (4,4%) en verder dat slegs onderwysers toegelaat word om 'n leerling te straf (3,2%) sonder toesig van die hoof. Dit is dus teenstrydig met die regulasie van lyfstraf (Regulasies ingevolge die Wet op Onderwysaangeleenthede, Volksraad, 1988).

### 3.3.6.7 Straf van 'n onordelike klas

Die doel van die vraag (vergelyk Bylae A, Vraag 5.10) is om te bepaal hoe skoolhoofde hulle eie klasse wat onordelik was met massastraf gaan straf.

*TABEL 3.16 STRAF VAN 'N ONORDELIKE KLAS*

| **5.10 Straf van 'n onordelike klas** | **ALTYD** | | **DIKWELS** | | **SELDE** | | **NOOIT** | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **f** | **%** | **f** | **%** | **f** | **%** | **f** | **%** |
| **5.10.1 Met massastraf** | 6 | 2,4 | 7 | 2,8 | 90 | 35,6 | 150 | 59,3 |
| **5.10.2 Maak eers baie seker wie die oortreder was en straf dan die skuldige** | 109 | 43,3 | 93 | 36,9 | 24 | 9,5 | 26 | 10,3 |
| **5.10.3 'n Ander metode** | 17 | 24,6 | 5 | 7,2 | 7 | 10,1 | 40 | 58,0 |

Uit die tabel blyk die volgende:

- Massastraf word in 'n mindere mate (5,2%) toegepas.
- In 19,8 persent gevalle is die skoolhoofde van mening dat dit nie nodig is dat eers baie seker gemaak word wie die oortreder was en dan daarna die skuldige straf nie.

Dit is onrusbarend dat 19,8 persent van die skoolhoofde massastraf toepas sonder om eers seker te maak wie werklik die skuldiges was. Dit is opvoedkundig teenstrydig met die onderwysregulasies (leerlinge kan nie onskuldig gestraf word nie) (Regulasies ingevolge die Wet op Onderwysaangeleenthede, Volksraad, 1988).

### 3.3.6.8 Rekordhouding van lyfstraf

Die doel van die vraag (vergelyk Bylae A, Vraag 5.11) is om te bepaal hoe gereeld skoolhoofde rekord hou van lyfstraf wat toegedien is aan leerlinge.

*TABEL 3.17 REKORDHOUDING VAN LYFSTRAF*

| 5.11 Rekord hou van lyfstraf toegedien | ALTYD | | DIKWELS | | SELDE | | NOOIT | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 5.11.1 Naam van leerling | 238 | 93,3 | 14 | 5,5 | 1 | 0,4 | 2 | 0,8 |
| 5.11.2 Ouderdom van leerling | 243 | 93,8 | 13 | 5,0 | 1 | 0,4 | 2 | 0,8 |
| 5.11.3 Die rede van straf | 246 | 95,0 | 12 | 4,6 | 1 | 0,4 | 0 | 0 |
| 5.11.4 Aantal houe toegedien (maksimum van vyf) | 244 | 94,2 | 11 | 4,2 | 2 | 0,8 | 2 | 0,8 |
| 5.11.5 Die datum van straf toegedien | 246 | 95,0 | 11 | 4,2 | 2 | 0,8 | 0 | 0 |
| 5.11.6 Naam van persoon wat straf toegedien het | 239 | 92,6 | 12 | 4,7 | 3 | 1,2 | 4 | 1,6 |

Hieruit kan afgelei word dat alle skoolhoofde feitlik deurgaans rekord hou van alle gegewens met betrekking tot die toediening van lyfstraf, naamlik die naam van die leerling (48,8%), ouderdom (98,8%), rede van straf (99,6%), aantal houe (98,4%), datum (99,2%) en naam van persoon wat lyfstraf toegedien het (97,3%). Skoolhoofde is dus grootliks op hoogte van Regulasie 4 van lyfstraf en pas die Regulasie toe.

### 3.3.6.9 Leerlinggesindheid by uitoefening van tugmaatreëls

Die doel van die vraag (vergelyk Bylae A, Vraag 5.12) is om te bepaal watter eienskappe van die leerlinge waarneembaar is deur die skoolhoofde gedurende die uitoefening van algemene tugmaatreëls.

*TABEL 3.18 LEERLINGGESINDHEID BY UITOEFENING VAN ALGEMENE TUGMAATREËLS*

| 5.12 Leerlinggesindheid by uitoefening van tugmaatreëls | ALTYD | | DIKWELS | | SELDE | | NOOIT | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 5.12.1 Aanvaarding | 95 | 36,4 | 163 | 62,5 | 3 | 1,1 | 0 | 0 |
| 5.12.2 Parmantigheid | 2 | 0,8 | 7 | 2,7 | 181 | 69,6 | 70 | 26,9 |
| 5.12.3 Opstandigheid | 1 | 0,4 | 6 | 2,3 | 191 | 73,5 | 62 | 23,8 |
| 5.12.4 Aggressiwiteit | 1 | 0,4 | 4 | 1,5 | 166 | 63,8 | 89 | 34,2 |
| 5.12.5 Traak-my-nie-agtigheid | 0 | 0 | 21 | 8,1 | 197 | 75,8 | 42 | 16,2 |
| 5.12.6 Emosieloosheid | 0 | 0 | 17 | 6,6 | 195 | 75,9 | 44 | 17,1 |
| 5.12.7 Ander | 3 | 5,8 | 15 | 28,8 | 8 | 15,4 | 26 | 50,0 |

Uit die tabel blyk die volgende:

- Skoolhoofde bevestig dat leerlinge feitlik deurgaans (98,9%) die uitoefening van tugmaatreëls positief aanvaar.
- Die volgende eienskappe is in 'n mindere mate waarneembaar: traak-my-nie-agtigheid (8,1%), emosieloosheid (6,6%), parmantigheid (3,5%), opstandigheid (2,7%) en aggressiwiteit (1,9%).

#### 3.3.6.10 Leerlinggesindheid by die toediening van lyfstraf

Die doel van die vraag (vergelyk Bylae A, Vraag 5.13) is om te bepaal watter eienskappe van die leerlinge deur die skoolhoofde waarneembaar is tydens die toediening van lyfstraf.

*TABEL 3.19 LEERLINGGESINDHEID BY DIE TOEDIENING VAN LYFSTRAF*

| 5.13 Leerlinggesindheid by die toediening van straf | ALTYD | | DIKWELS | | SELDE | | NOOIT | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 5.13.1 Aanvaarding | 85 | 33,6 | 157 | 62,1 | 1 | 4,3 | 0 | 0 |
| 5.13.2 Parmantigheid | 5 | 1,9 | 9 | 3,5 | 169 | 65,8 | 74 | 28,8 |
| 5.13.3 Opstandigheid | 1 | 0,4 | 9 | 3,5 | 177 | 68,9 | 70 | 27,2 |
| 5.13.4 Aggressiwiteit | 1 | 0,4 | 7 | 2,7 | 159 | 61,9 | 90 | 35,0 |
| 5.13.5 Traak-my-nie-agtigheid | 1 | 0,4 | 22 | 8,6 | 183 | 71,2 | 51 | 19,8 |
| 5.13.6 Emosieloosheid | 1 | 0,4 | 18 | 7,2 | 177 | 70,8 | 54 | 21,6 |
| 5.13.7 Ander | 1 | 2,0 | 13 | 26,0 | 10 | 20,0 | 26 | 52,0 |

Uit die tabel blyk die volgende gegewens:

- Aanvaarding is in 'n groot mate (95,7%) waarneembaar deur die skoolhoofde as die gesindheid by die toediening van lyfstraf.
- Die volgende eienskappe is in 'n mindere mate waarneembaar: traak-my-nie-agtigheid (9,0%), emosieloosheid (7,6%), parmantigheid (5,4%), opstandigheid (3,9%) en aggressiwiteit (3,1%).

Hieruit word afgelei dat aanvaarding deur die skoolhoofde uitgewys is as die belangrikste waarneembare eienskap by die toediening van lyfstraf. Die ander eienskappe is selde of nooit waarneembaar by die toediening van lyfstraf nie.

#### 3.3.6.11 Sintese van die toepassing van tugmaatreëls

Samevattend kan 'n paar kenmerkende aspekte van tugmaatreëls genoem word: die liefdevolle teregwysing met die stigting van 'n vertrouensverhouding met die leerling, verbale berisping en bestraffing, die nie-verbale seine, die geleentheid wat die leerling het om sy saak te stel, die skoolhoofde wat met die rottang volgens die regulasies tug, hoofde en adjunkhoofde wat leerlinge tug, hoofde wat seker maak wie by massastraf gestraf moet word, die hoofde wat stiptelik is met die rekordhouding van lyfstraf, en die goeie gesindhede wat geopenbaar word deur die hoofde sowel as leerlinge gedurende lyfstraftoediening. Die onaangename aspekte van tugmaatreëls is voorts die histeriese uitbarsting en onbeheerste woede wat deur hoofde nie aanbeveel word nie, nie-verbale tugvorme soos skoolsit en tydelike skorsing van aktiwiteite wat tog deur personeel beoefen word, die voorwerpe soos rubberpyp, liniaal, plat plank en plathand waarmee lyfstraf toegedien word, teenstrydig met die regulasies, hoofde wat onderwysers toelaat om lyfstraf toe te dien sonder sy toestemming, hoofde wat massastraf toedien sonder om eers seker te maak wie die skuldige was en die gesindheid wat leerling in 'n mate openbaar by lyfstraftoepassing. Hierdie onaangename aspekte wek groot kommer vir die optrede van sekere hoofde teenoor die leerlinge met die toepassing van tugmaatreëls in die skool.

#### 3.3.6.12 Probleme wat skoolhoofde ervaar met die toepassing van tugmaatreëls

Die doel van die vraag ('n oop vraag) (vergelyk Bylae A, Vraag 5.14) is om te bepaal watter probleme skoolhoofde werklik ervaar met die toepassing van tugmaatreëls.

Uit die response blyk die volgende probleme:

- Skoolhoofde kry nie altyd die nodige samewerking van ouers nie (n = 10)
- Sekere ouers glo glad nie in lyfstraf nie.
- Sonder liefde dien tug geen doel by die skool asook by die ouerhuis nie.
- Groepklasse skep probleme by klein skooltjies wanneer straf in die kantoor toegedien word en die ander in die klas moet wag.
- Sommige personeellede wil net altyd slaan, omdat dit die enigste metode van straf vir hulle is.
- Leerlinge se gedrag laat veel te wense oor, veral gedurende die laaste paar jaar as gevolg van omstandighede in die land en tuis. Leerlinge kom onseker voor en dit word aanvaar as opstandigheid en aggressiwiteit.
- Die hoof of gedelegeerde is nie altyd by en beskikbaar as oortredings begaan word en daar gestraf moet word nie.

- Parmantige dogters bly 'n probleem.
- Opvoedingsnorme by die huis bots met dié van die skool.
- Personeel ignoreer dikwels die tugregulasies en dien lyfstraf (hoewel matig) in die klas toe sonder die medewete van die hoof.

## 3.4 SAMEVATTING

In Hoofstuk 3 is 'n uiteensetting gemaak van die navorsingsontwerp.

Die vraelys is as meetinstrument bespreek, en die voor- sowel as nadele van posvraelyste is uitgewys. Die gestruktureerde posvraelys is vir die ondersoek gebruik. Respondente is in 'n brief versoek om die vrae te beantwoord. Die vraelys bestaan uit drie afdelings, naamlik Afdeling A (biografiese besonderhede 1.1 - 1.6), Afdeling B (demografiese besonderhede 2.1 - 2.2) en Afdeling C (3.1 - 3.2 en 4.1 - 4.12 en 5.1 - 5.14).

Die dataverwerking van die response is in elke afdeling gedoen. Die resultate is getabuleer en sodoende is die bespreking vergemaklik.

In Hoofstuk 4 word 'n samevatting gegee van die geheel van die vorige hoofstukke. Gevolgtrekkings en aanbevelings sal gemaak word om hierdie ondersoek te voltooi.

# HOOFSTUK 4

## SAMEVATTING, BEVINDINGS, AANBEVELINGS EN EVALUERING VAN TUGMAATREËLS IN DIE PRIMÊRE SKOOL

### 4.1 SAMEVATTING

In Hoofstuk 1 is aandag gegee aan oriëntering, probleemstelling, die doel van die navorsing, navorsingsmetodes, terreinafbakening en die program van die navorsing.

In Hoofstuk 2 is die juridiese en pedagogiese aard en wese van tugmaatreëls bespreek. Eerstens is die begripsverheldering van gesag, orde, dissipline en tug gegee. Hierna is 'n breedvoerige ontleding van die onderwysregtelike grondslag vir tuguitoefening, asook die wesensaard van opvoedende tug gemaak. Die volgende is ook ontleed en nagevors:

- riglyne by tugmaatreëls
- ongeoorloofde tugtigingshandeling
- redes en oorsake vir ongedissiplineerdheid
- rasionaal vir tuguitoefening
- vorme van tuguitoefening

Hoofstuk 3 handel oor die empiriese ondersoek. Die meetinstrument wat gebruik is, naamlik die gestruktureerde vraelyste, is beskryf. Die doel met die vraelys was om inligting te bekom aangaande die tugmaatreëls in die Transvaalse primêre skole ten einde dit te kan evalueer. Die vraelys is gebruik om biografiese gegewens, demografiese gegewens en gegewens oor tugmaatreëls in die primêre skool te bekom. Die response wat ontvang is, is ontleed en afleidings is gemaak.

### 4.2 BEVINDINGS

#### 4.2.1 Die bevindings op grond van die literatuurstudie

- Daar is 'n aantal statutêre regulasies (Regulasie 4 ens.) wat in ag geneem moet word by die toediening van lyfstraf (vergelyk 2.2.1 - 2.2.4).

- Die *in loco parentis*-rol van die onderwyser geld vir sowel binne as buite die klaskamer (vergelyk 2.3.4.1).
- Statutêre bepalings (departementele regulasies en handleidings) moet met die toediening van lyfstraf, skorsing en uitsetting stiptelik nagekom word (vergelyk 2.5).
- Konsekwentheid in die onderwys is belangrik ten opsigte van optrede, gedrag, tug en die toepassing van enige tugmaatreëls (vergelyk 2.5.6).
- Wanneer lyfstraf toegedien word, moet die onderwyser streng volgens Regulasie 4 handel en dit met die nodige oorleg en juridiese riglyne uitvoer (vergelyk 2.9.7).

### 4.2.2 Bevindings van die empiriese ondersoek

Die bevindings wat hier gemaak word, geld slegs vir die Transvaalse primêre laerskole wat die teikengroep was (vergelyk 3.2.6).

- Skoolhoofde is van mening dat juridiese riglyne nagekom moet word betreffende lyfstraf (vergelyk 3.3.4.1 en Tabel 3.6).
- Dit is opmerklik dat die skoolhoofde oorwegend ten gunste is vir 'n gebalanseerde dissiplinêre klimaat, maar ook dat dissiplinehandhawing essensieel in sowel die skool as ouerhuis is (vergelyk 3.3.3.1, 3.3.3.2 en Tabel 3.5).
- Dit is opmerklik dat skoolhoofde feitlik deurgaans op hoogte is met Regulasies 4, 5 en 6 betreffende die toediening van lyfstraf (vergelyk 3.3.4.3 en Tabel 3.6).
- Hoofde beskou skoolreëls as belangrik, omdat dit bydra om dissipline en orde in die skool te vergemaklik (vergelyk 3.3.4.2 en Tabel 3.6).
- Die meeste skoolhoofde is van mening dat lyfstraf nie afgeskaf moet word nie (vergelyk 3.3.4.3 en Tabel 3.6).
- Skorsing en uitsetting van leerlinge vind min plaas in die laerskole (vergelyk 3.3.4.4 en Tabel 3.6).
- Skoolhoofde is in 'n mate verdeeld of skorsing opvoedkundige waarde inhou of nie (vergelyk 3.3.4.4 en Tabel 3.6).
- Skoolhoofde meen dat die doel van straf die toekomstige verbetering van die leerling is (vergelyk 3.3.5.1 en Tabel 3.7).
- Die vernaamste oorwegings wat deur skoolhoofde as belangrik geag word wanneer leerlinge oortredings begaan, is die aard en omvang van oortreding, konsekwentheid van gedrag, die besondere omstandighede waarin die oortreder verkeer het ten tye van die oortreding en redelikheid wanneer die leerling 'n oortreding begaan. Min hoofde maak van vergelding gebruik (vergelyk 3.3.5.2 en Tabel 3.8).
- Daar is bevind dat die belangrikste oorsake van ongedissiplineerdheid die volgende is (vergelyk Tabel 3.9):

- ¤ 'n gebrek aan dissipline, beheer en liefde in die ouerhuis
- ¤ enkel-ouergesinne
- ¤ onderlinge waardeverskille tussen ouers
- ¤ 'n swak selfbeeld by leerlinge
- ¤ prestasiedruk deur die ouers
- ¤ omgewingsfaktore soos woongebied, leefwyse, opvoeding en kwalifikasies van ouers.

- Hoofde oorweeg die volgende by die toediening van lyfstraf:
  - ¤ die geestestoestand van die kind
  - ¤ die fisieke toestand van die kind
  - ¤ of die leerling die geleentheid gegun is om sy saak te stel waarom hy die oortreding begaan het (vergelyk 3.3.6.4 en Tabel 3.13).
- Die skoolhoofde maak grootliks van die onderstaande verbale tugmaatreëls gebruik:
  - ¤ berisping
  - ¤ verbale bestraffing en stemtoon.
- Dit is verder ook opmerklik dat hoofde in 'n mindere mate die volgende gedrag openbaar:
  - ¤ onbeheerste woede
  - ¤ sarkasme (tong in die kies)
  - ¤ blote dreigemente sonder optrede
  - ¤ die gebruik van sjuut-geluide (vergelyk 3.3.6.2 en Tabel 3.11).
- Die meeste hoofde gebruik die volgende vorme van nie-verbale tugmaatreëls: nie-verbale seine (direkte oogkontak) en 'n telefoniese gesprek met die kind se ouers (vergelyk 3.3.6.3 en Tabel 3.12).
- Dit is opmerklik dat 71,5 persent van die respondente van die rottang gebruik maak by die toediening van lyfstraf. Verder wek dit kommer dat daar nog hoofde is wat leerlinge met ongeoorloofde voorwerpe slaan: plat hand (11,1%), 'n rubberpyp (0,46%) en ander (byvoorbeeld liniaal - 9,6%).
- Dit is opmerklik dat feitlik alle skoolhoofde deurgaans rekord hou van straftoediening (Regulasie 4) en sodoende die Regulasie ten volle gehoorsaam (vergelyk 3.3.6.8 en Tabel 3.17).
- Dit is uit die response duidelik dat deurgaans alle leerlinge die toepassing van algemene tugmaatreëls sowel as die toediening van lyfstraf met die regte gesindheid aanvaar (vergelyk 3.3.6.9, 3.3.6.10, Tabel 3.18 en 3.19).

## 4.3 'N EVALUERING VAN TUGMAATREËLS IN DIE SKOOL

Die vernaamste twee riglyne van tugmaatreëls is juridies en opvoedkundig van aard. Die korrekte opvoedkundige riglyne word veral gekleur deur die tugtigingsmotief van verbetering - maar ook in 'n mindere mate deur dié van vergelding en voorkoming (vergelyk 2.4.1 en Tabel 3.7). Aspekte soos 'n liefdevolle gerigtheid by die toepassing van tug en die gepaardgaande oorweging van balans, eenvormigheid en empatie (vergelyk 2.5) kan duidelik binne die gees van hierdie motiewe bespeur word. Die juridiese riglyne word drieledig gekleur deur statutêre, gemeenregtelike en regsprekende bronne (vergelyk 2.3.3, 2.3.4, 2.3.5). By 'n evaluering van regmatige tuguitoefening deur die onderwysbestuurder moet die navolging van hierdie riglyne uiteraard as norm dien.

By 'n evaluering van die benadering van die respondnte met betrekking tot tuguitoefening spreek die volgende aspekte as bewys van 'n juridies-pedagogiese korrektheid en suiwerheid van hulle optrede:

- Dit blyk dat by die skool sowel as by die ouerhuis 'n streng tot redelike streng dissiplinêre klimaat verkies word (vergelyk 3.3.3.1, 3.3.3.2 en Tabel 3.4 en 3.5).
- Dit is duidelik dat die skoolhoofde oorwegend die juridiese determinante en regulasies sowel as skoolreëls stiptelik nakom en ook van mening is dat skoolreëls orde en dissipline vergemaklik (vergelyk 3.3.4.2 en Tabel 3.6).
- Hoofde straf merendeels leerlinge met die motief van toekomstige verbetering (vergelyk 3.3.5.1 en Tabel 3.7).
- Die belangrikste oorwegings in die gedagte van die hoof met 'n leerling se oortreding is die aard en omvang, die besondere omstandighede en die redelikheid wanneer 'n leerling 'n oortreding begaan het (vergelyk 3.3.5.2 en Tabel 3.8).
- Die meeste skoolhoofde straf deurgaans met oorleg en met liefdevolle teregwysing.
- Die mindere oorweging van oorsake van ongedissiplineerdheid is die onpersoonlikheid op skool en in die klas, onsimpatieke gesindhede van onderwysers en vervelige onderrig en onvoorbereide lesse.
- Die respondente maak grootliks van die volgende verbale tugmaatreëls gebruik: berisping, verbale bestraffing en stemtoon (vergelyk 3.3.6.2 en Tabel 3.11).
- Die respondente maak in 'n mindere mate van die volgende verbale tugmaatreëls gebruik: onbeheerste woede, sarkasme ("tong in die kies") (vergelyk 3.3.6.2 en Tabel 3.11).
- Die belangrikste nie-verbale tugmaatreëls wat gebruik word, is die nie-verbale seine (direkte oogkontak) en die telefoniese gesprek met die ouer (vergelyk 3.3.6.3 en Tabel 3.12).
- Oor die algemeen maak die respondente in 'n mindere mate gebruik van die nie-verbale tugmaatreëls: skoolsit, tydelike skorsing en afsondering (vergelyk 3.3.6.3 en Tabel 3.12).

- Dit blyk oorwegend dat die rottang steeds die meeste gebruik word om lyfstraf toe te dien (vergelyk 3.3.6.5).
- Die meeste respondente dien self lyfstraf toe in die kantoor (vergelyk 3.3.6.6).
- Massastraf word in 'n mindere mate toegepas deur die respondente (vergelyk 3.3.6.7).
- Die respondente maak deurgaans gebruik van rekordhouding gedurende die toediening van lyfstraf (vergelyk 3.3.6.8 en Tabel 3.17).
- Die belangrikste waarneembare eienskap by die leerling by toediening van lyfstraf is aanvaarding van die straf (vergelyk 3.3.6.10 en Tabel 3.19).
- Dit was opmerklik dat skorsing baie min plaasvind in die primêre skool (vergelyk 3.3.4 en Tabel 3.6).
- Die respondente is deurgaans van mening dat lyfstraf nie afgeskaf kan word nie weens sy noodsaaklikheid in die onderwys (vergelyk 3.3.4.3 en Tabel 3.6).
- Dit is opmerklik dat die twee uiterste pole van baie streng en glad nie streng van dissiplinêre klimaat by die skool sowel as die huis nie verkies word nie (vergelyk 3.3.3.1 en 3.3.3.2).
- Die respondente is redelik verdeeld oor die vraag of skorsing enige opvoedkundige waarde inhou (vergelyk 3.3.4.4).
- Dit is gerusstellend dat gerigtheid op vergelding baie selde by skoolhoofde voorkom (vergelyk 3.3.5.1).

Hoewel die respondente se benadering gemeet aan die gemelde juridies-pedagogiese riglyne hoofsaaklik korrek en regmatig is, is daar egter ook (in 'n geringe mate) enkele optredes en benaderings van respondente wat nie aan die nodige riglyne voldoen nie (Die skoolhoofde as onderwysleiers behoort hierdie enkele onsuiwerhede ook uit te skakel):

- Daar is skoolhoofde wat onderwysers toelaat om leerlinge te straf in teenwoordigheid van ander leerlinge (vergelyk 3.3.6.6).
- Daar is 'n klein hoeveelheid skoolhoofde wat massastraf toepas sonder om eers seker te maak wie die skuldiges is (vergelyk 3.3.6.7).
- Daar is van die ouers wat mondelinge toestemming gegee het tot die toediening van lyfstraf aan sy kind, maar wat na die toediening van lyfstraf aan sy kind dit nie wil aanvaar nie (vergelyk 3.3.4.3).
- Dit is opmerklik dat daar wel hoofde is wat van ander vorme van verbale tugmaatreëls gebruik maak (Tabel 3.11).
- Daar is van die skoolhoofde wat ook van ander nie-verbale tugmaatreëls gebruik maak wat nie gespesifiseer is nie (vergelyk Tabel 3.12).
- Daar is van die skoolhoofde wat van ander voorwerpe soos liniale, rubberpype en plat planke gebruik maak wat nie volgens die regulasies is nie (vergelyk 3.3.6.5 en Tabel 3.14).

- Daar is wel hoofde wat nie rekord hou van lyfstraftoekenning in die kantoor nie (vergelyk 3.3.6.8).

Die vernaamste probleme wat deur die respondente ervaar word (en as sodanig in 'n oop vraag aangedui is) word by die toepassing van tugmaatreëls soos volg gelys (vergelyk 3.3.6.12):

- Sekere ouers glo glad nie aan lyfstraf vir hulle kinders nie.
- Personeel wat altyd net wil slaan omdat dit die enigste metode van straf vir hulle is, is 'n mate van bekommernis in die onderwys.
- Parmantige dogters bly 'n probleem in die onderwys. Hoe word hulle gestraf?
- Opvoedingsvorme by die huis bots met dié van die skool.
- Personeel ignoreer dikwels die tugregulasies en dien lyfstraf (hoewel matig) in die klas toe.

By 'n evaluering van ouers se benaderings jeens tug het die respondente die volgende gerapporteer:

- Die vernaamste oorsake van ongedissiplineerdheid is 'n gebrek aan ouerlike dissipline, beheer en liefde by die ouerhuis en enkel-ouergesinne (vergelyk 3.3.5.3). Dit stem grootliks ooreen met die navorsing wat in die V.S.A. gedoen is. (Vergelyk 2.7).
- Daar is van die ouers wat mondelinge toestemming gee om hulle kinders te straf indien nodig, maar wanneer die kinders gestraf word, is dit dié ouers wat die straf nie aanvaar nie. Dit is dié ouers wat by die skole moeilikheid maak en baie probleme veroorsaak. (Vergelyk 3.3.5.3).

## 4.4 AANBEVELINGS

### 4.4.1 Aanbevelings ten opsigte van die navorsing

☐ **Aanbeveling 1**

Skoolhoofde behoort 'n onderwysbestuurskwalifikasie met onderwysregtelike inhoude te besit.

Uit die respons blyk dit dat slegs 36 persent van die skoolhoofde in besit is van sodanige kwalifikasie (Tabel 3.2).

Skoolhoofde moet bewus gemaak word van sodanige kwalifikasie en die geleentheid wat daar is om onderwysbestuurskundige en onderwysregkundige kwalifikasies te verwerf. Die verdere diploma in onderwysbestuur kan by die O.K.V.O. of deur 'n nagraadse studie in onderwysbestuur aan enige universiteit gedoen word. Verdere studie word ook in T.O.D. 191 (nuwe evalueringsvorm van onderwysers) aangemoedig.

### ☐ Aanbeveling 2

Die skoolhoofde moet almal kundigheid verwerf met betrekking tot die Regulasie ten opsigte van die voorwerpe/instrumente waarmee lyfstraf toegedien moet word (Tabel 3.14 en vergelyk 2.9.7.5 en 2.9.7.5.5).

Dit is noodsaaklik dat skoolhoofde net van die rottang gebruik maak (vergelyk 3.3.4.3 en 3.3.6.5).

Skoolhoofde moet meer bewus gemaak word van die erns van die instrumente waarmee lyfstraf toegedien moet word. Dit kan byvoorbeeld op hoofdevergaderings bespreek word met Regulasie 4 as basis van lyfstraftoediening, sowel as by die onderwysersentrum. Skoolhoofde kan ook aangemoedig word om Onderwysreg as vak te neem.

### ☐ Aanbeveling 3

Dit is noodsaaklik dat lyfstraf slegs deur die skoolhoof of sy gedelegeerde (byvoorbeeld die adjunkhoof) in die kantoor toegedien word (Tabel 3.15 en vergelyk 2.9.7.5).

Dit is opmerklik dat van die skoolhoofde toelaat dat leerlinge in die klas gestraf word en van die leerlinge deur enige onderwyser gestraf word. Dit is dus teenstrydig met Regulasie 4 van lyfstraftoediening (vergelyk 3.3.5.2). Hoofde kan vir hulle groot probleme, selfs hofsake, op die hals haal.

Skoolhoofde moet dus volgens die Regulasie 4 handel en streng daarby hou. Die inhoud van die regulasie is baie belangrik. Hoofde moet aangemoedig word om die vak Onderwysreg te neem om sodoende die probleme te kan hanteer.

### ☐ Aanbeveling 4

Die ouers se aandag moet daarop gevestig word dat, volgens die mening van die skoolhoofde in die ondersoek die opmerklikste oorsake van ongedissiplineerdheid in die skole 'n gebrek

is aan ouerlike dissipline, beheer en liefde (93,1%)). Enkel-ouergesinne is ook volgens hulle 'n groot bron van sodanige ongedissiplineerdheid (79,9%) (Tabel 3.9).

Uit die respons blyk dat die gebrek aan ouerlike dissipline, beheer en liefde (93,1%) asook enkel-ouergesinne (79,9%) van die grootste oorsake vir ongedissiplineerdheid in die skole is (Tabel 3.9) (vergelyk 2.7 en 3.3.5.3).

Leerlinge en ouers moet ingelig word en ook deur die skool aangemoedig word om meer belangstelling in die huisgesin te toon. Ouers moet ook meer belangstel in die skool-aktiwiteite en sodoende liefde vir sy kind bewerkstellig. Gesinsvoorligtingskursusse wat in sommige laerskole aangebied word, word aanbeveel. Oueraande word ook gebruik om die geleentheid te bespreek.

- ☐ **Aanbeveling 5**

Dissiplinêre klimaat by die skool en ouerhuis moet hand aan hand met mekaar loop (Tabel 3.4 en 3.5 en vergelyk 2.2.3 en 2.8.1).

Dit blyk uit die respons dat (94,2%) uit die skool soveel as (95,3%) uit die ouerhuis redelik streng tot streng dissipline verkies. Dit is belangrik dat die skool en ouerhuis saam-werk wat dissipline betref, want dit bevorder net 'n beter gemeenskap (vergelyk 3.3.3.1 en 3.3.3.2).

Dissiplinêre klimaat kan op 'n oueraand bespreek word en ook in 'n omsendbrief aan die ouerhuis.

- ☐ **Aanbeveling 6**

Lyfstraf aan 'n primêre skool leerling moet nie afgeskaf word nie (vergelyk 2.9.7.5 en Tabel 3.6).

Uit die respons blyk dit dat (92%) van die skoolhoofde van mening is dat lyfstraf nie afgeskaf moet word nie. Uit Tabel 3.9 blyk dat gebrek aan dissiplinering by die ouerhuis een van die grootste oorsake van ongedissiplineerdheid is (vergelyk 3.3.5.3).

Skoolhoofde moet dit op 'n oueraand duidelik aan die ouers stel dat 'n gebrek aan dissipline by die ouerhuis lyfstraf volgens regulasies en vereistes tot gevolg sal hê en dat lyfstraf dus nie afgeskaf kan word nie, omdat dit noodsaaklik is in die skool.

□ **Aanbeveling 7**

Verbale en nie-verbale wyses van tuguitoefening moet verder in die skole verfyn word (Tabel 3.11 en 3.12 en vergelyk 2.9.1 - 2.9.6).

Dit blyk uit die respons dat stemtoon (89,4%), humor wat as vermaning dien (71,7%), berisping (92,6%), nie-verbale seine (direkte oogkontak) (80,8%) en die telefoniese gesprek met ouers van die kind (79,5%) die belangrikste verbale en nie-verbale tugmaatreëls is waarvan daar gebruik gemaak word (vergelyk 3.3.6.2 en 3.3.6.3).

Die personeel moet met indiensopleiding gewys word op die verskillende maniere van verbale en nie-verbale tugmaatreëls in die skool en hoe dit verfyn moet word.

### 4.4.2 Aanbevelings vir verdere navorsing

Vir verdere navorsing kan aandag aan die volgende geskenk word:

- Parmantige dogters bly 'n probleem. Wat kan gedoen word om die saak op te los?
- Die opstel van 'n program vir ouerbetrokkenheid met betrekking tot lyfstraf, tug en dissipline.

## 4.5 SLOTOPMERKING

In hierdie hoofstuk is 'n samevatting gemaak van Hoofstuk 1 tot en met Hoofstuk 4. In Hoofstuk 4 is die bevindings en aanbevelings gemaak van die literatuur en die empiriese navorsingsaspekte. Aanbevelings is gemaak deur response.

Bevindings en aanbevelings is gemaak om Hoofstuk 4 mee af te sluit. Die navorser het alle bevindings en aanbevelings deeglik nagevors.

# BIBLIOGRAFIE


BAKER, K. 1985. Research evidence of a school discipline problem. *Phi delta kappan*, 66(7):482-487, Mar.

BARTH, R.S. 1980. Disciple: if you do that again. *Phi delta kappan*, 61(6):398-400, Febr.

BAUER, G.L. 1985. Restoring order to the public schools. *Phi delta kappan*, 66(7):488-490, Mar.

BEKKER, J. 1963. Verantwoorde skooltug. Kaapstad : HAUM.

BESTER, C.L. 1978. 'n Persoonlikheidsvergelykende studie van voorstanders en teenstanders van lyfstraf. Pretoria : RGN.

BLACK, H.C. 1979. Black's law dictionary. 5e uitg. St. Paul : West.

BOBERG, P.Q.R. 1977. The law of persons and the family. Kaapstad : Juta.

BONDESIO, M.J., BECKMANN, J.R., OOSTHUIZEN, I.J., PRINSLOO, J.G. & VAN WYK, J.G. 1989. Juridiese toerusting vir die onderwysprofessie. Pretoria : J P van der Walt.

BORG, W.R. & GALL, M.D. 1979. Educational research: an introduction. New York : Longman.

BORST, C.B. 1980. Opvoedkunde II (Didaktiek) Gids 4. Pretoria : Unisa.

BRAY, W. 1988. Juridiese aspekte van onderwys-, skool- en klasbestuur. Pretoria : Unisa.

BRAY, W., VAN WYK, J.G. & OOSTHUIZEN, I.J. 1989. Regspraak oor die onderwys. Durban : Butterworths.

BYBEL. 1975. Die Bybel: ou vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

BYBEL. 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CAWOOD, J., STRYDOM, A.H. & VAN LOGGERENBERG, H.T. 1981. Doeltreffende onderwys. Pretoria : Veritas.

COOK, D. & DUNHILL, J. 1963. School organisation and management. London : University of London Press.

CRONJE, G. 1976. Die jeugoortreder in die gemeenskap. Pretoria : Unisa.

DE VILLIERS, M., *red.* 1988. Nasionale woordeboek van Afrikaanse woordverklaring. Pretoria : Nasou.

DE WET, J.J., MONTEITH, J.L. DE K., STEYN, H.S. & VENTER, P.A. 1981. Navorsingsmetodes in die opvoedkunde. Pretoria : Butterworths.

DU TOIT, J.J. 1945. Tug, vryheid en straf in die opvoeding. Bloemfontein : UKOVS.

DU TOIT, J.J. 1952. Vryheid en gesag in die opvoeding: histories en krities. Potchefstroom. (Proefskrif (D.Ed.) - PU vir CHO.)

GUNTER, C.F.G. 1979. Aspekte van die teoretiese opvoedkunde. Stellenbosch : Universiteituitgewers.

HAT
kyk
ODENDAL, F.F., *red.*

HOLDSTOCK, L. & KENDALL, F. 1989a. Lyfstraf en aaklige gevolge. *Rooi Rose*:18-19, Febr. 1.

HOLDSTOCK, L. & MARGOW, R. 1989b. Doen slae meer kwaad as goed? *Sarie*:70-71, Jun. 28.

HOSTEN, W.J., EDWARDS, A.B., NATHAN, C. & BOSMAN, F. 1979. Inleiding tot die Suid-Afrikaanse reg en regsleer. Durban : Butterworths.

HYMAN, I.A. & D'ALESSANDRO, J. 1984. Good, oldfashioned discipline: the politics of puritiveness. *Phi delta kappan*, 66(1):39-43, Sept.

KRUGER, M.A. & KRAUSE, F.J.R. . 1968. Kind en skool. Potchefstroom : Pro Rege.

LANDMAN, W.A. 1978. Opvoedkunde vir onderwysstudente. Stellenbosch : Universiteituitgewers.

LANDMAN, W.A. *red.* 1980. Inleiding tot die opvoedkundige navorsingspraktyk. Pretoria : Butterworths.

MCDANIEL, T.R. 1986. A primer on classroom discipline: principles old and new. *Phi delta kappan*, 68(1):63-67, Sept.

MORGAN, K. 1984. Calm discipline. *Phi delta kappan*, 66(1):53-54, Sept.

MULLER, C.B. 1981. Pedagogiese strafmaatreëls. *Onderwysbulletin*, 25(2):25-41, Aug.

MUNISIPALE JAARBOEK. 1990. Die amptelike Suid-Afrikaanse munisipale jaarboek. Craighall : Helm.

NASIONALE WOORDEBOEK
kyk
DE VILLIERS, M. *red.*

NASSP. 1982. Teacher behaviours can promote discipline problems. *News leader*, 29(8):6, April.

ODENDAL, F.F., *red.* 1984. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg : Perskor.

OOSTHUIZEN, I.J. 1989. Die onderwyser en die ouergemeenskap. (*In* Bondesio, M.J. *et al.*, Juridiese toerusting vir die onderwysprofessie.)

OOSTHUIZEN, I.J. 1990. Die onderwyser en die leerling. (*In* Van der Westhuizen, P.C. *et al.*, Die beginneronderwyser: 'n bestuursjuridiese perspektief.)

OOSTHUIZEN, I.J. & BONDESIO, M.J. 1988. Die reg in die onderwyspraktyk. Pretoria : Academia.

REGSPRAAK: SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE. R v. Scheepers 1915 AD338.

REGSPRAAK: SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE. R v. Muller 1948 (4), SA 848 (O).

REGSPRAAK: SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE. S v. Meeuwis 1970 (4), SA 532 (T)

RICH, J.M. 1988. Punishment and classroom control: the clearing house. *The clearing house*, 61(6):261-264, Febr.

SHRIGLEY, R.L. 1985. Curling student disruption in the classroom: teachers need intervention skills. *NASSP bulletin*, 69(4790):26-32, March.

SMIT, R.J. & KILIAN, C.J.G. 1973. Onderwysende opvoeding. Pretoria : N.G. Boekhandel.

SNYMAN, C.R. 1986. Strafreg. 2e uitg. Durban : Butterworths.

SNYMAN, J.L. & MORKEL, D.W. 1988. Strafprosesreg. Johannesburg : Juta.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1988. Wet op Onderwysaangeleenthede, no. 70 van 1988. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKAANSE MUNISIPALE JAARBOEK. 1990. Die mees gesaghebbende riglyne vir plaaslike bestuur. HELM : Johannesburg.

TEICHLER, M.G. 1982. Enkele bestuursfunksies van die sekondêre skoolhoof met spesiale verwysing na interpersoonlike verhoudingstigting. Potchefstroom. (Proefskrif (D.Ed.) - PU vir CHO.)

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. 1986. Handleiding vir algemene skoolorganisasie.

VAN DER WALT, J.L. & DEKKER, E.I. 1982. Fundamentele opvoedkunde vir onderwysstudente. Potchefstroom : Pro-Media.

VAN DER WALT, J.L. & DEKKER, E.I. 1983. Fundamentele opvoedkunde vir onderwysstudente. Potchefstroom : Pro-Media.

VAN DER WESTHUIZEN, D.C. 1984. Die regsposisie van die skoolgaande kind. Pretoria. (Verhandeling (B.Ed.) UNISA.)

VAN DER WESTHUIZEN, P.C. 1985. Die vraelys as navorsingsinstrument. Potchefstroom. (Klasaantekeninge: M.Ed.)

VAN DER WESTHUIZEN, P.C. 1986. Onderwysbestuurstake. (*In* Van der Westhuizen, P.C. *red.* Onderwysbestuur: grondslae en riglyne. Pretoria : HAUM.)

VAN DER WESTHUIZEN, P.C., LOOTS, Z.B., MENTZ, P.J., OOSTHUIZEN, I.J. & THERON, A.M.C. 1990. Die beginneronderwyser: 'n bestuursjuridiese perspektief. Potchefstroom : PU vir CHO. (Diktaat D 125/90)

VAN WYK, J.G. & DE WITT, J.T. 1982. Studiegids vir B.Ed.: onderwysbestuur. Pretoria : Unisa.

WAYSON, W.W. & LASLEY, T.J. 1984. Climates for excellence: schools that foster selfdiscipline. *Phi delta kappan*, 65(6):419-421, Febr.

WETTE
kyk
SUID-AFRIKA (Republiek)

WIECHERS, M. 1984. Administratiefreg. 2e uitg. Durban : Butterworths.

# BYLAE A

KAART NR. 1 (1)

Vraelysnommer | | | | (2-4)

# VRAELYS AAN HOOFDE VAN PRIMÊRE SKOLE

**Algemene aanwysings**

- Die doel van hierdie vraelys is om u siening ten opsigte van tugmaatreëls by die blanke Transvaalse Primêre skole te bepaal.
- Die vraelys moet deur die hoof beantwoord word.
- Die inligting wat met die vraelys bekom word, word slegs vir navorsingsdoeleindes gebruik en sal streng vertroulik behandel word.
- Elke vraag moet asseblief beantwoord word.
- 'n Vraag word beantwoord deur 'n kruisie in die toepaslike blokkie te trek.

## AFDELING A

**Vraag 1: Biografiese besonderhede** (*Trek asseblief 'n kruisie in die toepaslike blokkie*)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | Ouderdom: | | | |
| | Jonger as 25 jaar | | 1 | (5) |
| | 26-30 jaar | | 2 | |
| | 31-35 jaar | | 3 | |
| | 36-45 jaar | | 4 | |
| | 46-55 jaar | | 5 | |
| | Ouer as 56 jaar | | 6 | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.2 | Jare ondervinding as Hoof: | | | |
| | 0-3 jaar | | 1 | (6) |
| | 4-7 jaar | | 2 | |
| | 8-11 jaar | | 3 | |
| | Langer as 12 jaar | | 4 | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.3 | Aanstelling as Hoof: | | | |
| | Permanent | | 1 | (7) |
| | Waarnemend | | 2 | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.4 | Kategorie-indeling: | | | |
| | C | | 1 | (8) |
| | D | | 2 | |
| | E | | 3 | |
| | F | | 4 | |
| | G | | 5 | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.5 | Beskik u oor 'n onderwysbestuurskwalifikasie? | | | |
| | Ja | | 1 | (9) |
| | Nee | | 2 | |
| | Indien wel, meld asseblief: | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.6 | Geslag | | | |
| | Manlik | | 1 | (10) |
| | Vroulik | | 2 | |

## AFDELING B

**Vraag 2: Demografiese besonderhede** (*Trek asseblief 'n kruisie in die toepaslike blokkie*)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 2.1 | Aantal leerlinge in die skool: | | | |
| | 50-100 leerlinge | | 1 | (11) |
| | 101-200 leerlinge | | 2 | |
| | 201-300 leerlinge | | 3 | |
| | 301-400 leerlinge | | 4 | |
| | 401-500 leerlinge | | 5 | |
| | 501-600 leerlinge | | 6 | |
| | 601-700 leerlinge | | 7 | |
| | 701-800 leerlinge | | 8 | |
| | Meer as 801 leerlinge | | 9 | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 2.2 | Ligging van skool (*Dui asseblief die naam van u dorp/stad aan*): | | | |
| | Stedelik (Johannesburg, Pretoria ens.)........................................ | | 1 | (12) |
| | Semi-stedelik (Klerksdorp, Middelburg ens.)............................. | | 2 | |
| | Plattelands (Carolina, Lydenburg ens.)....................................... | | 3 | |

**AFDELING C**

**Vraag 3** (*Trek asseblief 'n kruisie in die toepaslike blokkie*)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3.1 | Hoe verkies u die *dissiplinêre klimaat* by u skool? | | | |
| | Baie streng | | 1 | (13) |
| | Streng | | 2 | |
| | Redelik streng | | 3 | |
| | Glad nie streng nie | | 4 | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3.2 | Hoe verkies u die *dissiplinêre klimaat* in die kind se ouerhuis? | | | |
| | Baie streng | | 1 | (14) |
| | Streng | | 2 | |
| | Redelik streng | | 3 | |
| | Glad nie streng nie | | 4 | |

**Vraag 4** (*Trek asseblief 'n kruisie in die toepaslike blokkie*)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4.1 | Is dit belangrik dat die *juridiese riglyne* van *lyfstraf* nagekom moet word? | | | |
| | Ja | | 1 | (15) |
| | Nee | | 2 | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4.2 | Is u op hoogte met die *regulasie* betreffende die toediening van *lyfstraf* (Regulasie 4) (No. R.704)? | | | |
| | Ja | | 1 | (16) |
| | Nee | | 2 | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4.3 | Is u op hoogte met *Regulasie 5 (No. R.704)* betreffende die skorsing van leerlinge? | | | |
| | Ja | | 1 | (17) |
| | Nee | | 2 | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4.4 | Is u op hoogte met *Regulasie 6 (No. R.704)* betreffende die uitsetting van leerlinge? | | | |
| | Ja | | 1 | (18) |
| | Nee | | 2 | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4.5 | Is *skoolreëls* belangrik vir u in die skool? | | | |
| | Ja | | 1 | (19) |
| | Nee | | 2 | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4.6 | Vind u dat die *skoolreëls* dissipline en orde in die skool vergemaklik? | | | |
| | Ja | | 1 | (20) |
| | Nee | | 2 | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4.7 | Moet *lyfstraf afgeskaf* word? | | | |
| | Ja | | 1 | (21) |
| | Nee | | 2 | |
| | Motiveer u antwoord: | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4.8 | Benut u die ouer(s) se *mondelinge toestemming* tot lyfstraf van sy kind(ers)? | | | |
| | Ja | | 1 | (22) |
| | Nee | | 2 | |
| | Motiveer u antwoord: | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4.9 | Ervaar u dat sodanige ouer(s) dan sodanige *lyfstraf* van die kind(ers) aanvaar? | | | |
| | Ja | | 1 | (23) |
| | Nee | | 2 | |
| | Spesifiseer ouer(s) se reaksie: | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4.10 | Het *skorsing* al in u skool plaasgevind? | | | |
| | Ja | | 1 | (24) |
| | Nee | | 2 | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4.11 | Het *uitsetting* al in u skool plaasgevind? | | | |
| | Ja | | 1 | (25) |
| | Nee | | 2 | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4.12 | Sou u sê daar is opvoedkundige waarde in om 'n leerling te *skors*? | | | |
| | Ja | | 1 | (26) |
| | Nee | | 2 | |
| | Motiveer u antwoord: | | | |

**Vraag 5**

Oorweeg die onderskeie alternatiewe in hierdie vraag deur 'n kruisie by die antwoord van u keuse te plaas.

Altyd - 1
Dikwels - 2
Selde - 3
Nooit - 4

| 5.1 Hoe gereeld *straf* u leerlinge terwyl die volgende motiewe by u aanwesig is: | Altyd | Dikwels | Selde | Nooit | |
|---|---|---|---|---|---|
| 5.1.1 Vergelding | 1 | 2 | 3 | 4 | (27) |
| 5.1.2 Toekomstige verbetering van die leerling | 1 | 2 | 3 | 4 | (28) |
| 5.1.3 Afskrikmiddel vir toekomstige oortredings | 1 | 2 | 3 | 4 | (29) |
| 5.1.4 Ander (*spesifiseer*): | 1 | 2 | 3 | 4 | (30) |

| 5.2 Hoe dikwels hou u van die volgende *oorwegings* in gedagte wanneer die leerling 'n *oortreding* begaan het, en u *tugmaatreëls moet toepas*? | Altyd | Dikwels | Selde | Nooit | |
|---|---|---|---|---|---|
| 5.2.1 Die aard en omvang van oortreding | 1 | 2 | 3 | 4 | (31) |
| 5.2.2 Die besondere omstandighede waarin die oortreder verkeer | 1 | 2 | 3 | 4 | (32) |
| 5.2.3 Redelikheid | 1 | 2 | 3 | 4 | (33) |
| 5.2.4 Gelyke strawwe vir gelyke oortredings | 1 | 2 | 3 | 4 | (34) |
| 5.2.5 Die uniekheid en andersoortigheid wat opgesluit lê in die indiwidu | 1 | 2 | 3 | 4 | (35) |
| 5.2.6 'n Gerigtheid op vergelding | 1 | 2 | 3 | 4 | (36) |
| 5.2.7 'n Gerigtheid op toekomstige verbetering | 1 | 2 | 3 | 4 | (37) |
| 5.2.8 Die konsekwentheid van gedrag (wat vandag onaanvaarbaar is, is môre ook onaanvaarbaar) | 1 | 2 | 3 | 4 | (38) |

| 5.3 | Hoe dikwels is ondergenoemde faktore moontlike *oorsake van ongedissiplineerdheid* in u skool? | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Altyd | Dikwels | Selde | Nooit | |
| 5.3.1 | 'n Gebrek aan ouerlike dissipline, beheer en of liefde by die ouerhuis | 1 | 2 | 3 | 4 | (39) |
| 5.3.2 | Enkelgesinne (moeder of vader) | 1 | 2 | 3 | 4 | (40) |
| 5.3.3 | Onderlinge waardeverskille tussen ouers | 1 | 2 | 3 | 4 | (41) |
| 5.3.4 | 'n Swak selfbeeld by die leerling | 1 | 2 | 3 | 4 | (42) |
| 5.3.5 | Prestasiedruk van sy ouderdomsgroep | 1 | 2 | 3 | 4 | (43) |
| 5.3.6 | Prestasiedruk van sy ouers | 1 | 2 | 3 | 4 | (44) |
| 5.3.7 | Oorbevolking in sekere huise (bv. gesinne wat noodgedwonge saamwoon) | 1 | 2 | 3 | 4 | (45) |
| 5.3.8 | Omgewingsfaktore soos woongebied, leefwyse, opvoeding en kwalifikasies | 1 | 2 | 3 | 4 | (46) |
| 5.3.9 | Blootstelling aan misdaad en geweld | 1 | 2 | 3 | 4 | (47) |
| 5.3.10 | 'n Gebrek aan studeerplek | 1 | 2 | 3 | 4 | (48) |
| 5.3.11 | Die onpersoonlikheid op skool (groot klasse, geen persoonlike kontak) | 1 | 2 | 3 | 4 | (49) |
| 5.3.12 | Onbuigsame, onsimpatieke en onsensitiewe gesindhede van onderwysers | 1 | 2 | 3 | 4 | (50) |
| 5.3.13 | Onderwysers wat negatief ingestel is teenoor leerlinge, bevorder negatiewe gedrag by leerlinge | 1 | 2 | 3 | 4 | (51) |
| 5.3.14 | Waardeverskille tussen die onderwyser en leerlinge | 1 | 2 | 3 | 4 | (52) |
| 5.3.15 | 'n Skoolfobie by leerlinge weens hulle onvermoë om die skoolwerk baas te raak | 1 | 2 | 3 | 4 | (53) |
| 5.3.16 | Vervelige onderrig en onvoorbereide lesse wat deur die opvoeder aangebied word | 1 | 2 | 3 | 4 | (54) |
| 5.3.17 | Sekere gedragsafwykings onder sy leerlinge soos bv. diefstal | 1 | 2 | 3 | 4 | (55) |
| 5.3.18 | Ander (*spesifiseer*): | 1 | 2 | 3 | 4 | (56) |

5.4 Hoe gereeld pas u *liefdevolle teregwysing* in die volgende vorme toe:

| | Altyd | Dikwels | Selde | Nooit | |
|---|---|---|---|---|---|
| 5.4.1 'n Onderhoudvoering met die leerling om die oorsaak vas te stel | 1 | 2 | 3 | 4 | (57) |
| 5.4.2 Die stigting van 'n vertrouensverhouding tussen leerling en opvoeder | 1 | 2 | 3 | 4 | (58) |
| 5.4.3 Teregwysing in die lig van u kennis van die kind | 1 | 2 | 3 | 4 | (59) |
| 5.4.4 Die eerbiedwaardige hantering van die kind deur opvoeder | 1 | 2 | 3 | 4 | (60) |
| 5.4.5 'n Liefdevolle straf vir sy oortreding wat hy gedoen het | 1 | 2 | 3 | 4 | (61) |
| 5.4.6 Ander (*spesifiseer*): | 1 | 2 | 3 | 4 | (62) |

5.5 Van watter vorme van *verbale tugmaatreëls* maak u gebruik?

| | Altyd | Dikwels | Selde | Nooit | |
|---|---|---|---|---|---|
| 5.5.1 Sjuut-geluide | 1 | 2 | 3 | 4 | (63) |
| 5.5.2 Stemvolume | 1 | 2 | 3 | 4 | (64) |
| 5.5.3 Stemtoon | 1 | 2 | 3 | 4 | (65) |
| 5.5.4 Spraaktempo | 1 | 2 | 3 | 4 | (66) |
| 5.5.5 Sarkasme (tong in die kies) | 1 | 2 | 3 | 4 | (67) |
| 5.5.6 Humor wat as vermaning dien | 1 | 2 | 3 | 4 | (68) |
| 5.5.7 Woordelike bestraffing | 1 | 2 | 3 | 4 | (69) |
| 5.5.8 Berisping | 1 | 2 | 3 | 4 | (70) |
| 5.5.9 Blote dreigemente sonder optrede | 1 | 2 | 3 | 4 | (71) |
| 5.5.10 Onbeheerde woede | 1 | 2 | 3 | 4 | (72) |
| 5.5.11 Histeriese uitbarsting/skreeu | 1 | 2 | 3 | 4 | (73) |
| 5.5.12 Rapportering van 'n leerling (aan die hoof) | 1 | 2 | 3 | 4 | (74) |
| 5.5.13 Ander (*spesifiseer*): | 1 | 2 | 3 | 4 | (75) |

5.6 Hoe dikwels maak u van die volgende *nie-verbale tugmaatreëlsvorme* gebruik?

| | Altyd | Dikwels | Selde | Nooit | |
|---|---|---|---|---|---|
| 5.6.1 Isolering (afsondering) | 1 | 2 | 3 | 4 | (2) |
| 5.6.2 Ontneem van voorregte (bv. 'n opvoedkundige uitstappie) | 1 | 2 | 3 | 4 | (3) |
| 5.6.3 Skoolsit | 1 | 2 | 3 | 4 | (4) |
| 5.6.4 Tydelike skorsings van 'n aktiwiteit (bv. rugbywedstryd) | 1 | 2 | 3 | 4 | (5) |
| 5.6.5 Strafwerk | 1 | 2 | 3 | 4 | (6) |
| 5.6.6 Nie-verbale seine (bv. direkte oogkontak) | 1 | 2 | 3 | 4 | (7) |
| 5.6.7 Telefoniese gesprek met ouer van kind | 1 | 2 | 3 | 4 | (8) |
| 5.6.8 Ander (*spesifiseer*): | 1 | 2 | 3 | 4 | (9) |

5.7 Hoe dikwels neem u die volgende aspekte van *lyfstraf* in ag voordat u *werklik lyfstraf* toedien?

| | Altyd | Dikwels | Selde | Nooit | |
|---|---|---|---|---|---|
| 5.7.1 Die geestestoestand van die kind | 1 | 2 | 3 | 4 | (10) |
| 5.7.2 Die fisieke toestand van die kind | 1 | 2 | 3 | 4 | (11) |
| 5.7.3 Het die leerling geleentheid gekry om sy saak te stel waarom hy die oortreding begaan het | 1 | 2 | 3 | 4 | (12) |
| 5.7.4 Ander (*spesifiseer*): | 1 | 2 | 3 | 4 | (13) |

5.8 Hoe dikwels gebruik u die volgende *voorwerpe (instrumente)* om *lyfstraf* aan leerlinge toe te dien?

| | Altyd | Dikwels | Selde | Nooit | |
|---|---|---|---|---|---|
| 5.8.1 Rottang | 1 | 2 | 3 | 4 | (14) |
| 5.8.2 Gladde lat | 1 | 2 | 3 | 4 | (15) |
| 5.8.3 Plat plank | 1 | 2 | 3 | 4 | (16) |
| 5.8.4 Rubberpyp (laboratorium) | 1 | 2 | 3 | 4 | (17) |
| 5.8.5 Ander (*spesifiseer*): | 1 | 2 | 3 | 4 | (18) |

| 5.9 | Hoe verkies u moet *lyfstraf* plaasvind in die skool? | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Altyd | Dikwels | Selde | Nooit | |
| 5.9.1 | Deur uself | 1 | 2 | 3 | 4 | (19) |
| 5.9.2 | In die klas deur 'n onderwyser, deur u gedelegeer (in die teenwoordigheid van ander kinders) | 1 | 2 | 3 | 4 | (20) |
| 5.9.3 | Deur die adjunkhoof, deur u gedelegeer, in die kantoor | 1 | 2 | 3 | 4 | (21) |
| 5.9.4 | Deur enige ander onderwyser, nie in u teenwoordigheid nie | 1 | 2 | 3 | 4 | (22) |
| 5.9.5 | Ander (*spesifiseer*): | 1 | 2 | 3 | 4 | (23) |

| 5.10 | Hoe dikwels straf u u klas wat onordelik was in u afwesigheid gedurende klasperiode? | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Altyd | Dikwels | Selde | Nooit | |
| 5.10.1 | Met massastraf | 1 | 2 | 3 | 4 | (24) |
| 5.10.2 | Maak eers baie seker wie die oortreder was en straf dan die skuldige | 1 | 2 | 3 | 4 | (25) |
| 5.10.3 | 'n Ander metode (*spesifiseer*): | 1 | 2 | 3 | 4 | (26) |

| 5.11 | Hoe gereeld hou u *rekord* van die volgende gegewens wanneer u 'n leerling *lyfstraf* toedien? | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Altyd | Dikwels | Selde | Nooit | |
| 5.11.1 | Naam van leerling | 1 | 2 | 3 | 4 | (27) |
| 5.11.2 | Ouderdom van leerling | 1 | 2 | 3 | 4 | (28) |
| 5.11.3 | Die rede van die straf | 1 | 2 | 3 | 4 | (29) |
| 5.11.4 | Aantal houe toegedien (maksimum van vyf houe) | 1 | 2 | 3 | 4 | (30) |
| 5.11.5 | Die datum van straf toegedien | 1 | 2 | 3 | 4 | (31) |
| 5.11.6 | Naam van persoon wat straf toegedien het | 1 | 2 | 3 | 4 | (32) |

5.12 Hoe dikwels is van die volgende *eienskappe waarneembaar* gedurende uitoefening van algemene tugmaatreëls?

| | Altyd | Dikwels | Selde | Nooit | |
|---|---|---|---|---|---|
| 5.12.1 Aanvaarding | 1 | 2 | 3 | 4 | (33) |
| 5.12.2 Parmantigheid | 1 | 2 | 3 | 4 | (34) |
| 5.12.3 Opstandigheid | 1 | 2 | 3 | 4 | (35) |
| 5.12.4 Aggressiwiteit | 1 | 2 | 3 | 4 | (36) |
| 5.12.5 Traak-my-nie-agtigheid | 1 | 2 | 3 | 4 | (37) |
| 5.12.6 Emosieloosheid | 1 | 2 | 3 | 4 | (38) |
| 5.12.7 Ander (*spesifiseer*): | 1 | 2 | 3 | 4 | (39) |

5.13 Hoe dikwels is van die volgende *eienskappe waarneembaar* gedurende die toediening van *lyfstraf* as 'n besondere vorm van tugmaatreëls?

| | Altyd | Dikwels | Selde | Nooit | |
|---|---|---|---|---|---|
| 5.13.1 Aanvaarding | 1 | 2 | 3 | 4 | (40) |
| 5.13.2 Parmantigheid | 1 | 2 | 3 | 4 | (41) |
| 5.13.3 Opstandigheid | 1 | 2 | 3 | 4 | (42) |
| 5.13.4 Aggressiwiteit | 1 | 2 | 3 | 4 | (43) |
| 5.13.5 Traak-my-nie-agtigheid | 1 | 2 | 3 | 4 | (44) |
| 5.13.6 Emosieloosheid | 1 | 2 | 3 | 4 | (45) |
| 5.13.7 Ander (*spesifiseer*): | 1 | 2 | 3 | 4 | (46) |

5.14 Watter *tipe probleme* ervaar u ten opsigte van die *toepassing van tugmaatreëls* in die skool? *Spesifiseer:*

# BYLAE B

POSBUS 1249
SPRINGS
1560
17 Junie 1991

DIE UITVOERENDE DIREKTEUR
TRANSVAALSE ONDERWYS DEPARTEMENT
PRIVAATSAK X76
PRETORIA
0001

Dr. Coetzee (Buro vir Onderwysnavorsing)

**Insake: Vraelys aan Hoofde van primêre skole - Evaluering van Tugmaatreëls by Transvaalse primêre skole**

Aangesien ek tans besig is met 'n M.Ed-navorsing vra ek toestemming om die vraelyste aan Hoofde van Transvaalse primêre skole te stuur en te laat voltooi.

Die vraelyste sal waar moontlik gepos of persoonlik oorhandig word vir afhandeling.

Alle inligting van skole sal vertroulik wees en geen skool se naam sal bekend gemaak word nie.

Dankie vir u samewerking in hierdie verband.

Die uwe

W.H. Bayliss

W.H. BAYLISS

# BYLAE C

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR
DEPARTMENT OF EDUCATION AND CULTURE
ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD
ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT
TRANSVAAL EDUCATION DEPARTMENT
BURO VIR ONDERWYSNAVORSING

Navrae: Enquiries: Dr. P.W. Möller
Verw.: Ref.: TOA 9-7-2/84/91
Tel.: (012) 317-4057

TOD-gebou
TED Building
Privaatsak X76
Private Bag X76
PRETORIA 0001

21 Junie 1991

Mnr. W.H. Bayliss
Posbus 1249
SPRINGS
1560

Geagte Mnr. Bayliss

**INVUL VAN 'N VRAELYS DEUR HOOFDE VAN AFRIKAANSMEDIUM-PRIMêRE SKOLE OM TUGMAATREëLS BY TRANSVAALSE PRIMêRE SKOLE TE EVALUEER**

U versoek gedateer 17 Junie 1991, asook 'n besoek aan die Buro vir Onderwysnavorsing op 20 Junie 1991, het betrekking.

Die Transvaalse Onderwysdepartement verleen hiermee aan u toestemming om die gewysigde vraelys deur hoofde van Afrikaansmedium-primêre skole in Transvaal te laat invul.

Die toestemming is onderworpe aan die volgende voorwaardes:

- U moet self die samewerking van die betrokke skoolhoofde verkry.
- U moet hierdie brief aan die skoolhoofde toon as bewys dat u die Departement se toestemming verkry het om die ondersoek uit te voer, maar u mag dit nie gebruik om samewerking te probeer afdwing nie.
- Die name van skole, betrokkenes en medewerkers mag nie in u skripsie vermeld word nie.
- Na voltooiing van die skripsie moet u die Departement asseblief van 'n gebinde kopie daarvan voorsien. Dit sal baie waardeer word indien u 'n artikel wat op u navorsing gebaseer is vir moontlike plasing in die Onderwysbulletin aan die Buro vir Onderwysnavorsing sal voorlê.

U word sterkte met u studie toegewens.

Namens UITVOERENDE DIREKTEUR: ONDERWYS

# BYLAE D

PC/

Posbus 1249
SPRINGS
1560

30 Junie 1991

Geagte Hoof

Ondergetekende is tans besig met 'n M. Ed. studie aan die P.U. vir C.H.O. Die doel van die navorsing is om die evaluering van tugmaatreëls by opvoedende onderwys van die primêre skoolkind deur middel van 'n vraelys te probeer bepaal. In die uitvoering van die ondersoek benodig ek al die hoofde van primêre blanke skole se samewerking ten einde die ondersoek te voltooi. Die Transvaalse Onderwysdepartement het toestemming verleen vir die invul van hierdie vraelys. Sal u as hoof asseblief so vriendelik wees om die aangehegte vraelys in te vul.

U naam word nêrens op die vraelys ingevul nie en alle inligting word vertroulik behandel. U word derhalwe vriendelik gevra om die vraelys openhartig in te vul en u eerlike mening oor elke vraag te gee.

'n Vriendelike beroep word op u gedoen om die vraelys voor VRYDAG 9 AUGUSTUS 1991 in die geadresseerde koevert terug te stuur, aangesien die verwerking van resultate heelwat tyd in beslag neem.

Hierdie navorsing is afgestem op die belange van die kind en derhalwe word u as hoof se begrip en samewerking destemeer waardeer.

Ek onderneem om na voltooiing van my navorsing bepaalde riglyne oor evaluering van tugmaatreëls aan belanghebbendes beskikbaar te stel.

Die uwe

W.H. Bayliss ....................

W.H. BAYLISS.